Vrye Weekblad

26 APRIL - 2 MEI 1991 PRYS:R1,50 (R1,33 + 17C AVB)

SILENCE OF THE LAMBS

Die mens se diepste vrese

AK47's in die townships: SA betaal die prys • HS van Blerk praat openlik • Mandela is 'n Christen, sê prof Johan Heyns • Ons ís almal so, sê Jeanne Goosen • Kan Borg die tennispyp weer rook? • The quest for Satan • Miriam sing, maar waar was die trane?

INHOUD

5 Waar kom die AK47's in die townships vandaan?
6 The Silence of the Lambs: Psigopate in Suid-Afrika
7 Audrey Brown oor die Winnie-verhoor
8 HS van Blerk praat met Hennie Serfontein
9 Ter suide
10 Boesak en die ANC
11 Hoe het my aanvallers geweet ek is daar?
12 Jeanne Goosen praat met Pearlie Joubert
14 Keur-vakatures
15 Dié politieke winde het gaan lê
16 Wêreldnuus
18 Dié week op TV
19 Elmari Rautenbach oor dié week op TV
20 Tinus Horn se sportrubriek
21 Sport: Kan Bjorn Borg weer die pyp rook?
22 The quest for Satan
23 Audrey Brown wonder waar was die trane by Makeba se konsert?
24 Dié Duitsers wys jou wat jy mis, deur Henning Viljoen
25 SABC is still biased
26 Kleinadvertensies
27 Wat wys waar?
28 Egbertus Klaagvoort Greentalk deur Mike Kantey
29 Geloofspraatjies deur David Bosch Regspraatjies deur Jurie de Wet
30 Beplan jou naweek saam met die kenners

VWB
NUUSTYDSKRIF

VRYE WEEKBLAD IS 'N ONAFHANKLIKE WEEKLIKSE NUUSTYDSKRIF WAT UITGEGEE WORD DEUR WENDING PUBLIKASIES BEPERK (REG. NO. 88/40168/06).
WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS: BREESTRAAT 153, NEWTOWN, JOHANNESBURG. DIE POSADRES IS: POSBUS 177, NEWTOWN 2113.
DIE TELEFOONNOMMER IS (011) 836 2151 EN DIE FAKSNOMMER 838 5901. DIE KAAPSTAD-KANTOOR SE TELEFOONNOMMER IS (021) 47 8960 OF 47 8819, EN DIE PRETORIA-KANTOOR (012) 834 879.

REDAKTEUR: MAX DU PREEZ
ASSISTENT-REDAKTEURS: JACQUES PAUW, ANDREA VINASSA (KUNS), INA VAN DER LINDE
POLITIEKE KORRESPONDENT: HENNIE SERFONTEIN
KOPIEREDAKTEUR: JOHAN BRUWER
ONTWERP: ANTON SASSENBERG
EINDREDAKTEUR: RYK HATTINGH
KAAPSE KANTOOR: CHRISTELLE TERREBLANCHE
REDAKSIE: CHRISTELLE DE JAGER (OMGEWINGSAKE), AUDREY BROWN, PEARLIE JOUBERT, LAETITIA POPLE (KUNS), ESMA ANDERSON, IRENE LOUW, PHINEUS TSHUKUDU.
FOTOREDAKTEUR: LISE BEYERS
SPORTREDAKTEUR: TINUS HORN
ADVERTENSIES: JOYCE DUBE, LOUWRINS POTGIETER
REDAKSIE-ASSISTENT: CATHY FENNESSY
KANTOORBESTUUR: JOSEPH MOETASI, VERNON ZULU.
ONTVANGS: PEPPY MARIPAN

BESTUURSKONSULTANT TOT WENDING PUBLIKASIES BEPERK: MARK BEARE

VRYE WEEKBLAD WORD GEDRUK DEUR CAXTON BEPERK, KOMMANDOWEG, INDUSTRIA.
VRYE WEEKBLAD KOS R1,33 PLUS 17 SENT AVB. DIT KOS R75 (AVB EN AFLEWERING INGESLUIT) OM VIR 'N JAAR IN TE TEKEN, EN R40 (AVB INGESLUIT) VIR SES MAANDE. IN NAMIBIA, SWAZILAND, LESOTHO EN BOTSWANA KOS DIE TYDSKRIF R1,50 PLUS VERKOOPBELASTING. TARIEWE VIR BUITELANDSE INTEKENARE IS BY NAVRAAG BY (011) 497 2911 BESKIKBAAR.
PROBLEME MET VERSPREIDING MOET GERIG WORD AAN CATHY FENNESSY BY (011) 836 2151.

vrydagoggend



MAX DU PREEZ

Ek skryf dié rubriek uit Nederland. By elke plek of byeenkoms waar ek kom, is daar een vraag wat oor en oor aan my gestel word: hoekom doen FW de Klerk wat hy doen, en is hy opreg in sy verklaarde voorneme om die demokrasie in Suid-Afrika te vestig?
Die voordeel daarvan om in die buiteland te sit en peins oor die probleme by die huis is dat dit altyd makliker is met afstand om helderder na die Suid-Afrikaanse situasie te kyk. Daar word ook soveel basiese, eenvoudige vrae hier in Europa aan 'n mens gevra dat jy gedwing word om die besonderhede by die venster uit te gooi en na die koue feite alleenlik te kyk.
So sit ek toe die laaste paar dae met die luukse van afstand en peins oor dié vraag waaroor ons almal al gewonder het: Wat het van FW de Klerk die Afrikaner-nasionalis, die dissipel eers van apartheid en toe van eie sake en algemene sake geword?
Waar het sy jarelange geesdrif vir rasseskeiding - selfs as lid van die PW Botha-kabinet - heen verdwyn dat hy nou skielik so gretig is dat 'n nuwe nasie gebou word waar kleur nie tel nie en almal gelyke stemreg het?
Met ander woorde: Wat was De Klerk se ervaring op die pad na Damaskus?
Ek het onthou dat hy self in 'n TV-onderhoud gesê het die Nasionale Party se stryd was deurentyd (dus ook onder Malan, Strijdom, Verwoerd, Vorster en Botha) 'n strewe na geregtigheid vir almal.
Ek moes ook in herinnering roep dat FW al meermale aangedui het dat hy niks het om te bely of voor verskoning te vra nie.
Dan is die antwoord tog vanselfsprekend, dan nie? FW de Klerk het geen kentering ondergaan nie. Hy het nie begin besef apartheid is boos en onmenslik nie. Hy het bloot besef dit kan nie meer afgedwing word nie; dit werk nie meer nie; en dit skaad die ekonomie te veel. 'n Ander strategie was nodig. En voila! Die Nuwe Suid-Afrika word die towerwoord.
Is dit te sinies? Kom ons kyk terug hoe dit verloop het.
Sekerlik is die historiese samevloeiing van gebeure rondom sy oorname van mag die primêre faktor om in gedagte te hou.
Eerstens die situasie wat hy geërf het: groeiende isolasie onder die PW Botha-

BRIEWE

DP GLAD NIE SO VERDEELD

Roelf Pretorius, voorsitter van die Demokratiese Party op Secunda, skryf:
In reaksie op die artikel oor die DP in Vrye Weekblad van 15 Februarie die volgende:
As u na die ander huidige en potensiële politieke partye in die Suid-Afrikaanse politiek kyk, sal u gou agterkom dat die DP glad nie so verdeeld is as wat sommige mense wil voorgee nie!
Ek hier op Secunda is maar te bewus van die feit dat die partywerkers van die Nasionale Party glad nie saam met hul leiers skielik tot nie-rassige demokrate bekeer is nie. Wat van dié spul in die volgende verkiesing gaan word, weet ek nie. Opnames het reeds bewys dat minder as die helfte van die NP se ondersteuners gelukkig met die party se rigting is. Bestudeer gerus maar die uitslag van die Maitland-tussenverkiesing!
As ek weer die ANC-leierskap se houding teenoor die ekonomie, onderhandelings, die gewapende stryd en Buthelezi met die SAKP (deel van die ANC) en Chris Hani s'n vergelyk, dan wonder ek waar gaan laasgenoemde na die onvermydelike skeuring wees? En kyk maar na die KP se krisis! Maar die ergste is die PAC. Hoe hulle "one person one vote" versoen met "one settler one bullet" gaan my verstand te bowe.
Onthou, ons is reeds besig om die krisisse op te los; die ander partye se beurt kom nog. Oor ons relevansie was daar in 1970 ook onsekerheid; vandag propageer die regering heelwat oor moraliteit wat Helen Suzman hulle destyds geleer het. En in 1987 was dr Denis Worrall ook "irrelevant"; vandag is die DP se organisasie beter as ooit gevestig op die platteland danksy Worrall se werk, en word sy destydse idee van versoening deur die NP én die ANC nagestreef.
Die waarheid is dat die bestaan van verskillende strominge in die party aan ons 'n veelsydigheid gee wat geen ander party het nie, want al die strominge kan in die toekoms belangrik wees - ons sal self besluit watter een wanneer die toekoms duideliker in 'n sekere rigting wys.
Die ware toets is nie hoeveel steun partyleiers nou in hul persoonlike hoedanigheid het nie, maar watter partye hulself kan aanpas by die omstandighede en gereed sal wees wanneer daardie nie-rassige verkiesing aanbreek. En ons is die enigste party wat vertrou kan word: ons sit nie met BSB's of "Caball's" opgesaal nie, maar kan ons by organisasiebou en beleidsontwikkeling bepaal. En julle sal verbaas wees hoe goed ons moontlik op sommige plekke op die platteland kan vaar as die verkiesing eers nie-rassig is - of ons nog ons is, of deel van 'n groter geheel, maak nie saak nie.

SKEINHEILIG

Foldar Vatsug van Pretoria skryf:
'n Onlangse meningspeiling in die VSA toon ondubbelsinnig dat blankes na dekades van sogenaamde "regstellende aksies" (affirmative action) wat minder-bevoorregtes en onderpresteerders bo ander met geldelike hulp, onderwys- en gesondheidsgeriewe, behuising, werkverskaffing en vele meer bedeel het, steeds ras-georiënteer en bevooroordeeld bly.
Die Nasionale Sentrum vir Meningsondersoek van die Universiteit van Chicago noem byvoorbeeld aan die hand van onlangse peilings dat swart Amerikaners feitlik allerweë gesien word as lui en gewelddadig en ook dat dié groep minder intelligent en patrioties as ander is. Of dié gegewens waar is of nie is nie hier ter sprake nie. Wat wel ter sake is, is die feit dat die Amerikaners altyd onder die heel eerstes is wat hulle mond oor Suid-Afrika se probleme rek en uitmergelende sanksies reeds jare lank op ons afdwing "om morele redes". Dié skeinheiligheid, waarvolgens Amerika ons "straf" vir dieselfde gewraakte oortredings wat oral in daardie land te vinde is, kan net as 'n skreiende skande en politieke opportunisme veroordeel word. Met sulke "vriende" het ons regtig nie vyande nodig nie!

DEMOCRATIC RIGHT

Tom Mashinini, National Organizer of the Federal Independant Democratic Alliance (Fida), writes:
Our organization does not subscribe to your publication and it was only brought to our attention today that you had pub-

bewind; toenemende interne verset; en 'n verkrummelende ekonomie. Skielik, met PW se onverwagse siekte, staan FW voor 'n eenvoudige keuse: òf verdere hardhandige optrede en onderdrukking, òf 'n meer realistiese benadering tot Suid-Afrika se probleme en sy inwoners se strewe.

As mens terugkyk, is dit duidelik dat elkeen van die stappe wat De Klerk in Februarie verlede jaar gedoen het, reeds teen die einde van die PW Botha-era op die kaarte was. Dit geld veral die vrylating van Mandela en ander leiers en die wettiging van die ANC en PAC.

As PW aangebly het, het hy dit waarskynlik ook gedoen, miskien net later en met ietwat verskillende styl - soos 'n dreigende wysvinger.

Dit is lankal vir my duidelik uit gesprekke met mense na-aan en in die regering dat die onmiddellike positiewe reaksie wat FW uit die Weste, veral Maggie Thatcher maar ook van die Verenigde State gekry het, vir hom persoonlik so belangrik was dat dit hom daarvan weerhou het om toe te gee aan die druk om briek aan te draai. Veral die vergelyking tussen hom en Gorbatsjof het hom erg gevlei. De Klerk se kontak met Mandela was die volgende pluspunt wat hom verder gestimuleer het om die hervormingsmomentum te handhaaf. Dit is ook waar van sy en sy kabinet se eerste samesprekinge met ANC-leiers soos Thabo Mbeki en Jacob Zuma. Buiten 'n paar tuislandleiers het De Klerk nooit tevore werklik kontak met senior swart leiers gehad nie. Mandela en Mbeki veral het De Klerk omgeboul met hul sofistikasie, sjarme en charisma.

Tussen al die snelle verwikkelinge deur moes die Nasionale Party-regering van 'n soort ad hoc-regering oorgaan na die beplanning van 'n behoorlike strategie.

Die onverwagse swak vertoning van Swapo in die verkiesing in Namibia het regeringsleiers hoop gegee dat die NP in 'n alliansie dalk aanspraak sal kan maak op 'n verkiesingsoorwinning. Daar is vanselfsprekende kandidaat-genote: Die Arbeidersparty, die Indiërpartye in die Parlement, tuislandleiers soos Gqozo van Ciskei, Ramushwana van Venda en Mangope van Bophuthatswana, konserwatiewe stedelike leiers soos John Gogotya, en natuurlik Mangosuthu Buthelezi en Inkatha, wat die "senior partner" sou kon wees.

Die probleem is dat Buthelezi 'n stamleier is met 'n tanende gevolg. Maar daarvoor was daar ook 'n oplossing, en 'n duisend of wat lyke later in die Randse townships is Buthelezi weer 'n nasionale figuur - en byna elke aand op TV.

Van die geweld gepraat. Is die vreemde onvermoë van die andersins hoogs doeltreffende veiligheidsmagte om die geweld te stuit nie dalk 'n aanduiding dat die regering glo dat dit in sy belang is om die swart gemeenskappe te destabiliseer en te demoraliseer nie?

Sê nou maar die verwagte een mens, een stem-verkiesing vind oor 2 jaar plaas. Die geweld het al dié tyd gewoed. Is daar nie 'n uitstekende kans nie dat as die NP en sy bondgenote dan by die verskeurde, getraumatiseerde gemeenskappe kom en sê stem vir ons, ons bied julle vrede en voorspoed terwyl die ANC net bloed en chaos bied, dat só 'n oproep dalk vrugbare teelaarde sal hê?

Na 2 jaar van voortslepende geweld sal die ANC in elk geval só ondermyn en gedemoraliseer wees dat dit makliker manipuleerbaar sal wees.

Of is ek nou heeltemal te sinies?

Skielik is ek nie meer so oortuig van FW de Klerk se "integriteit" en "eerlike bedoelings" nie.

Dit word vir my al duideliker dat sy "Nuwe Suid-Afrika" eerder 'n nuwe strategie is as 'n kentering in sy denke.

Ons moet hom dophou. VLB

SOSÊ HULLE

"Suid-Afrika se diplomate oorsee is meer bekommerd oor hulle matte as oor gasvryheid. Ek weier om my voet in 'n diplomaat se huis te sit."
Dr Danie Craven by 'n geselligheid van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad dié week.

"Gorbachev can't stop the wind, and the wind is with us."
A miners' leader in the Soviet Union where striking miners are calling for the resignation of Mikhail Gorbachev's government.

"Here in Britain we seem to get it wrong before we have begun ... in France, Italy and Belgium every child under five receives nursery education from the State. Here, less than half of our children have that right."
Prince Charles on Britain's education system.

"Well, I didn't see that blood, my lord."
Winnie Mandela in the Rand Supreme Court this week after being shown photographs of blood spots on a wall, taken during a raid on her home in February, 1989.

"Ek hou van hom. Ek hoop hy hou ook van my. Ek dink so."
Staatspresident FW de Klerk na sy ontmoeting die week met Britse premier, John Major.

"Om wat te doen? Om BA-sosiologie of -sielkunde te loop terwyl jy man soek. En as jy self 'n man is, doen jy ná jou BA 'n Honneurs of dalk sommer 'n MA - want daar buite is nie geskikte werk nie."
Dr Johan Steenkamp (NP, Umhlatuzana) dié week in die Parlement oor te veel matrikulante wat ná skool universiteit toe gaan.

lished an article in your latest edition implicating Fida.

Whilst we acknowledge that we have in the past been clients of Dixon and Soule, and that on a limited number of occasions they have produced advertising material for us, we are incensed that you should infer that we are controlled by them. Furthermore, we are shocked at your inference by association that Fida is party to some military intelligence propaganda plot.

With reference to your comments regarding the Democrat, we wish to point out that it is our democratic right to inform our readers as to current issues and our perspectives on them, as you also see it as your democratic right to inform your readers on issues. As so rightly pointed out by you, no one is above criticism.

GOEDKOOP SENSASIE

FP Venter van Queenswood skryf 'n Ope Brief aan Nico Basson:

U "onthullings" in Vrye Weekblad as gewese majoor van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) oor die weermag se inligtingsdiens in Namibia tydens die oorgangsfase na 'n nuwe bewind, bevat min substansie.

U noem name van beweerde frontorganisasies asook dié van offisiere wat kwansuis "hanteerders" was terwyl daar gepoog is om die kommunisties-gesinde Swapo teë te werk. As buitestaander vind ek niks vreemds hieraan nie en sal my nie eens beroep nie op die feit dat alle inligtingsorganisasies op aarde soortgelyke opdragte het waar hulle land se veiligheid en voortbestaan dit verg. Trouens, as die weermag se inligtingskomponent nie dié aspek van oorlogvoering volgens die beste van sy vermoë teen ons vyand sou behartig nie, sou ek hom dit verkwalik.

Wat my egter geweldig hinder is die feit dat u die eed van geheimhouding (soos alle inligtingspersoneel) moes onderteken het.

Dit is onduidelik presies wat u motiewe is - ontevredenheid oor bevordering, interpersoonlike struwelinge, of dalk geld? Bo en behalwe die moontlike waarde wat die ANC/SAKP hieruit kan put, blyk daar geen moreelgerigte en opbouende substansie vir enigiemand te wees nie. Dit is gewoonlik die geval wanneer skinderstories uit die huis vertel word.

Ek kan nie namens enige weermagoffisier of -manskap praat nie, maar as Suid-Afrikaanse burger skaam ek my tot in my siel vir dié soort goedkoop sensasie.

Die weermag se geskiedenis word gekenmerk deur heldedade en onverskrokke, onbaatsugtige optrede op die slagveld. Daar is talle voorbeelde waar die draers van die SAW-uniform met groot onderskeiding onsterflike roem en eer verwerf het deur die vreeslose bemanning van die loopgrawe in die voorste linies.

(Brief verkort - Red)

KORTVERHALE

Henry Botha van Randburg skryf:

Ek moet julle gelukwens met die besluit om kortverhale in julle nuwe nuustydskrif te plaas. 'n Kortverhaal sê dikwels soveel meer van die samelewing waarin ons leef as wat enige ontleding of nuusberig dit kan doen.

Koos Prinsloo se verhale in verlede week se VWB was ontstellend, maar ongetwyfeld 'n hoogtepunt.

Vrye Weekblad plaas graag briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Briewe korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort.

Skryf aan:
Vrye Weekblad Briewe, Posbus 177, Newtown 2113.



Let all know peace

AK47's in die townships:

Kierankies kom huis toe om te braai



ROLAND HUNTER
(FOTO: ANDREA VINASSA)

Groot kommer bestaan oor die groot hoeveelhede AK47-gewere wat tans in terreurveldtogte in die townships gebruik word. Dit blyk asof heelwat van dié gevreesde wapens deur Suid-Afrika self aan Renamo verskaf is en nou met smokkelroetes na Suid-Afrika teruggebring word. JACQUES PAUW doen verslag

'n Enkele klerk by Militêre Inligting het oor 'n tydperk van vyftien maande in 1982 en 1983 persoonlik gehelp om 900 ton wapentuig na Renamo in Mosambiek te verskeep. Dié wapentuig het na raming meer as 10 000 AK47-gewere ingesluit - waarvan baie vandag heel moontlik terug in Suid-Afrika se townships is.

Verskeie waarnemers glo Suid-Afrika betaal vandag die prys vir sy grootskaalse destabilisasie-veldtog in Suider-Afrika gedurende die tagtigerjare toe verskeie guerrilla-bewegings van wapentuig voorsien is om regerings in dié streek te ondermyn en te verslaan.

Nou is daar aanduidings dat dieselfde wapentuig aan bendes in Suid-Afrika verkoop word om hul veldtog van geweld en terreur in die townships van stapel te stuur.

"Die kierankies kom huis toe om te braai. Ek het geen twyfel nie dat die terreurveldtog wat Suid-Afrika in Mosambiek van stapel gestuur het, nou lelik geboemerang het deurdat dieselfde wapens nou in die townships gebruik word. Dis net jammer onskuldige mense moet nou aan die pen ry," sê dr Rob Davies, navorser by die Sentrum vir Suider-Afrikaanse Studies aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK). Davies was voorheen verbonde aan die Eduardo Mondlane Universiteit in Maputo.

Volgens 'n onlangse berig in The Star kan 'n AK47 teen so min as R20 op die grens tussen Suid-Afrika en Mosambiek gekoop word.

Volgens die verslaggewer van dié koerant het die wapensmokkelaar aan hom gesê hy het die AK's by Renamo-rebelle vir kos verruil.

Die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, het in reaksie op die berig in The Star gesê die polisie is bewus van die smokkelroete en dat die polisie sedert Januarie vanjaar 302 AK's opgespoor het.

Roland Hunter, gewese klerk in die direktoraat van spesiale take van Militêre Inligting, sê hy was gedurende 1982 en 1983 ten nouste betrokke by wapen- en hulpverskaffing aan die rebelle in Mosambiek. Hunter is tydens sy diensplig in hegtenis geneem en tot vyf jaar tronkstraf gevonnis omdat hy soortgelyke inligting aan die ANC oorgedra het. Hy is in 1989 vrygelaat.

Die wapens is met C130 militêre vragvliegtuie na Mosambiek vervoer en oor die rebellegebiede uitgegooi.

Hunter het ook vemeem dat dit per duikboot na die rebelle vervoer is.

Hunter sê onder die besending wapens was AK47's, ammunisie, mortiere, RPG7-vuurpylanseerders en ander militêre toesrusting.

Hunter moes die kaste wapens by twee pakhuise in Pretoria gaan haal. Hy sê die wapens is deur Krygkor vanaf Israel aangekoop, terwyl daar aanduidings op die kratte was dat dit uit Oosblok-lande afkomstig is.

Hunter se verhoor is destyds in camera gehou en die saak was as so sensitief beskou dat selfs sy eie regspan insae in sekere staatsdokumente geweier is. Hunter het tydens sy dienspligtermyn stapels geheime weermagdokumente versamel wat na die ANC gesmokkel is.

Onder die dokumente wat na die ANC gestuur is, was ook geheime inligting oor die SA Weermag se betrokkenheid in Zimbabwe.

Suid-Afrika het ook in die vroeë tagtigerjare 'n guerrilla-beweging in Matabeleland in Zimbabwe van wapens voorsien.

Die direktoraat spesiale take was in bevel van brig Charles van Niekerk terwyl daar volgens Hunter nog sowat sewe kolonelle gewerk het. Hunter het ook by verskeie geleenthede opleidingskampe in Noord-Transvaal besoek waar 5 000 Renamo-soldate opgelei is. Die leier van Renamo, Alfonso Dhlakama, is gedurende daardie tyd ook in Suid-Afrika gehuisves en opgelei.

Hunter sê benewens 'n opleidingskamp by Phalaborwa, was daar ook 'n basis 40 kilometer noord van Pretoria waar senior Renamo-personeel gewoon en waar radioprogramme gemaak is.

Davies sê van die wapens wat nou in Suid-Afrikaanse townships verkoop word, is sonder twyfel van Renamo afkomstig. Hy sê daar is egter ook gevalle waar soldate van Frelimo hulle wapens verkoop.

"Suid-Afrika het duisende AK's in Suider-Afrika ontplooi in sy destabilisasie-veldtog. Dit is een van die belangrikste redes hoekom daar nou soveel wapens te koop is. In baie gevalle verkoop die soldate gewere in 'n wanhopige poging om geld in die hande te kry.

"Dit blyk nou dat dit heelwat makliker was om die hele proses van detsabilisasie aan die gang te kry as om dit nou weer te stop. Dit is ironies dat dit wat Suid-Afrika so gretig in Mosambiek begin het, nou hier herhaal word," sê Davies.

Die Renamo-beweging is in 1977 deur die destydse Rhodesiese regering gestig om as teenvoeter vir gewapende aanslae uit Mosambiek te dien. Renamo was op die vooraand van 'n finale nederlaag in 1980 toe Suid-Afrika dié beweging by die Rkodesiërs geërf het en dit begin befonds, bewapen en opgelei het.

Vanaf 1980 tot 1984 het Suid-Afrika openlik militêre hulp aan Renamo verleen omdat dié beweging anti-kommunisties sou wees in teenstelling met die Marxistiese Frelimoregime.

In 1984 het Staatspresident PW Botha die Nkomati-verdrag met pres Samora Machel onderteken waarvolgens Suid-Afrika onderneem het om nie verdere militêre of enige ander hulp aan Renamo te verleen nie.

Die masker oor Suid-Afrika se voortgesette geheimsinnige steun aan Renamo is in Augustus 1985 - 'n jaar ná die ondertekening van dié verdrag - afgeruk toe Zimbabwiese magte die Renamo-hoofkwartier in Mosambiek oorval en op die sogenaamde "Gorongoza-dokumente" afgekom het

Volgens dié dokumente het Suid-Afrika steeds wapens en voorrade aan Renamo verskaf en Renamo-leiers is gereeld na Suid-Afrika vervoer. In een geval is 'n leier selfs met 'n duiboot opgepik en na Suid-Afrika gebring.

Die minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, het die geloofwaardigheid van die domumente 'n paar dae later op 'n perskonferensie erken en bevestig dat sy adjunkminister, Louis Nel, die hoofkwartier drie keer in 1985 besoek het.

In April 1988 het 'n geloofwaardige onafhanklike politieke konsultant, Robert Gersony, 'n verslag vir die Amerikaanse departement van buitelandse sake opgestel nadat hy vir drie maande in Suider-Afrika rondgereis en onderhoude met honderde Mosambiekse vlugtelinge gevoer het.

Gersony het bevind dat minstens 100 000 onskuldige Mosambiekers dood is in die gevegte tussen Frelimo en Renamo. Volgens hom is 90 persent van die aanvalle deur Renamo uitgevoer.

Kort voor die Gersony-verslag het 'n Amerikaanse assistent adjunk-minister van buitelandse sake Roy Stacey gesê Renamo is verantwoordelik vir "een van die mees brutale misdade teen die mensdom sedert die Tweede Wêreldoorlog".

Africa Confidential sê sedert die ontdekking van die Gorongoza-dokumente, het Suid-Afrikaanse amptenare baie versigtiger geword in hulle hulpverlening aan Renamo. Die weermag het 'n spesiale eenheid van Portugeessprekende Mosambiekers opgelei om die taak van Spesiale Magte te verrig. Daar word nou van "frekwensie-springende" radios gebruik gemaak om met Renamo te kommunikeer.

Volgens die buitelandse redakteur van die weeklikse koerant Domingo in Maputo, Salomao Moyana, is daar geen twyfel nie dat Suid-Afrika nog tot minstens 1989 wapenhulp aan Renamo verskaf het. Die toerusting is per valskerm ontvang. Bronne in Frelimo wys daarop dat die vliegtuie wat die toerusting afgegooi het, laagvlieënde militêre vliegtuie moet wees omdat die gesofistikeerde radar wat na die Nkomati-verdrag opgerig is, kommersiële vliegtuie sou registreer.

Frelimo sê in Februarie 1988 is voorrade per vliegtuig aan Renamo afgegooi kort voor hulle die dorpe Salamanga en Mocamba aangeval het. Frelimo glo dat van die valskerms wat na die tyd gevind is, van Suid-Afrika afkomstig was.

In Maart 1988 het die gewese hoofverteenwoordiger van Renamo in Europa, Paulo Oliveira, na Mosambiek teruggekeer en hom aan Frelimo oorgegee. Oliveira het tot 1984 in Suid-Afrika gewoon waarna hy na Europa vertrek het.

Oliveira het beweer dat Militêre Inligting Renamo steeds ondersteun. Hy het gesê dat Suid-Afrika in 1987 uiters gesofistikeerde kommunikasie-toerusting in die Lissabonkantore van Renamo geïnstalleer het sodat hulle met die Renamo-basis naby Phalaborwa in Noord-Transvaal kan kommunikeer. Soortgelyke toerusting is ook in Renamo se kantoor in Wes-Duitsland aangebring.

Oliveira het gesê dat hy oor inligting beskik dat honderde ondersteuners van Renamo na Israel gestuur is waar hulle militêre opleiding ontvang het. Hy sê Suid-Afrikaanse logistieke steun vir Renamo het na die sluiting van die Nkomati-verdrag steeds voortgegaan.

Oliveira het gesê dat die laaste bevestigde inligting wat hy het oor Suid-Afrika se bande met Renamo was in Januarie 1988 toe 'n senior amptenaar van dié beweging met 'n Suid-Afrikaanse militêre vliegtuig terug na Mosambiek gebring is.

In November 1988 het Chanjunja Chivaca Joao, gewese hoof van van Renamo se departement van mobilisasie, homself aan Frelimo oorgegee en bevestig dat daar steeds samewerking tussen Frelimo en Militêre Inligting was.

Die BSB het voortgegaan met die destabilisasie van Mosambiek. Pieter Botes, gewese koördineerder van die Mosambiek-streek, het voor die Harms-kommissie getuig dat hy ses mense in dié land geëlimineer het.

Botes het ook vertel dat dit sy streek se taak was om spoorlyne, brûe en ander strategiese teikens in Mosambiek op te blaas. Hy was ook een van die wapenaankopers van die BSB en het gesê dat dit moontlik is om enige wapen in dié land te koop.

Sjarmant, aantreklik, maar *dodelik*

Suid-Afrikaners is pas die vrees op die lyf gejaag deur die psigopatiese moordenaar dr Hannibal 'The Cannibal' in *The Silence of the Lambs*. Is daar werklik sulke mense ook hier tussen ons? **PEARLIE JOUBERT** stel ondersoek in

Hoewel Suid-Afrika nog nie 'n dr Hannibal "The Cannibal" Lecter gehad het nie, is die land se kriminele geskiedenis besaai met psigopate wat hul slagoffers vermoor, verkrag, vergif en wreedaardig aangerand het.

Een van die bekendste psigopatiese gevalle in Suid-Afrika is seker die "skroewedraaier-verkragter" William van der Merwe, wat een mens vermoor en sewe verkrag het. Van der Merwe is egter nooit deur die hof as 'n psigopaat gesertifiseer nie.

Van der Merwe was 'n aantreklike man. Hy sou maklik 'n vrou kon verlei om seks met hom te hê. Dit was egter nie bloot 'n sterk seksdrang wat hom sy slagoffers laat verkrag het nie.

Sielkundiges en kenners stem saam dat Van der Merwe vroue verkrag het om te domineer. "So 'n tipe motivering is in baie gevalle kenmerkend van psigopatiese karakters. Verkragting gaan nie oor seks nie, maar oor die gevoel van mag wat dit mans gee," sê Heather Regenass van Nikro in Johannesburg.

Regenass sê Van der Merwe, Rodney "The Hillbrow Jaw Breaker" Axe en die pedofiel Gert van Rooyen kan as misdadigers met psigopatiese neigings beskryf word.

Hoewel 22 gesertifiseerde psigopate in die Zonderwatergevangenis buite Pretoria aangehou word, is geen besonderhede oor dié mense beskikbaar nie. Die tronkowerheid weier om enige inligting oor hulle bekend te maak.

Van der Merwe het vroue gewelddadig verkrag en aangerand omdat hy die mag geniet het wat dit hom gegee het. Sy begeerte was om wraak te neem op die samelewing en vroue in besonder, meen Rob Marsh, die skrywer van *Famous South African Crimes* (Struik Timmins 1991).

Hoewel kenners meen dat psigopatie nie noodwendig deur negatiewe omgewingsfaktore veroorsaak word nie, is Van der Merwe 'n sprekende voorbeeld van iemand wat misdaad gepleeg het weens 'n ontneemde jeug.

Van der Merwe se huislike omstandighede as kind was haglik. Sy pa is dood toe hy baie jonk was; hulle was baie arm en op tweejarige ouderdom is hy en sy broer na 'n kindertehuis in Pretoria gestuur. As kind het hy leerprobleme gehad wat hom aggressief en verwaand gemaak het. Op sewe jaar het hy die eerste keer gesteel. Op 13 jaar is hy aan diefstal skuldig bevind nadat hy by verskeie huise ingebreek het. Hy is na 'n verbeteringskool in Kaapstad gestuur.

Ná agttien maande het hy ontsnap en op 'n vrou verlief geraak. Toe hy ontdek dié vrou het ander verhoudings, het sy lewe inmekaar getuimel.

Later sou hy getuig dat hy vir die eerste maal 'n begeerte gehad het om te verkrag toe hy 'n mooi vrou in die straat sien stap het. Hy het met haar probeer praat, maar sy het hom geïgnoreer. Hy het 'n mes uitgeruk en haar gedreig. Die geweldige vrees in haar gesig, het hy getuig, het hom 'n gevoel van mag gegee wat hy nooit voorheen geken het nie.

Ná die voorval het hy vroue begin volg, homself aan hulle ontbloot en obsene opmerkings gemaak, maar nie met die doel om hulle te beseer nie. Hy het dit gedoen om sy manlikheid en krag te bewys. Toe was Van der Merwe 19 jaar oud. Toe Van der Merwe uiteindelik op 28 Februarie 1972 in die Hooggeregshof verskyn, is hy aangekla van vyf verkragtings en vier aanklagte van poging tot verkragting, diefstal en crimen injuria.

Hy is skuldig bevind en die doodstraf opgelê, maar sy appèl was suksesvol en sy straf is na twintig jaar tronkstraf verminder. Hy is na vyftien jaar in Zonderwater op parool vrygelaat.

Op 4 Januarie 1989 het hy twee vroue opgelaai wat na Kaapstad gery-loop het. Hy het hulle oorrompel, hulle voete en hande vasgebind en gedreig om hul borste af te sny. Nadat hy die een vrou verkrag en vermoor het, het hy die tweede ook probeer verkrag. Sy het hom egter doodgeskiet.

"Van der Merwe is byna 'n klassieke geval. Terwyl hy in die tronk was, het hy hom taamlik goed gedra. Sielkundiges het gedink hy reageer goed op behandeling en hy is weer vrygelaat."

Hy is egter nie die enigste psigopatiese moordenaar in Suid-Afrika nie. Reeds in 1903 is Pierre Basson skuldig bevind aan moord nadat hy sy broer koelbloedig doodgemaak en daarna 'n boer vermoor het. Basson het, voordat hy selfmoord gepleeg het, egter ook 'n lang geskiedenis van oortredings gehad, was baie aggressief en het nooit berou getoon nie. Of hy die eerste psigopatiese geval in Suid-Afrika was, is nie seker nie.

Daisy de Melker het in 1923 en 1932 haar twee mans en haar seuns koelbloedig vergiftig. Of sy psigopatiese neigings getoon het, is nooit deur die hof bewys nie, maar kenners meen dat sy sonder twyfel 'n psigopaat was.

Rodney Axe het berug geword weens die groot aantal vroue wat hy in Hillbrow oorval en verkrag het. Hy het 'n sadistiese genot uit sy dade geput en sy slagoffers met gebreekte kakebene agtergelaat. Hy is ook eers ter dood veroordeel, maar is begenadig en word nou in Zonderwater aangehou.

Só lyk 'n psigopaat

Hulle is gewoonlik manlik, aantreklik, baie sjarmant, intelligent en meng graag met mense - op die oog af heeltemal normaal.
Psigopate is hoegenaamd nie die kranksinnige en waansinnige halfmense, half-diere wat in speur- en rillerverhale aan ons opgedis word nie.
Kenners meen dat tot een miljoen mense in Suid-Afrika psigopatiese neigings kan hê. Van die 125 000 aangehoudenes in Suid-Afrikaanse tronke is egter net 22 gesertifiseerde psigopate en hulle word in die Zonderwater-gevangenis buite Pretoria aangehou.
Sielkundiges en kenners verkies om psigopatie eerder as anti-sosiale gedrag of persoonlikheidsafwykings te beskryf omdat dit nie werklik 'n geestessiekte is nie.
In die verlede het sielkundiges en psigiaters veel makliker mense as psigopate geklassifiseer as vandag. Dit word vandag as 'n uiters omstrede onderwerp beskou en sielkundiges verskil oor wat 'n psigopaat werklik is.
In Suid-Afrikaanse howe word psigopatie nie meer as versagtende omstandighede by die pleeg van 'n misdaad beskou nie.
Die algemene persepsie is dat psigopatie 'n aangebore toestand is en dat die omstandighede waarin kinders grootword nie noodwendig psigopatiese persoonlikhede vorm nie.
Heather Regenass, die direkteur van die Nasionale Instituut insake Misdaadvoorkoming en die Rehabilitasie van Oortreders (Nikro) in Johannesburg, meen dat psigopatiese neigings al in 'n jong ouderdom waarneembaar is.
Mense wat later in hul lewe ernstige misdade pleeg en as psigopate geklassifiseer kan word, wys al op 'n vroeë leeftyd sekere tekens van anti-sosiale gedrag. Kinders jonger as 15 jaar wat volslae onverantwoordelik optree, lieg, steel, vandalisties is, dikwels baklei, van die huis af wegloop en 'n neiging toon om ander kinders en diere seer te maak, sal heel moontlik ernstige misdade begaan wanneer hulle ouer is.
Daar is nie eensgesindheid onder sielkundiges en kenners oor die vraag of psigopatie deur genetiese afwykings of deur sosiale faktore veroorsaak word nie.
"In Amerika is talle studies gedoen wat wys dat psigopatie verband hou met genetika. Psigopatie kan egter ook veroorsaak word deur ongelukke waarin die frontale of voorste lob van die brein beskadig word," sê Regenass.
'n Kliniese sielkundige (wie se naam om professionele redes nie genoem mag word nie) sê egter dat psigopatie, soos sekere ander geestelike afwykings, nie te wyte is aan 'n chemiese wanbalans nie.
"Daarom is dit ook bykans onmoontlik om dit te genees.
"Psigopatie is 'n samevoeging van 'n klomp faktore. In huise waar daar min of geen dissipline bestaan en kinders nie gewys word wat aanvaarbaar en wat onaanvaarbaar is nie, gebeur dit maklik dat kinders later as volwassenes ernstige sosiale wanaanpassings het. "Die straatkinders in Hillbrow word groot in omstandighede waar geweld, diefstal en selfs moord nie onaanvaarbaar is in daardie groep nie. In dié sub-kultuur word mense dus gevorm wat later in hul lewe veel ernstiger misdade sal pleeg sonder om enige berou te toon of te dink dat dit verkeerd is," sê hy.
Regenass en ander sielkundiges sê almal dat psigopate baie moeilik uitgeken kan word.
"Ons het al gevalle by Nikro gehad van mense wat weens psigopatiese neigings aangehou is, maar ná 'n ruk weer vrygelaat is omdat hulle op die oog af so normaal voorgekom het. Psigopate is intelligent. Hulle is meestal briljant en ek dink nie daar is iets soos 'n dom psigopaat nie.
"Hulle kan mens maklik om die bos lei en wys dat hulle 'berou' het - en dít is wat hulle so gevaarlik maak. Psigopate het geen berou nie omdat hulle geen lojaliteit en begrip het vir ander mense se gevoelens en emosies nie.
"Sielkundiges, die tronkowerheid en kenners kan almal deur psigopate 'n rat voor die oë gedraai word - dit het al met ons gebeur - en dan word verslae geskryf oor dié mense en ons sê hulle is normaal en sosiaal weer aanpasbaar. Hulle word vrygelaat - en kort daarna begaan hulle presies dieselfde misdaad," sê Regenass.
Die kliniese sielkundige sê volwasse mense (bo die ouderdom van 15 jaar) toon die volgende karaktereienskappe wanneer hulle psigopatiese neigings het:
* Hulle kan nie lank by een werk bly nie, hulle kan nie aanpas en konformeer tot sosiale norme nie,
* Hulle steel en vernietig graag ander mense se eiendom, hulle is baie aggressief en baklei gereeld.
* Hulle is ook baie sjarmant en verlei mense maklik. Mense hou van hulle en hulle gebruik hul intelligensie om mense te manipuleer.

Hy sê egter dat verskillende soorte anti-sosiale gedragspatrone voorkom. "Baie mense met anti-sosiale gedragspatrone is suksesvolle sakemanne en politici. Omdat 'n psigopaat geen berou het oor wat hy doen nie, geen begrip het vir ander mense se menswaardigheid en gevoelens nie, kan psigopatie nie gediagnoseer word voordat ernstige misdade gepleeg word nie," sê hy.
Psigopatie is ongeneeslik. Geen sielkundige rehabilitasie kan dié afwyking genees nie en daarom meen sielkundiges dié mense moet lewenslank aangehou word, sê die waarnemende hoof van die departement van Psigiatrie aan die Mediese Universiteit van Suider-Afrika, prof Helen Faul.
Sy sê daar is al probeer om psigopate te rehabiliteer - wat 'n lang en moeilike taak is. Dit is uiteindelik ook onmoontlik om te sê of dit suksesvol is.
Faul noem as voorbeeld die "skroewedraaier-verkragter", William van der Merwe, wat ná jare in die gevangenis weer presies dieselfde gedrag openbaar het. Die enigste rehabilitasie wat psigopate in aanhouding ondergaan, is beloning vir goeie gedrag en straf vir anti-sosiale gedrag.
Die kliniese sielkundige sê psigopate word soms in 'n hoë ouderdom byna vanself genees.
"Ouer psigopate toon 'n neiging om hulself uit te brand. Tussen 50 en 60 jaar oud, toon dié mense 'n neiging om meer aanvaarbaar op te tree in hul verhoudings met ander mense."
Wat veroorsaak dat mense met psigopatiese neigings tot geweld aangevuur word?
Sylvia Magid, senior sosiale werker van Johannesburg, sê psigopate het onmiddellike bevrediging nodig. "Hulle kan nie wag en vooruit beplan nie. As hulle iets wil hê, wil hulle dit onmiddellik hê - en wanneer hulle dit nie kry nie, word hulle geaktiveer om misdade te pleeg."
Kenners meen ook dat daar meer manlike as vroulike psigopate is.
"Hoewel studies in Amerika wys dat daar beslis 'n verband tussen psigopatie en 'n sekere genetiese samestelling is, speel sosialisering 'n baie belangrike rol," sê die kliniese sielkundige. Volgens hom toon drie maal soveel mans as vroue psigopatiese neigings.

Wie het Winnie geïsoleer?

Nadat Winnie Mandela in die storm om Stompie Sepei se dood beland het, het die 'MDM' vroeg in 1989 besluit om haar te isoleer. Maar nou het 'n twis oor dié besluit - en wie dit sou geneem het - in UDF- en ANC-kringe losgebars, skryf **AUDREY BROWN.** Vandag is mense nie meer so seker wie of wat die 'MDM' presies was en namens wie die besluit geneem is nie

Nadat Winnie Mandela verlede week by haar en twee ander se verhoor in die Randse Hooggeregshof 'n destydse besluit deur die breë massa-bewegiging (MDM) om haar te isoleer afgemaak het as die werk van "sogenaamde leiers", is 'n sluimerende geskil in ANC- en UDF-kringe weer aangewakker.
Die vrae waaroor nou getwis word, is: Wie of wat was die MDM? En in watter omstandighede is dié omstrede besluit geneem?
Die besluit om Winnie te isoleer, is vroeg in 1989 geneem nadat berigte oor geweld en moord by Mandela se huis in Diepkloof wêreldwyd opspraak gewek het. Leiers van onder meer die Congress of South African Trade Unions (Cosatu) en die United Democratic Front (UDF) het besluit om hulle van Winnie Mandela te distansieer omdat sy die "vertroue en geloof wat sy deur die jare geniet het, misbruik het."
Dié week het Azar Cachalia, nasionale tesourier van die UDF, in 'n Sondagkoerant herhaal dat dié standpunt deur dié organisasie gehuldig word.
Maar verskeie UDF-lede sê hulle aanvaar nie dié standpunt nie, omdat die oorspronklike besluit niks met die UDF te doen gehad het nie. Dit is egter duidelik dat Stompie Seipei se dood volslae verwarring en selfs paniek in swart politieke kringe ontketen het.
Op 16 Februarie het Murphy Morobe, uitvoerende raadslid van die UDF, op 'n perskonferensie aangekondig dat 'n reeks vergaderings landwyd gehou is waarop politieke organisasies besluit het om Winnie Mandela te isoleer. Maar daar is tekens dat daar verdeeldheid was tussen die lede van die Crisis Committee - 'n groep leiers saamgestel om die probleme rondom Winnie se voetbalspan op te los.
Van die komiteelede het verkies dat die ANC in Lusaka om raad genader word. Intussen het hulle aanbeveel dat Winnie se voetbalklub, wat midde-in die omstredenheid gestaan het, ontbind word; dat geen progressiewe organisasie deur haar as spreekbuis gebruik moet word nie; en dat sy nie daarop aanspraak kan maak dat sy namens die swart gemeenskap praat nie.
Dié aanbevelinge is aan die ANC in Lusaka gestuur - maar voordat hulle daarop kon reageer, is aangekondig dat Winnie geïsoleer word. Die ANC het 'n paar dae later 'n beroep gedoen dat die MDM "sy deure vir haar moet open, in die belang van ons mense en die stryd".
Wat die besluit om Winnie te isoleer betref, sê Samson Ndou, voormalige vise-president van die UDF: "Dit was geen besluit van die UDF nie. Was dit wel, sou ek as vise-president daarvan geweet het. Dit was 'n besluit van die MDM, en dus is die res van die UDF nie daartoe verbind nie. Maar ek sê dit nie om Winnie te verdedig teen die dinge waarvan mense haar nou beskuldig nie - ek wil net die rekord regstel."
Die MDM, volgens aktiviste, was 'n mengelmoes van organisasies wat onstaan het nadat agtereenvolgende noodtoestande en aanhoudings die demokratiese strukture van verskeie organisasies, onder meer die UDF en Cosatu, erg belemmer het. Op dié manier is 'n organisasie met leiers, maar sonder enige ander strukture, gebore.
Maar Popo Molefe, 'n leier van die UDF en die ANC, neem in 'n onderhoud met Vrye Weekblad 'n ander standpunt in: "Die MDM was 'n reaksie op verdrukking, en omdat dit moeilik was om mense saam te roep, moes ons op dié manier te werk gaan. Dus is ons verbind tot die besluite wat hulle geneem het."
Molefe het spesifiek melding gemaak van die Winnie-besluit en gesê hy beskou dit as 'n besluit van die UDF.
Volgens Ndou het hy destyds toevallig van die MDM se planne te hore gekom nadat hy Morobe by Albertina Sisulu se huis raakgeloop het.
"Ek was daar om 'n paar sake met haar te bespreek, aangesien sy president was van die UDF in Suid-Transvaal. Hy het my vertel dat hulle reeds besluit het om Winnie te isoleer. Ek het probeer redeneer dat dié probleem op 'n ander manier opgelos kon word.
"Ek was bekommerd oor die uitwerking wat dié besluit op Nelson Mandela - wat toe nog in die tronk was - sou hê. Murphy het die indruk gewek dat hulle oor dié dinge sou nadink. Toe ek my weer kom kry, het ek hom op die TV die stelling sien lees."
Op die vraag of die manier waarop die besluit geneem is, ooit formeel deur die UDF bespreek is, sê Ndou: "Dit is 'n baie goeie vraag - want toe ek nog in die UDF was, is dit nooit bespreek nie. Die mense wat die besluit geneem het, is ook nooit gevra om 'n verslag te doen nie."
Wat Cachalia se onlangse uitlatings betref, sê Ndou: "Ek glo nie dit is regverdig van hom om dit te sê nie. Miskien gebruik hy die UDF om sy eie standpunte uit te spreek, maar dit is mos nie reg nie. Jy kan nie 'n organisasie van die mense só gebruik nie. Maar miskien het hy gedink niemand sou enigiets daaromtrent sê nie, aangesien die UDF in elk geval op sy laaste bene staan."

Hannibal *'the Cannibal'* pure psigopaat

Dr Hannibal Lector (gespeel deur Anthony Hopkins) met sy ligblou oë, sy byna magnetiese aantrekkingskrag en superintellek in *Silence of the Lambs*, is volgens sielkundiges en kenners 'n baie getroue weergawe van 'n psigopaat.
"Hy was wonderlik. Hy was intelligent, manipulerend, aantreklik en hy was baie vernuftig," meen Heather Regenass van Nikro wat al dikwels te doen gehad het met psigopate of mense met soortgelyke persoonlikheidsafwykings.
Lector roer die diepste vrees in elke mens aan. Hulle bêre hom weg in die diepste kerkers van 'n psigiatriese instituut êrens in Amerika. Sy bloedlus en kranksinnigheid is besonder: Hy het 'n onblusbare lus vir mensevleis. Hy vertel hoe hy 'n slagoffer se lewer saam met 'n bottel chianti afgesluk en 'n verpleegster se tong afgebyt het.
Hy is 'n eens-briljante psigiater wat die kluts kwytgeraak het. Hy word agter koeëlvaste glas aangehou omdat dit te gevaarlik is om net 'n stel tralies tussen hom en ander te hou. Hannibal "the Cannibal" kan dalk na hulle hap. Wanneer 'n psigiater hom behandel, word 'n sinistere masker oor sy gesig getrek.
'n Jong agent van die FBI word aangesê om 'n onderhoud met hom te voer. Sy sak in die kerker af, deur staal- en traliedeure tot sy uiteindelik voor die glas te staan kom. Daaragter staan 'n man met wit klere. Hy kyk op. Hy het ysblou oë en 'n skalkse glimlag...
Wat dié karakter in Silence of the Lambs nog skrikwekkender maak, is dat sy karakter op ware feite gegrond is. Die draaiboekskrywer se gegewens kom uit die FBI se lêers.
Regenass meen egter dat Jame "Buffalo Bill" Gumb (gespeel deur Ted Levine) nie baie oortuigend as psigopaat was nie.
"Psigopate beplan oor die algemeen nie hul aksies vooraf nie. Op die ingewing van die oomblik doen hulle dinge. Gumb het ook soos 'n kluisenaar geleef. Die feit dat hy sy slagoffers lank aangehou het voordat hy hulle doodgemaak het, is nie geloofwaardig nie. Psigopate sou, oor die algemeen, gewalg wees deur vuilheid en onhigiëniese toestande. In Buffalo Bill se geval was die teendeel waar," sê Regenass.
"Buffalo Bill was ook vuil. Psigopate trek hulle gewoonlik goed aan en lyk respektabel," sê Regenass.
Sylvia Magid, 'n senior sosiale werker van Johannesburg wat ook baie ondervinding op dié gebied het, meen psigopate se slagoffers is gewoonlik vroue. "Hul slagoffers is vroue omdat vroue makliker verleibaar is," sê Magid.

'Julle het *mos al vergeet* van dié Afrikaners'



Soos die MK-saboteur *Robert McBride*, is die skrywer en oud-Stormjaer in die veertigerjare weens sabotasie ter dood veroordeel, maar later begenadig. **HENNIE SERFONTEIN** wou by hom gaan hoor of hy 'n vergelyking te tref het tussen die Ossewabrandwag se Stormjaers en die ANC se Umkhonto weSizwe. *Eers wou Van Blerk nie gesels nie* - maar uiteindelik word die ontmoeting toe iets meer as net 'n onderhoud...

"Ek is vandag 'n man van 75 jaar en het nie meer die kragte van 'n jong man nie. Maar as my gewete my daarvan oortuig dat dit die Afrikaner-ideaal sal bevorder, sal ek weer presies dieselfde doen as in 1942 toe ek die Benoni-poskantoor opgeblaas het."

Aan die woord is 'n onboetvaardige Hendrik van Blerk, wat in 1942 die doodsvonnis opgelê is weens sabotasie. Hy was lid van die Stormjaers, die klein maar uitgesoekte militêre vleuel van die Ossewabrandwag (OB), die paramilitêre massa-organisasie van die oorlogsjare.

Nadat die Smuts-regering hom en sy kollega, Julian Visser, begenadig en die vonnis tot lewenslank verander het, het hy nog ses jaar in die Sentrale Gevangenis in Pretoria deurgebring voordat hy saam met Robey Leibbrandt en andere in Junie 1948 deur D F Malan se nuwe Nasionale Party-regering vrygelaat is.

Later het hy joernalis geword en die skrywer van 47 boeke. Konsentrasiekamp-verhale, die Wes-Transvaalse delwerye, jeugboeke en boeke oor natuurbewaring. Hy skryf nog steeds en het verskeie ongepubliseerde manuskripte. Maar deesdae sê uitgewers sy boeke is te regs. En in liefdesverhale vir boekeklubs stel hy nie belang nie. "Ek kan nie oor die liefde skryf nie".

Een van sy bekendste boeke is 'n roman oor die OB-verset, *En drie maal kraai die haan* - in wese die verdoeselde verhaal van Van Blerk self.

Van Blerk verteenwoordig 'n geslag van wie die moderne Afrikaners wat knus en gerieflik in die stede woon, al byna vergeet het en waarvan jong mense min weet of verstaan. Dis 'n geslag wat in die armoede en depressie van die dertiger- en veertigerjare grootgeword het: ontwortelde plattelanders wat in hul duisende na die stede gestroom het. Met net 'n standerd ses-sertifikaat in die sak, word Van Blerk in dié jare 'n diamantdelwer, houtkarweier, fabriekswerker, soldaat, gewone hande-arbeider op die spoorweë en paaie, en mynwerker tot en met sy arrestasie in 1942.

Dié week gesels ons in sy ruim voorkamer op 'n landbouhoewe in die gebied Petit-Zesfontein, noord van Benoni. Hy het die grond in die laat-dertigerjare gekoop. Die jare toe hy in die tronk was, het die OB sy paaiemente op die hoewe betaal. In opdrag van kommandant-generaal Hans van Rensburg, het die OB die volle bedrag afbetaal uit erkenning vir Van Blerk se bydrae tot die versetstryd teen die Smuts-regering en dié se deelname aan die oorlog teen Duitsland.

Eers het Van Blerk geweier om met VWB te praat. "Ek is onbeskaamd regs - en as ek iets te sê het, sê ek dit aan só 'n koerant. Met 'n linkse koerant praat ek nie, want my standpunte sal verdraai word," was sy beswaar.

Maar die onderhoud word toe uiteindelik iets méérs. Dit word 'n herontdekking van my eie verlede, herinneringe aan my lewe as laerskool-seun in die oorlogsjare.

Ek onthou die geesdriftige skares van tienduisende by politieke vergaderings met Hans van Rensburg as spreker. En nieteenstaande die binnegevegte tussen die NP en die OB - wat met tye intens bitter was - het ons heimlik sáámgejuig wanneer poskantore opgeblaas is; was ons óók woedend oor die arrestasie van anti-oorlogbetogers deur die Smuts-regering; het ons óók bygedra tot kollektelyste vir die vroue en kinders van geïnterneerdes en gevangenes.

Ek onthou Van Blerk as 'n Afrikaner-held van daardie jare - en die blydskap en vreugde met sy vrylating in 1948.

Ons praat oor sabotasie en die swaar armblanke-jare, sy doodstraf en sy gevangenis-herinneringe, die huidige politiek, die begenadiging van McBride en Strydom.

Hy is steeds keihard-regs, simpatiek jeens Hitler, verwerp die "mite" van die dood van 6 miljoen Jode as "vervalsing van die geskiedenis", en verwerp enige vergelyking tussen die Stormjaers se optrede in die veertigerjare en die versetstryd van die ANC se Umkhonto weSizwe.

Vandag se Afrikaners vergeet waar hulle vandaan kom, sê hy terwyl hy terugkyk na die bitter armoede van die dertigerjare.

"In 1935 was ek gelukkig om teen vier sjielings en nege pennies (49 sent) per dag by die Braamfontein-spoorwegwerke te werk. Ons moes passasierswaens afskraap om oorgeverf te word. Die skof was van seweuur soggens tot vyfuur smiddags.

"Saam met my was twee Coetzee-broers hier van Zesfontein-plotte. In die koue winters het hulle elke dag die 90 kilometer heen en weer per fiets afgelê. Maar nooit het hulle gekla dat die lewe hel was nie.

"Hulle was te dankbaar dat hulle weer werk gehad het.

"Toe die werk klaar was, is ons afgedank. Ek was gelukkig om vir 'n paar maande werk in Johannesburg te kry. Ons het met pik en graaf strate help bou.

"En het ons gewerk! Die derduiwel van 'n voorman het jou twintig minute aaneen dopgehou. Daar was nie sprake daarvan dat jy op jou graaf kan leun en 'n lang ruk rus nie, soos wat ons anderskleurige vriende vandag so gewoond is om te doen.

"Die voorman sou jou uitskel of jy sou jou werk verloor - en daar was ander wat dit maar te graag sou wou doen."

Oor die oorlogsjare praat ons lank. Oor Robey Leibbrandt, wat saam met hom in die gevangenis was tot 1948.

"Hy was 'n ongebalanseerde en uiters onaangename mens. Leibbrandt was die tipe man wat woedend kwaad kon word as jy nie honderd persent met hom saamstem nie.

"'n Hoofbewaarder het hom as 'n baie gevaarlike man beskryf, maar bygevoeg dat hy gelukkig die vermoë gehad het om sy eie brekfis te organiseer. Hy het altyd baie planne gehad, maar was 'n onheilspellende faktor in die gevangenis. Tog het hy selfs onder die bewaarders en ook sommige van ons mense aanhangers gehad wat deur hom beïndruk was."

Van Blerk werp ook lig op 'n tergende moord teen die einde van 1944 op ene Lötter in die Pretoriase voorstad Waverley. Een aand in half-skemerlig het drie mans by sy huis opgedaag. Lötter - 'n OB lid - wou gaan hoor wat hulle soek en word toe koelbloedig doodgeskiet.

"Ons het verneem dat Lötter 'n 'waarheidsridder' was, die naam wat ons destyds aan informante gegee het. Hy het doelbewus die OB geïnfiltreer. Daar was nooit enige bewys dat hy deur die Stormjaers geskiet is nie, maar hy sou die hoofgetuie wees in 'n saak teen twee vroue wat van spioenasie in Duitsland aangekla is."

Hy vertel met smaak die verhaal van ene Croucamp wat deur die Stormjaers in 1941 ontvoer en tot ná die oorlog weggesteek is.

"Croucamp was 'n konstabel en het 'n aantal polisie-offisiere verraai wat in die geheim tot die OB behoort het. In 1941 sou hy hoofgetuie wees in 'n hoogverraadsaak teen 52 van hulle. Hy is toe ontvoer, en kan gelukkig wees dat hy met sy lewe daarvan afgekom het.

"Die saak het verval, maar meer as 400 mense is toe geïnterneer, onder andere mense soos Chris Neethling - Lothar Neethling se pa. Ook die akteur Carel Trichardt se pa was daar."

Van Blerk vertel ook die storie van Blossom Kotze, 'n "rou Engelse" vrou uit Natal wat met 'n Stormjaer getroud is. Haar man is gearresteer en aangehou, maar het geweier om sy vriende te verraai.

"Blossom, sewe maande swanger, word toe ook gearresteer en in vuil, luis-besmette polisieselle aangehou. Sy is gesê sy sal aangehou word totdat sy haar man oorreed om 'n verklaring af te lê. 'n Tyd lank het sy halsstarrig geweier, maar op 'n dag stem sy toe in om met haar man te praat.

"Daar gekom, sê sy: 'Ek kry swaar, dis koud, ek is verwagtend en die luise vreet my op. Doen 'n verklaring aan die polisie, dan kan ek huis toe gaan.

"Maar luister mooi - as jy so 'n verklaring doen, sê ek jou nóú: ek wil jou nooit weer sien nie. Die ongebore kind hier in my maag sal jou nooit ken nie. Want ek kan hom nie vertel dat hy 'n Afrikaner-verraaier as vader het nie.'"

Die man het nooit gepraat nie, en hulle moes hom later vrylaat.

"Sy verdien spesiale vermelding", sê Van Blerk, wat een van sy boeke aan haar opgedra het. VW

Alle *vryheidstryde* is nie dieselfde nie

Daar is hoegenaamd geen ooreenkoms tussen die Ossewabrandwag (OB) se sabotasie-optredes in die veertigerjare en die militêre stryd van die ANC nie. Dis vals om iemand soos die MK-saboteur Robert McBride met die ter dood veroordeelde Stormjaers van die OB te vergelyk.
Dít is die besliste mening van Hendrik van Blerk, skrywer en oud-Stormjaer, wat self in 1942 ter dood veroordeel is, en ná 28 dae in die dodesel deur die Smuts-regering begenadig is.
Van Blerk verduidelik sy siening só: "Ons stryd as Afrikaners onder die Engelse oorheersing, was 'n stryd om voortbestaan, 'n stryd om vryheid van die Engelse oorheersers. "Maar die stryd en oogmerke van die ANC is gans anders. Hulle is kommuniste of word deur die SAKP beheer en hul mikpunt is totale oorheersing. Hulle wil die hele land vir hulle self hê. Hoeveel keer moes ons die laaste tyd nie hoor hulle wil die hele land hê nie?"
Die Afrikaner wou nog nooit andere oorheers nie, sê Van Blerk. Hy het die swartes nog altyd die "tradisionele grondgebied gegun waarop hulle geregtig is. Boonop, sê hy, gee die ANC nie om vir menselewens nie, "terwyl ons in die oorlog uit ons pad gegaan het om te sorg dat niemand gedood of beseer is tydens sabotasie-aanvalle nie".
Van Blerk antwoord nie graag reguit op die vraag hoe hy die begenadiging van Robert McBride en Barend Strydom sien in die lig van sy eie angsvolle ervaringe 49 jaar gelede nie. Hy is ook traag om te sê of daar enige vergelyking te tref is tussen die versetstryd van die ANC se MK en die Stormjaers van die OB vier dekades gelede.
Hoe sien hy die gelyktydige begenadiging van McBride en Strydom? Is dit 'n poging om die politieke geweld na links en regs te ontlont?
"Ek kan glad nie begryp dat ons mense nie kan besef wat die kommunisme is nie en hoe dit werk nie," sê hy. "Dié mense het 'n ander dimensie en dink en tree anders op.
"McBride is mos 'n kommunis," sê hy.
En as hy nie een is nie, dan is Mandela en die ander leiers mos kommuniste.
Nee sê ek, Mandela is beslis geen kommunis nie. Maar Van Blerk en sy vrou glo my nie.
"Wat is McBride nou eintlik - Engels, Afrikaans of 'n Skot?"
Nee, hy is 'n bruinmens, sê ek.
Hy antwoord met 'n verwysing na die situasie in Kenia tydens die Mau Mau-veldtog van die vyftigerjare. Indiërs wat destyds meestal die swartes se kant gekies het, moes uiteindelik na Engeland vlug.
"Dit was die begin van Engeland se ernstige rasseprobleme. Een van die redes waarom Engeland vandag by die ander Europese lande agter geraak het." Die implikasie vir McBride is duidelik.
Van Blerk sê hy is bevrees Suid-Afrika het sedert 1933 die slagoffer geword van verkeerde en valse inligting deur die radio, koerante en televisie.
Net soos die wêreld vals oor Hitler en die Jode ingelig was - iets wat volgens Van Blerk deur "onlangse inligting" bewys is - net so is SA vandag verkeerd ingelig oor die ANC, waarsku hy.
Die toestroming van onwettige AK47's en ander wapens die land in is net aan die ANC te wyte. En by implikasie die vlaag van aanrandings en moorde op bejaarde witmense ook.
Van Blerk wil hom egter steeds nie direk uitspreek oor wat hy van McBride se begenadiging dink nie. Sy vrou waarsku: "Moenie onverantwoordelike dinge sê of weer in die moeilikheid beland nie."
Wat McBride betref, volstaan Van Blerk dan maar met wat Andries Treurnicht daaroor te sê het, want hy is 'n lojale lid van die KP.
"Maar ek is bly dat Strydom begenadig is - hoewel ek nou nie sy dade kan goedkeur nie. In my lewe het ek my bes gedoen om as mynwerker die swartmense onder my billik en regverdig te behandel. Ek was daarvan bewus dat die kapitalistiese base bo my was en dat ek eintlik niks anders was as die slawedrywer van die mense onder my nie.
"Deur soos Strydom op te tree wen jy niks en verloor jy baie."
Maar hoewel hy self ook byna 'n slagoffer aan die galg was, glo hy in die behoud van die doodstraf.
"Dit sou 'n groot fout wees om dit af te skaf. As iemand 'n daad pleeg wat met die dood gestraf moet word, moet hy gehang word.
"Kyk net hoe ontsettend het misdaad, moord en aanrandings die laaste tyd toegeneem. Dis omdat die doodstraf nie meer toegepas word nie," meen Van Blerk.
Hy is nie verbitterd oor die gebeure byna 50 jaar gelede nie, en sê hy het geen geestelike of ander letsels oorgehou van sy ervarings in die dodesel nie.
"My man is 'n baie ewewigtige, kalm mens. Niks versteur hom nie," sê sy vrou.
Met 'n halwe glimlag sê die klein, skraal Van Blerk: "Weliswaar het ek deur die jare heen 'n paar keer gedroom ek word in 'n hoenderhok vasgekeer en vergeefs op en af gehardloop om 'n uitgang te soek. Dan skrik ek wakker, nat van die sweet. Maar in geen ander opsig is my lewe deur die doodservaring geaffekteer nie. Dit het my nie afgeskrik van òf my ou lewensfilosofie òf my politieke ideale nie.
"In 1948, ná ses jaar in die gevangenis, het ek herhaaldelik gesê ek sou in dieselfde omstandighede weer presies dieselfde doen."
Hy herroep die gespanne oomblikke tydens die sabotasie van die Benoni-poskantoor in Mei 1942.
"Ons is versoek om die poskantoor in Benoni op te blaas. Dieselfde aand sou die poskantore van Boksburg en Alberton ook opgeblaas word, maar dit het nie gebeur nie. Ons wou die regering verplig om soveel troepe moontlik in die land te hou en nie na die gevegsfront te stuur nie.
"Die bom was gestel vir 11.30 die aand, want dan sou daar nie mense wees nie. Ek het die plofstof gesteel by die myn waar ek gewerk het. Ek het die poskantoor totaal in sy kanon opgeblaas," vertel Van Blerk trots.
"Dit was ons eerste sabotasie-daad. Ons was onervare en kon nie betyds wegkom nie. Wagte het op ons geskiet en Julian Visser is op heterdaad betrap. Ek is te voet myle ver deur die nag na vriende. Die volgende dag is ek by generaal Danie Strydom, ons leier, gevang. Strydom, Visser, Tiaan Ferreira en ek is gearresteer.
"Omdat ek geweier het om te praat, was daar geen saak teen Strydom nie. Ons ander drie het voor drie regters in die Hooggeregshof in Johannesburg verskyn."
Pat Jerling, 'n assistent kommandant-generaal in die OB, was die advokaat vir die verdediging. Die klag was kwaadwillige beskadiging van staatseiendom, en ingevolge 'n oorlogsmaatreël was dit outomaties met die dood strafbaar as plofstof gebruik is.
Oor sy gewaarwordinge tydens die saak (wat nege dae geduur het) vertel Van Blerk: "Mens voel vreeemd en ontuis om as jong, ongeleerde Afrikaner voor die geleerde regters en advokate te verskyn. Maar ek het myself wysgemaak ek staan vir 'n ideaal, ek verteenwoordig 'n idee - terwyl die mense wat my moet oordeel almal betaalde amptenare van die regering is.
"Ons wou protesteer omdat generaal Smuts, sonder om 'n verkiesing uit te roep, oorlog teen Duitsland verklaar het, 'n land wat ons nooit kwaad aangedoen het nie.
"Daarom kon ek vir myself sê: 'Jy is méér as daardie mense, moenie vir hulle bang wees nie. Hulle is huurlinge, maar jy staan hier as 'n vry mens."
Oor die doodsvonnis vertel hy: "Op daardie oomblik is mens natuurlik in 'n toestand van skok. Toe regter Schreiner my vra of ek iets wil sê voordat hy die doodsvonnis oor my uitspreek, antwoord ek : 'Ek het baie om te sê, maar ek dink nie dis nou die tyd daarvoor nie.' Ek glo nie die oubaas het my verstaan nie.
"Visser en ek is toe af na die selle. Tiaan Ferreira, wat onskuldig bevind was, was reeds daar. Toe Jerling aankom, maak ek nog 'n grappie en hy bars uit: 'My magtig - in dié omstandighede maak julle nog grappe!'
"Intussen staan Ferreira in die hoek van sy draadsel en huil onbedaarlik. Hy wou nie vry wees nie, hy wou sáám met ons skuldig bevind gewees het."
Van Blerk en Visser is reguit na die dodesel in Pretoria gebring. Toe bars daar landwyd 'n storm van protes los.
Van Blerk vertel: "Deur ons optrede het ons Smuts se noodregulasies uitgedaag. Malan as NP-leier begin toe 'n petisie wat sê ons moet begenadig word omdat ons mislei is en nie geweet het wat ons doen nie. Dit was 'n bedekte politieke steek na die OB
"Van binne af laat ek my ondersteuners toe weet: Moet dit nie teken nie. Ek weier om by Smuts om genade te smeek. En Hans van Rensburg sê op 'n openbare vergadering die petisie is 'n belediging vir ons."
Op 'n Vrydag 'n maand later word Van Blerk en Visser in kennis gestel: die Hoofregter het 'n aansoek om appèl verwerp - die Maandag word hulle gehang. Maar die Saterdag verneem hulle dat Smuts hulle begenadig het.
In die 28 dae in die dodesel het hy nomaalweg geslaap, hoewel die ligte deurgaans geskyn het.
"Natuurlik is mens in jou onderbewuste heeltyd daarvan bewus. Dit is 'n gevoel heeltemal op sy eie. Ek was lief vir die lewe. Ek wou nie sterf nie.
"Dit was nie soseer angs wat ek gevoel het nie, eerder diepe verdriet. Jy is deurentyd beetgepak deur 'n gevoel van verdrietigheid," vertel Van Blerk. As dit nodig is, sê hy, doen hy dit weer. VW

ter suide

Die Afrikaner, amptelike blad van die enigste wit werkersparty - die HNP (onthou julle nog?) - sien 'n heks se swart onderrok uithang agter die nuwe embleem wat die TV-nuus deesdae voorafgaan.
Kyk mooi: die driehoek en kring in die embleem het mos baie gemeen met die Vrymesselaars-driehoek, waarvan die punt na onder wys, en die roterende ronde bal wat die "alsiende oog" van die Illuminati voorstel, waarsku Die Afrikaner. En soos julle weet, is dié okkulte-simbool 'n wêreldwye verskynsel - tot op die Amerikaanse dollar-noot is dit te sien.
Nog erger, onthou julle Kerstyd verlede jaar? Daardie koor op die TV wat kort-kort van 'n "rooi vlag" gesing het? Die vraag is nou natuurlik: wie het dié nuus-embleem ontwerp - en wie het dit goedgekeur? Hmmm?
Die Illuminati en geldbase streef mos na 'n nuwe wêreldorde, 'n gemengde wêreldras, 'n eenvormige wêreldgeloof, en 'n enkele wêreldkultuur. Natuurlik alles onder beheer van 'n enkele wêreldregering.
G'n wonder apartheid is op pad uit nie.

•

Dis nie net die HNP wat die okkulte looi nie. Die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) - daardie skeurkerkie wat weens politieke oorwegings van die "linkse" NGK weggebreek het - het in sy jongste bladjie met die naam Die Boodskapper 'n hele handleiding met illustrasies van "bose" simbole.
Soos die bokkop binne die wyfpuntster, tarot-kaarte, die heksepoot, die vlinder (ja, dié onskuldige vlerkies simboliseer iets baie stouts), die gehapte appel, die son, die Sjinto-simbool, die halaal- en die Islam-teken.
By een simbool, die bokkop hiernaas, roep die byskrif darem die heksejag tot 'n halt: "Dié embleem mag nooit verwar word met die bokkop van Satan nie, dit is inteendeel die geregistreerde embleem van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde en dui gehalte aan."
Sjoe, amper het die mense hulle strykysters probeer verbrand. Nou moet hulle nog net kyk of al die verkeerstekens kosjer is.

•

Die Kerkbode, blad van die NG Kerk, bring weer soos gewoonlik sy kant om onsensitiewe kommentaar te lewer op erg sensitiewe sake in die NG Kerk in Afrika.
Verlede week het die redakteur, Frits Gaum, dit oor 'n besluit van die NGKA se Algemene Sinodale Kommissie om die amptelike blad van dié kerk, Die Ligstraal, te sluit. Die sluiting van die blad, sê Gaum, "werp vrae op oor die 'kerklike persvryheid' wat in ons familiegeledere geduld word".
Ag, wie's nou lus om die lang en ingewikkelde stryd rondom Die Ligdraer hier oor te vertel? Mens kan maar net noem: Gaum se hoofbeswaar teen die redaksionele kommentaar in dié blad is dat skerp kritiek teen sy eie kerk uitgespreek is aangaande besluite van die Buitengewone Sinode.
Kan die redakteur van die geagte Kerkbode ons sê: is die doel van 'n amptelike blad dan nie juis om die standpunte van die moderatuur van sy kerk te steun en uit te dra nie? Gaum van alle mense behoort dít mos te weet - hy het dit self nog nooit gewaag om omstrede besluite van sy eie moderatuur te kritiseer nie.

•

Danie Craven, 80 plus, het glo so 'n paar jaar gelede van Danie Gerber gesê hy is te oud, hy moet aftree. Nou wil Oom Danie glo aan verslaggewers begin donner. Nou sê ons aan oom Danie: jy is te oud, en jy moet nou rêrig aftree...

'Dan kan ANC en SAKP *van mekaar skei'*

'n Gesprek wat kerkleiers so pas met Nelson Mandela oor die Rustenburg-verklaring gevoer het, het prof Johan Heyns van die NG Kerk 'n bemoedigende nuwe siening van die ANC-leier gegee,

skryf **HENNIE SERFONTEIN**

As die ANC-SAKP-alliansie die gemeenskaplike doel bereik het - om apartheid te vernietig - kan dié twee organisasies se weë skei.
Dié opmerking is verlede week deur die vise-president van die ANC, mnr Nelson Mandela, teenoor kerkleiers gemaak wat hom oor die Rustenburg-verklaring kom spreek het.
Prof Johan Heyns, vise-voorsitter van die Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk, het vandeesweek aan *Vrye Weekblad* gesê hy het Mandela gevra of die ANC-SAKP-alliansie beteken dat die ANC die ateïsme van die kommunisme onderskryf.
"Mandela het aan ons uitgespel dat die alliansie beoordeel moet word in die lig van sy verklaarde doelwitte. Die twee partye het om historiese redes 'n samewerkingsooreenkoms gesluit ten einde 'n gemeenskaplike doel te bereik: die vernietiging van apartheid."
Dit was insiggewend dat Mandela in dié verband na die alliansie tussen die Westerse lande en die Sowjet-Unie in die Tweede Wêreldoorlog verwys het, sê Heyns. Die doel van dié alliansie was om Hitler en Nazi-Duitsland te verslaan. Toe dít gedoen is, het dit die einde van daardie alliansie beteken, het Mandela gesê.
Heyns sê Mandela het baie duidelik geïmpliseer dat sodra apartheid vernietig is, daar geen rede meer is om langer met die SAKP saam te werk nie.
ANC-lede het vandeesweek teenoor *Vrye Weekblad* bevestig dat Mandela inderdaad die samewerking met die SAKP só geskets het. Hy het gesê daar is belangrike verskille tussen die ANC en die SAKP. Die ANC is 'n nasionalistiese organisasie terwyl die SAKP steeds 'n sosialistiese doelwit nastreef.
Heyns sê hy was diep beïndruk deur Mandela.
"'n Mens het nooit besef hoe belangrik die kerk en godsdiens vir Mandela is nie.
"Die besoek was uiters insiggewend, want dit was vir ons belangrik om te kon hoor wat Mandela oor dié sake dink. Dit was ook belangrik omdat dit vorige skrikbeelde oor die ANC se standpunt oor godsdiens totaal verkeerd bewys het."
Heyns sê die meeste lede van die kerk-afvaardiging was verbaas oor die indringende en deeglike wyse waarop Mandela die gesprek hanteer het.
"Dit was ons wat gegaan het om hom in te lig. Maar toe hy ons voorlegging beantwoord, het hy maklik 'n uur lank gepraat oor die politiek, die kerk en die godsdiens.
"Mandela het vertel hoe belangrik die kerk en die godsdiens vir hom was in sy jare in die gevangenis. Veral in die vroeër jare is sake vir die ANC-leiers besonder moeilik gemaak. Daar was probleme oor gereelde besoeke en behoorlike geriewe.
"Mandela het ons vertel hoe baie die weeklikse kerkdienste deur verskillende predikante vir hom beteken het en hoe dit hom bemoedig het. Hy het veral met waardering gepraat van ds A Schaefler van die NG Kerk in Afrika. "Mandela het met deernis vertel hoe Schaefler se preke 'n diep indruk op hom gemaak het.
"Een ding het vir my gou duidelik geword: die godsdiens en die kerk is vir Mandela gee rand-verskynsel in sy lewe nie."
Heyns sê Mandela het dit baie duidelik gestel dat hy die rol van die kerke baie belangrik ag, en veral dat die kerk gesindhede moet aanspreek. Wat Heyns veral getref het, is dat Mandela nie net die belangrikheid van kerkeenheid spesiaal beklemtoon het nie, maar bygevoeg het dat die eenheid van die NG Kerk-familie vir hom 'n belangrike saak is.
Mandela was bekommerd daaroor dat die kerke mekaar soms onnodig teenwerk.
"Ek het dit as besonder betekenisvol beskou dat hy ook sy vinger op die pols van sake binne die NG Kerk-familie het - juis noudat daar ernstig oor die saak van kerkeenheid gepraat word."
Heyns sê Mandela het die afgevaardigdes onkant betrap met die opmerking dat sommige ANC-vergaderings met gebed geopen word, al is nie-Christene soos Slovo en ander SAKP lede aanwesig. Dit was nadat dr Frank Chikane, hoofsekretaris van die SA Raad van Kerke, die voorlegging van die kerkleiers afgehandel het. Mandela het gesê hy is verbaas dat die kerkleiers nie ook die vergadering soos gebruiklik met gebed geopen het nie.
Dié vriendelike teregwysing is ter harte geneem. Dr Louw Alberts, mede-voorsitter van die Rustenburg-beraad, het die gesprek met 'n gebed afgesluit.

VWB

NUUSTYDSKRIF

ONAFHANKLIKE JOERNALISTIEK OP SY BESTE TEEN 'N KWART VAN DIE PRYS

Dié spesiale aanbod is nie te versmaai nie: R57 vir 'n jaar se *Vrye Weekblad* by jou huis of kantoor afgelewer of per pos aangestuur (die gewone prys is R75), en R30 vir ses maande (gewone prys: R40). AVB is ingesluit.
Is jy onseker of *Vrye Weekblad* jou soort koerant is? Teken dan net vir drie maande in - vir net R17,50 (AVB ingesluit). Dié aanbod geld net vir drie maande. Vul dus dadelik dié vorm in en stuur aan:

***Vrye Weekblad* Verspreiding,**
Posbus 177,
Newtown
2113.

Ek wil op *Vrye Weekblad* inteken vir:

Twaalf maande ☐ ses maande ☐ drie maande ☐

en sluit 'n tjek/poswissel vir R ..... in.

Naam.....

Adres.....

.....

Boesak kan 'n *troefkaart* word vir ANC

Hoewel Allan Boesak steeds nie lid is van die ANC nie, kan hy moontlik binnekort op leierskapsvlak by dié organisasie betrek word, skryf **HENNIE SERFONTEIN** ná 'n lang gesprek wat Nelson Mandela pas met die gewese kerkleier gevoer het

ALLAN BOESAK

Die gewese kerkleier Allan Boesak kan binnekort 'n belangrike rol binne die ANC begin speel - heel waarskynlik op leierskapsvlak.
Dit is al afleiding wat mens kan maak ná die onverwagse gesprek van byna negentig minute in Johannesburg twee weke gelede tussen Nelson Mandela en Boesak.
Mandela het Boesak blykbaar spesiaal versoek om 'n vergadering van invloedryke leiers wat hy byeengeroep het in Johannesburg by te woon.
Op die vergadering het Mandela breedvoerig aan hulle die redes en agtergrond van die ANC se sogenaamde ultimatum aan die regering uiteengesit.
Maar hy het Boesak gevra om 'n dag vroeër te kom soðat hy alleen met hom kon gesels.
Voor sy vertrek na die Verenigde State verlede week wou Boesak geen inligting oor die ontmoeting verstrek, of selfs erken dat dit plaasgevind het nie. Hy is nog steeds nie lid van die ANC nie.
Maar dis geen geheim nie dat die ANC-leierskap diep onthuts is oor die gebrek aan vordering met die ANC-organisasie, veral in streke soos die Wes-Kaap. Veral onder bruinmense is daar kennelik 'n weerstand teen aansluiting by die ANC, veral vanweë die groot betrokkenheid van kommuniste by die ANC-leierskap.
Groot woede is onder gewone ANC-lede, veral swartmense, veroorsaak toe dit bekend geword het dat die SAKP-lede Boesak uit die ANC-leierskap in die Kaap wil hou.
Onlangs het meningspeilings gewys dat merkwaardig baie bruinmense F W de Klerk kan ondersteun, deels uit vrees vir die SAKP se invloed in die ANC.
Ironies het Chris Hani, die uitgesproke MK-stafhoof en SAKP-leier, waarskynlik 'n bydrae gelewer tot die ontmoeting tussen Mandela en Boesak. Kort tevore het Hani saam met Boesak 'n skare van 60 000 op 'n ANC-vergadering in Uitenhage toegespreek.
Hani het uit sy pad gegaan om Boesak met groot warmte en geesdrif te verwelkom. In sy toespraak het hy - onder groot toejuiging - lang dele van die welsprekende Boesak se Engelse toespraak in Xhosa herhaal.
Maar dis duidelik dat Boesak se aktiewe toetrede tot die ANC daarvan sal afhang dat die nasionale leierskap eers die probleme aangaande Boesak by sekere ANC-SAKP-leiers besleg.
As Boesak binnekort sy gewig ten volle by die ANC ingooi, sal dit slegte nuus wees vir FW de Klerk, wat blykbaar nou self glo dat die NP in 'n alliansie die ANC van 'n volslae meerderheid in 'n verkiesing kan weerhou.
Met Boesak se geweldige aanhang sal hy vir die ANC 'n troefkaart wees - veral onder bruin leiers - wat De Klerk se verwagtinge 'n nekslag sal toedien. VW

'Hoe het my aanvallers geweet ek is daar?'

Twee geheimsinnige aanslae op die lewe van die ANC se regsverteenwoordiger Penuell Maduna verlede jaar bly steeds onopgelos. Die moordpogings het verskeie ontstellende aspekte, het hy aan **HENNIE SERFONTEIN** vertel

"Die twee moordpogings op my was fyn beplan - daarvan is ek oortuig. Dit is uitgevoer deur mense wat alles van my af geweet het en duidelik die vermoë het om die ANC se telefoongesprekke af te luister."

Dit is die vaste oortuiging van die ANC se regsverteenwoordiger Penuell Maduna, die teiken van twee geheimsinnige moordaanslae verlede jaar.

Hoewel daar verskeie onbeantwoorde vrae oor die aanvalle en veral oor die polisie se hantering van die sake is, weier Maduna om die polisie prontuit van enige direkte of indirekte betrokkenheid te beskuldig.

"Die feite spreek vanself. Elkeen kan sy eie afleidings maak. En hoe kan ek hulle beskuldig as ek vanmiddag weer in Pretoria met hulle oor sake soos geweld en die vrylating van politieke gevangenes gaan onderhandel?"

Volgens hom is sy eie onopgeloste geval maar een van talle geweldsake wat die ANC die regering daarvan laat beskuldig dat die polisie-ondersoek onbevredigend is. Dit is dan ook die grondslag van die onlangse ANC-pamflet.

Maduna sê sy geval is ook al in gesprekke met Staatspresident F W de Klerk ge-opper.

Hy sê die kernfeite van die eerste aanval in Julie verlede jaar is die volgende:

Volgens inligting bekend aan die ANC was 'n misdadiger bekend as "Cox" - sy volledige naam is Nkukhwana Mdluli - verhoorafwagtend in die maksimum veiligheidsgevangenis Westville buite Durban. Kort voor die moordaanval is Cox, om redes wat nog nie deur die polisie verduidelik is nie, oorgeplaas na die Moroka-polisieselle - wat nie 'n maksimum veiligheidsgevangenis is nie.

Dit is ook naby Rockville, van waar Cox afkomstig is - en waar hy berug is as 'n ou erkende misdadiger. Maar Rockville is ook waar Maduna en sy gesin sedert hul terugkeer van Lusaka woon.

Kort ná sy oorplasing na die Moroka-gevangenis het Cox op onverklaarbare wyse uit polisie-aanhouding ontsnap.

'n Paar dae later was Cox een van 'n groep mense wat Maduna vroeg die aand by 'n vulstasie naby sy huis voorgekeer het. Cox - wat deur Maduna herken is - het op hom geskiet. Maduna is op ses plekke verwond.

"Wat ek vreemd vind," sê Maduna, "is dat ek onmiddellik ná die skietery 'n polisievoertuig stadig sien verbyry het met twee witmense daarin. Maar hulle het nie stilgehou of ondersoek ingestel nie. Later het die polisie beweer dat ondersoek ingestel is na 'n ander skietery in die omgewing waarvan niemand bewus was nie.

"'n Paar uur later het twee jong wit polisie-offisiere my besoek. Eienaardig was al wat hulle my oor die voorval gevra het of ek deur die polisie geskiet is. Ek het gesê nee."

Kort daarna, sê Maduna, het ene luitenant Radley sy skoonsuster oor die aanval kom sien. "Hy het haar sinies verseker dat Cox 'n lyk sal wees teen die tyd dat die aanvallers voor die hof kom."

Maduna vind dit merkwaardig dat Cox kort daarna doodgeskiet is in omstandighede wat nog nie behoorlik verklaar is nie.

Twee maande later het die tweede aanslag op Maduna se lewe plaasgevind.

Hy vertel:

"Die oggend van 19 September hoor ek oor die radio dat iemand gevang is in verband met die moordaanslag. Later die dag bel my skoonpa in Durban my by die ANC-kantore in Johannesburg.

"Hy sê my jong swaer is op pad na ons en ken Soweto nie. Hy vra my toe om hom asseblief om drie-uur by die Baragwanath taxi-staanplek te ontmoet.

"Veiligheidshalwe het ek 'n splinternuwe motor gebruik - een wat ek nog nooit tevore bestuur het nie - en kort voor drie by die staanplek aangekom.

"Ek het pas stilgehou, toe roep iemand: 'Maduna'. Toe ek omkyk, was daar drie mans by my. Hulle het my verblind deur onverwags iets in my oë te gooi. Toe begin hulle my ongenadig aanrand. Ek het bewusteloos geraak."

Maduna sê die tweede aanval het drie uiters onrusbarende aspekte: "Dit is duidelik dat ons telefoongesprekke afgeluister word - want hoe anders kon my aanvallers my so op die regte oomblik by die regte plek inwag? Die aanvallers het ook vooraf my naam geken. En die aanval het plaasgevind op dieselfde dag dat aangekondig is dat iemand in verband met die eerste aanval gearresteer is."

Nou moet die ANC besluit

Gaan die ANC deelneem aan die veelparty-konferensie oor geweld wat deur Staatspresident FW de Klerk voorgestel is? Die besluite wat die organisasie oor dié en ander twispunte moet neem, sal sy toekomstige verhoudinge met die regering bepaal. Maar in die ANC is daar verdeeldheid oor dié kwessies, skryf **HENNIE SERFONTEIN**

Die ANC-leierskap moet in die komende dae indringende besluite neem oor drie belangrike sake wat van groot belang vir sy toekomstige verhoudinge met die regering gaan wees.

Dit behels die volgende:

* Sal die regering teen 30 April voldoen aan die Pretoria-Minuut ten opsigte van die terugkeer van uitgewekenes, maar veral die vrylating van politieke gevangenes?
* Sal die regering teen 9 Mei aan die ANC-ultimatum se eise oor die beëindiging van geweld voldoen?
* Moet die ANC die regering se uitnodiging aanvaar na 'n veelpartykongres die derde week in Mei oor die kwessie van geweld?

In die geledere van die nasionale uitvoerende bestuur (NEC) is daar verdeeldheid oor die saak. Op die jongste NEC-vergadering was daar soveel verskille oor die kwessie van De Klerk se veelparty-konferensie dat geen finale uitsluitsel bereik kon word nie.

Die NEC het toe besluit om die saak na die 14 streke te verwys. Hulle is ten volle toegelig oor die redes en die agtergrond van die ANC-ultimatum, De Klerk se uitnodiging en die regering se antwoord op die ANC se eise.

Polities besef baie leiers in die ANC dat dié organisasie beswaarlik die uitnodiging om aan die konferensie deel te neem van die hand kan wys sonder om verdere simpatie en steun - veral buitelands - in te boet.

Dit is dan ook betekenisvol dat Nelson Mandela dié week in Londen verwys het na twee "positiewe voorstelle" deur F W de Klerk: „die byeenroep van 'n veelpartykonferensie om die geweldkrisis te bespreek, en die aanstelling van 'n kommissie van ondersoek na die geweld.

Maar dit is veral die laasgenoemde saak wat die ANC hoofbrekens verskaf. Die ANC vra 'n onafhanklike geregtelike kommissie van ondersoek, terwyl De Klerk se voorstelle 'n permanente veelparty-struktuur behels om geweld te ondersoek - sonder om, volgens De Klerk, onnodig in die verlede te delf.

Die ANC sê egter die wortels van die huidige geweld moet gesoek word in 'n politieke verlede wat regeringsmoordbendes, vigilantes en die ondersteuning van Inkatha behels. Dat die geweld van die laaste maande nie beëindig sal word as die belhamels nie opgespoor en verwyder word nie, word deur selfs die mees gematigde ANC-leiers beklemtoon.

Soos onlangs in VWB berig, is die ware betekenis van die ANC-ultimatum dat dit Mandela se persoonlike ontnugtering oor De Klerk as mens op dramatiese wyse wêreldkundig gemaak het.

In die laaste dae is daar op die hoogste diplomatieke en ander vlakke naarstig gewerk om die boodskap by De Klerk tuis te bring dat hy met politieke vuur speel, sou hy langer voortgaan met optredes wat Mandela se eie posisie in die ANC kan verswak.

Wat die omstrede kwessie van die politieke gevangenes betref, het dit tot Donderdag gelyk asof dit op 'n skaakmatsituasie tussen die regering en die ANC afstuur.

Dinsdag nog het De Klerk in Londen gesê daar is nog net 150 politieke gevangenes wat vrygelaat gaan word. Dié syfer word deur die ANC en die Menseregte Kommissie verwerp - hulle sê daar is minstens nog 1 200 politieke gevangenes.

Die SA Raad van Kerke *reageer*

Die kantoor van die hoofsekretaris van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke het 'n verklaring uitgereik na aanleiding van twee berigte in *Vrye Weekblad* van 19 April oor die "ondemokratiese" manier van afdankings van personeel van die kerkorganisasie en die gebrek aan kommunikasie tussen die sekretariaat en die personeel

DIE VOLLE VERKLARING LUI:

"We are very surprised by the articles which appeared in last week's issue of Vrye Weekblad. We consider the articles scurrilous and very concerned about the undeserved negative impression they may create.

"The SACC is going through a difficult period with meeting its budget at present - as, we believe, are many organisations which have depended on foreign funding over the years. Firstly, with the changing climate in South Africa and the economic recession in Europe, donors are re-evaluating how much they can continue to allocate to long-time recipients of their aid in South Africa. Secondly, the SACC has also to be cognisant of developments in South Africa and re-assess our projects and personpower needs accordingly. Some of our projects are therefore winding down and other new development projects have to be initiated.

"These factors have meant that personnel needs have had to be reviewed. As a result there has, unfortunately, had to be retrenchments. As anyone who has ever been involved in the retrenchment process knows - that is by either being retrenched, retrenching or being a friend or colleague of someone retrenched - the whole experience is indescribably distressing for staff, but also for management. It has been a particularly upsetting experience for the SACC as it is an organisation where close bonds have been forged through the unity created in fighting the injustices of the apartheid society.

"We reject the allegations implicit in the article that the SACC could be carrying out a vendetta against individual staff members. We are particularly disturbed by the tacit suggestions that the SACC could be involved in attacks on people and property. We believe that these and other unfounded allegations border on defamation and as a result we reserve any further comment.

"We think the Vrye Weekblad articles are misleading in that they create the impression that the opinions expressed in the articles are endorsed by the majority of the staff members.

"The other matters about thefts of money and equipment from the SACC were already under investigation long before the publication of the articles in Vrye Weekblad."



Who was David Webster, and why was he killed? This video documentary attempts to answer these questions through interviews with a wide range of individuals people like Beyers Naude, Helen Joseph, and many others. *Available on VHS only.*

Name
Postal address
Postal code
Telephone

I enclose R/$/£ _____ for _____ copies of **WEBSTER - Spirit.**

Signature _____

Address to: ELDRITCH COMMUNICATIONS, PO Box 16250, Doornfontein 2028, South Africa
Telephone (011) 648 6535

Price per copy (incl. GST & postage)	South Africa	Southern Africa	UK & Europe	USA
Libraries & institutions	R173	R176	£38	$70
Other	R 60	R 63	£14	$28

Ons is weerloos en totaal en al ontoegerus vir die lewe. *Jeanne Goosen* se roman *Ons is nie almal so nie* is verlede naweek met die *M-Net-prys* bekroon, twee weke nadat sy *Rapport se Boeke van die Jaar-prys* vir Prosa gewen het. Vir haar is die R50 000 van die M-Net-prys "afskuwelik wonderlik", maar dit maak haar ook "morbied", sê sy. **PEARLIE JOUBERT**, met 'n bandopnemer, kamera en 'n sixpack Amstels, het by haar gaan kuier

Waar kom Ons is nie almal so nie vandaan?
Ek moes gaan vir 'n maagoperasie. Ek het die ergste verwag en toe het die gesondheidsding nou met my gebeur... Aag letterkunde! met die hoofletter L, het nog nooit veel vir my beteken nie. En toe skryf ek. Onbevange. *Ons is nie almal so nie* is ook bietjie dokumentêr. Dis 'n tyd wat my aangegryp het, want ek kom ook uit die werkersklas. Ek was baie klein, maar die invloede van Ben Schoeman was ongelooflik omdat hy ook 'n werker was. Hy was 'n stoker en... 'n blêrrie Marxis, man!

Wie is die mense...?
Ek wou nog altyd oor hulle skryf. Maar voor 2 Februarie verlede jaar sou hulle nooit aanvaarbaar gewees het vir die letterkunde met die hoofletter L nie. Dié letterkunde was eintlik maar 'n bevordering van Afrikaner-nasionalisme. As mens teruggaan in die Afrikaanse letterkunde dan gaan dit maar oor droogtes en God - hoe swaarder dit met jou gaan, hoe 'n groter christen word jy - maar oor die stedelinge wat in groot mate ongeletterd en oningelig was, is nooit geskryf nie. Die ou letterkunde was maar nog altyd oor hoe meer God jou teister, hoe suiwerder kom jy anderkant uit.

Hoekom dink jy het jy die prys ontvang? Die boek vloek, die mense is common.
Maar ons is dan almal so. Dis ons agtergrond - ons is Afrikaners. Whatever that may be. Die ding speel hom af in '52 en ek het daardie mense geken. Ek kom van Parow af en ons het so Afrikaans gepraat. En toe kom die ATKV en standardiseer dié Afrikaans. Maar voor dit was die swart en bruin invloede in Afrikaans baie sterk. Nou is ons in die tyd van boetedoening, om te erken dat ons verlede eintlik baie eenvoudig was, dat ons werker-georiënteerd was. 2 Februarie het dit maklik gemaak om dit te erken.

Hoe het jy gevoel toe jy hoor jy het gewen?
Ek was oorbluf, maar ook morbied. Ek weet ek sal nie so 'n boek kan herhaal nie. As ek sou, sou dit 'n kommersiële daad wees. As daar met dié boek 'n rigting aangedui is, sou ek dit nie kan volg nie. Die ontvangs van die boek, dink ek, was maar 'n soort geestelike bevryding van almal wat kon onthou. Hoewel die boek voor 2 Februarie ingehandig is, was die politieke verslapping baie belangrik. Ek weet nie, maar ek vermoed dat die uitgewers bietjie geworry het daaroor, want die laaste twee, drie jaar is al hierdie komitees aangestel om die woorde "kaffer", "hotnot", "koelie" uit die ou letterkunde te haal. En hier kom 'n hedendaagse skrywer en bring dit alles terug. Daar was só lank koloniale druk van die Engelse se kant af en die Afrikaners wou bevryding gehad het. En hul bevryding het daarin gelê dat hulle ander mense ook kon onderdruk.

Wie is jou gunsteling-karakter?
Ek is lief vir die vroue omdat hulle so lief was vir sonde. Weens politieke en ekonomiese druk het die vroue die eerste keer uitgespring en begin werk. En hulle het kontak gemaak met die wêreld daar buite. Dit was natuurlik ook die tyd van die movies en groot sondes - May West met die *Way of All Flesh, She Done Him Wrong* en *Gone With The Wind*. Daar was 'n geweldige opbloei in die movies en die vroue hier het kontak daarmee gemaak en 'n ander wêreld het vir hulle oopgegaan! Hulle kon nie feministies wees teenoor hul mans nie, maar in hul sonde... Hulle het dit uitgeleef deur onder mekaar, die vroue, drinks te hê en sigarette. Om plate te speel van musicals. En die vroue het weggekom van die ou, starre, argaïese en Calvinistiese opvattings. Dit was die eerste vroue-opstand.

Het jy geskryf om iets te besweer?
Nee. Dit was nie so iets nie. Ek het, toe ek uit die hospitaal kom, hedendaagse Amerikaanse skrywers se goed gelees en dit was wonderlik. Hulle het so onbevange hul jeugherinneringe geskryf. En ons het nie daai bevryding in die letterkunde om net te skryf wat ons ervaar, oor wat ons onthou nie.
Jy moet onthou, ek het die boek geskryf ses maande nadat 'n klomp van ons genooi is deur die ANC. Die amptelike opdrag was: Skryf eenvoudiger. Hier is 'n kulturele opkoms. Nieamptelik en tussen die reëls was die opdrag maar om te skryf oor die swartman se kulturele opkoms. Ek het daardie idee baie ernstig vertolk en doen dit nou nog, maar ek kon dit nie doen nie. Dit sou vals wees. Ek kon net skryf oor ons eie. Oor die wit opkoms ná '48, want ek moes sien waar dit alles begin het. Die bevryding het vir my gekom toe ek sien hoe verskriklik vry die res van die wêreld kan skryf. Toe ek begin skryf oor my jeugherinneringe, oor uncle Tank en daai goed, en die mense wat ek as 'n voorskoolse kind geken het en ek kom op bladsy 18 en uncle Tank kom uit die oorlog met sy mank voet en hy sing al daai goed wat hy in Italië geleer het en toe sê hy: 'Jy kan nie met mense so maak nie al is hulle kaffers.' Toe begin die boek ernstig raak... en ek wonder: Hoe is dit moontlik in Suid-Afrika, en spesifiek in Afrikaans, dat ons so 'n wit letterkunde het? Hoe kan mens skryf sonder om bruines en swartes in te weef in die wêreld? En dit was op sigselwers 'n statement. Daar is soveel mense, soveel skrywers in die land, ons het so 'n lang geskiedenis van skryf en alles gaan oor witmense.
Dit is een ding van skryf: Daar is skielik 'n geheue wat beheer oorneem... Daar is dinge wat jy onthou wat jy nie gedink het jy onthou nie en jy kom agter dat dit baie seer dinge is wat uit jou eie kinderjare kom.

Wat onthou jy self daarvan?
Ek onthou die Williamse, ons bure, ek onthou die kind deur die draad, dat hulle moes trek. Ek was te klein om te onthou hoekom. Hulle was wat ons destyds genoem het die grand hotnots - met ander woorde die eintlike gevaarlikes. Maar as kind het jy nie geweet nie.

Hoe het dit gebeur dat jy begin verstaan het hoekom hulle weg is?
Dit was my ma se jammerhartigheid. Vir haar kon politiek en apartheid nie werk nie omdat sy in 'n chauvinistiese huis grootgeword het. Sy het in 'n tyd geleef waar die man heers en die politiek was natuurlik, en is vandag nog, geweldig manlik. Maar my ma was jammerhartig. Ons was nie almal so nie. Dit is net so.

Uncle Trunk is so romanties voorgestel...
Maar hy was nice!!! Hy het vir my lekkers gekoop en gesê jy kan nie met mense só maak nie - al is hulle kaffers. Ek het dit nie verstaan nie, maar iets in die kern van dié erns het ek begryp. Hy was goed, hy was 'n uitgeworpene en kon nie werk kry nie. Sy menslikheid, sy warmhartigheid spreek tog tot enige kind van vier, vyf jaar oud.

Het jou ma jou boek gelees?
Ja, sy woon in die Panorama spoorweg-ouetehuis. Sy het vir my gesê: Jy kan goed onthou Jeanne, maar was dit nou nodig om so baie by te lieg. Sy het gesê sy het nooit by die man met die goue tand geslaap nie. Wat waar is. Dit was fiksie, maar fiksie is tog die waarheid saam met die leuen.

En pa Piet?
Piet is waar. Dit is die man wat wou vooruit en Ben Schoeman het hulle die geleentheid gegee. Hy was die groot held, die verlosser. Hy het hulle begeester en daai tyd was die tyd van die swart gevaar, die Roomse gevaar, die rooi gevaar. Stalin het nog geleef. Jan Smuts het nog geleef en dit alles het vermenging en dus onchristelikheid beteken - alles wat induis teen Calvinisme. En dié Afrikaner, ook 'n onderdrukte deur die Britte, wou vooruit.
Die hele boek is egter beslis nie 'n vingerwyser nie. Ek probeer nie sê wie se skuld dit is nie, en dit is beslís ook nié 'n verontskuldiging van die Afrikaner nie.

Hoe het jy uit Parow gekom?
Ek het gaan swot op UCT. Dit was soos die onderdruktes vandag wat nie omgee om vloere te skrop en in winkels te werk en die kak van die wittes te vat nie - solank hulle kinders iets bereik. Dit was ook die Afrikaners van daai tyd se houding omdat hulle kinders eendag moet heers en iets moet word in die lewe - sodat ons niemand meer as volk in die oë hoef te kyk nie.

Hoekom UCT?
Dit is al waar ek 'n beurs kon kry. Ek het baie goeters geswot. Hulle het jou betaal om te swot en toe swot ek radiografie. Voor dit het ek musiek by die Rondebosch College of Music geswot en klaargemaak. Ek weet nie wat dit was nie. God, maar ek wou nooit 'n music teacher word nie.

Radiografie?
Ek was nog altyd baie lief vir die wetenskappe. As ek my lewe kon oorhê, sou ek graag 'n bio-chemikus wou wees... of 'n insekkundige. Dit gryp my aan. Die gedragspatrone wat mens by insekte kry - dis soos by die mens. Hulle het totale politieke stelsels, is diktatoriaal en dit werk! Is die uiteindelike ideaal nie maar om soos 'n termietnes te word nie? Blind, doof en totaal aangepas.

Wat doen jy toe?
Ek's toe platteland toe, Groblersdal toe, as radiograaf. As mens eenmaal 'n plaat kan neem, dan moet jy nou ook maar 'n plaat neem. Ek het omtrent nooit gewerk nie. Al wat mens kry, is wanneer 'n rugbyspeler sy pinkie breek. Toe dink ek, nee god, hier kan ek darem nou ook nie bly nie en toe gaan ek Pretoria toe en werk vir die army.

En ná Pretoria?
Ek is terug Kaap toe en het die trick baie gou gemaster. Ek't my verbeel ek kan nou skryf. Ek het blitsvinning 'n kortverhaal vir die Huisgenoot en Sarie geskryf en gesien ek kan daarop leef. Die see is 'n goedkoop plek en ek het gaan mossels uithaal en visgevang en geskryf. Toe die eerste boek uitkom, het ek besluit om weer te move. Ek hoor toe van 'n ou by Hartebeeshoek wat 'n plot wil verhuur waarop 2 000 sitrusbome is. Ek kry toe die plek en boer. Ek was 'n moerse sukses en ontmoet toe 'n Griek aan wie ek my suurlemoene, nartjies en lemoene voorsien het. Ek het gesmokkel met die goed omdat ek nie geregistreer was nie. Later het ek gaan registreer, maar het gewaai tydens die Britse dokstaking toe ek vir my hele blêrrie oes 66 sent gekry het. Toe weet ek: Eerlikheid is nie vir my nie.

Wat was die wonderlikste storie wat jy ooit geskryf...
Oo, Jirre, so 'n vrou wat 'n sirkus gekoop het vir 'n deposit van R70. Dit was ongelooflik. Sy, haar naam was Erica Bosh, het hierdie sirkus gekoop en sy was pikswart in haar gesig, want sy het gesê hulle het haar daai pille in die malhuis gegee wat haar gesig swart gemaak het. Haar lyf was wit. Ek vermoed sy het 'n velsiekte gehad. Dit was so 'n klassieke storie: Sy wou 'n ballet dancer word, maar toe kry sy polio. Toe word sy maar 'n beesspekulant, maar, in haar eie woorde, sy wou iets doen vir die vermaaklikheid.
Sy het goed gedoen met die beeste en toe koop sy die sirkus. Twee waens en 'n paar papegaaie en sy trek Hendrina toe. Daar het sy haar eie sirkus gehad met haar man wat die swepe geslaan het, haar twee kinders en ouma. Haar hele lewe was soos Waiting for Godot. Dit het my aangegryp, want sy was 'n uitgeworpene omdat sy die swart gesig gehad het. Toe sê sy vir my: Jeanne, ek het my opgewerk van 'n paar papegaaie tot 'n cheetah. Haar waens was nie meer padvaardig nie en toe kan sy nie wegkom uit Hendrina nie en sy moes 'n nuwe show uitdink omdat almal al haar sirkus gesien het. Oor die pos, met 'n korrespondensiekursus leer sy toe om pyn nie meer te voel nie, om op spykers te lê en swaarde te sluk. Sy besluit toe ook om die publiek so half 'n bonus te gee en te probeer om die wêreld se vetste vrou te word en sy't dag en nag begin pap vreet. En was later omtrent die wêreld se vetste vrou en dan lê sy met 'n bikini op die spykerbed terwyl haar kind op haar touspring. Dit was 'n great storie omdat dit so half universeel geword het. Haar ideale, ons almal s'n ... die eenvoudige mens wat iets wil word in die lewe.

Wat gaan jy nou skryf?
OO!!! Ek weet nie, maar ek voel geweldig aangetrokke tot die dekadensie, verrotting. Dit is vir my baie poëties, maar ek weet nie hoe lank dit gaan hou nie. Dit is nie die jong ding nie. Dekadensie is 'n shortcut to the reality. Dit is vernietigend. Want almal lieg, dit is alles leuens en dekadensie, vir my, sny die leuens weg. Ek voel aangetrokke daartoe omdat dit histeries is. Ons is mos nou in die histeriese era. Die vroue, die feministe is histeries. Almal is omdat dit daarop gerig is om die pilare uit te ruk van manlike belegging.
Mens kan mos nie meer oudoos skryf soos Karel Schoeman nie - alles is dan histeries. Mense wil nie meer ernstig sit en praat nie, ons wil dinge bestorm en dit verander en dit is histeries en dekadent.

Wat wil jy van die lewe hê? Wil jy nie 'n man, 'n Sandtonhuis, kinders en heel karre hê nie.
Nee jirre, wie wil dit nou hê? Ek kan nou baie beslis sê wat ek nie wil hê nie, maar ek weet nie wat ek wil hê nie. Ek hou van gevaar en om gevaarlik te lewe. Ons is mos maar soos diere. Ek dink mense is ongelukkig omdat hulle soveel skanse bou. Ek kyk na daai geitjies wat in die winter so in die son lê, so sonder panty, rok en onderrok, kaal. Ons is weerloos en totaal en al ontoegerus vir die lewe.
Ek dink die een ding wat ek wil hê, is skoonheid. Ek wil nie tragies oud word soos Edith Piaf nie. Ek sou graag wou mooi wees omdat dit aanvaarbaarheid en vryheid beteken. Ek soek warm, slim mense, ek soek mense wat daai ding het.
Skoonheid is een van die simple things in life. Ek sou graag my hande wou hou oor 'n houtvuur en net doodgewoon 'n mens wees en dan begin tjirp.

VACANCIES

LIBRARY
MEDIA CENTRE
SENIOR LIBRARIAN/ LIBRARIAN

Specifications: The successful candidate will be in charge of the newly established Media Centre, with inter alia, the following responsibilities: * development of stock and services * supervision of University audio visual services * advice on and assistance in A-V teaching and training * running a small graphic studio.

Minimum requirements: * Higher Diploma in Library & Information Science (H.Dip.Bibl/ HDLIS) or B.Bibl degree or equivalent qualification. * 5 years' experience in a recognised library. * some experience (3 years' plus) in an audio visual library or media centre and/or experience in micro teaching/use of visual aids, etc. will be a recommendation.

Readers' Services Division
SENIOR LIBRARIAN/ LIBRARIAN

Specifications: The successful candidate will be in overall charge of the Readers' Services Division, a section which includes: * main issue desk * reference collection * main stacks * photocopying service * inter-library loans * library displays & publicity, etc. Present staff consists of 9 library assistants and shelvers.

Minimum Requirements: * Higher Diploma in Library & Information Science (H.Dip.Bibl/ HDLIS) or B.Bibl degree or equivalent qualification. * 5 years' experience in a recognised library. * Some experience (approximately 2 years') of reference and user-orientation work will be a recommendation.

Periodicals
SENIOR LIBRARIAN/ LIBRARIAN

Specifications: The successful candidate will be in charge of: * the periodicals * government publications * research and thesis collections and will render information retrieval services.

Minimum Requirements: * Higher Diploma in Library & Information Science (H.Dip.Bibl), B.Bibl degree or equivalent qualification. * 5 years' experience in a recognised library. Some experience (2-3 years') in running a periodicals section and/or an information retrieval service and/or knowledge of library computer systems will be a recommendation.

FACULTY OF BUSINESS AND ADMINISTRATION
Accounting
LECTURER

Specifications: * Lecturing in Accounting and Auditing.

Minimum requirements: * B Comm Hons. in Accounting and completion of articles, * Lecturing experience will be a recommendation.

FACULTY OF LAW
Legal Theory and Jurisprudence

PROFESSOR/ASSOCIATE PROFESSOR

Minimum requirements: * LL.M (PhD for the Professorship) as well as appropriate academic experience. * An interest in Jurisprudence and/ or Legal History will be a recommendation.

SALARIES: We offer excellent salary packages, details of which are available on request.
FRINGE BENEFITS: The University offers very favourable conditions of employment such as a pension scheme, medical aid, group life insurance, removal costs and - subject to certain conditions - remission of fees, or 75% subsidy for tuition and residence fees for dependants, subsidised housing and annual bonus.

GENERAL: Applicants should apply on the prscribed application forms only, which are available from the Assistant Registrar: Personnel, University of Venda, Private Bag X2220, Sibasa. Telephone (015581) 2-1071/9 x 2434 for further details. Our fax number is (015582) 22045 x 2434.
Closing date: 17 May 1991.

UNIVERSITY OF VENDA

Om in Keurvakatures te adverteer, skakel Joyce Dube of Louwrins Potgieter by (011) 836-2151

Entertainment Complex Managers

Experienced Managers who understand people, service and business standards.

New cinema complexes will be opened soon in the Pretoria region. These will boast the ultimate in high-tech luxury cinema equipment and combined with bars, cinema catering and the latest in movies, will be geared to give guests the "time of their lives".

Applicants need not necessarily have worked in a similar environment, in fact they could come from the likes of the hotel, gaming or retail industries. What is important however is a proven general managerial track record with the ability to manage people and financial control systems.

Every aspect of the complex will fall under the incumbent's jurisdiction and he will be entirely responsible for the profitable performance of the various units. At his disposal will be specially developed computerised systems and staff functions to assist where necessary.

It is to be understood that working hours will be somewhat out of the ordinary. Salary is fully negotiable and normal fringe benefits are included.

Applicants should apply in writing to: The General Manager, Ster-Kinekor Films (Pty) Ltd, P O Box 26008, Arcadia 0007. Alternatively, telephone Mr Boet v.d. Merwe on (012) 44-5253.

SK STER-KINEKOR

FOREST MANAGEMENT
Professor

Duties: Teaching of under-graduate and post-graduate students, research and research supervision.
Requirements: A doctorate in Forestry with specialisation in one or more of the following quantitative directions: Forest Management, Forestry Finance and Biometry.
Recommendations: Appropriate lecturing exposure, experience in the forest industry and a proven record of research.
Commencement of duties: 1 July 1991 or as soon as possible thereafter.
Closing date: 8 May 1991.
Enquiries: Prof D.G.M. Donald, Department of Forest Science, tel. (02231) 77-3293.

A competitive remuneration package and excellent fringe benefits are attached to this position. For further details contact (02231) 77-4590.
A comprehensive curriculum vitae and details regarding your present occupation and salary, the names and telephone numbers of at least two referees, an indication of the earliest date on which duty can be assumed, and attested copies of certificates should be addressed to the **Director: Personnel, University of Stellenbosch, Private Bag X5018, Stellenbosch 7600.** Applicants should request their referees to send confidential reports as soon as possible direct to the abovementioned address.

University of Stellenbosch

UNUM 2071

WATERFORD KAMHLABA
United World College of Southern Africa

an international co-educational non-racial secondary independant school invites applicants for

HISTORY TEACHER

Experienced and well-qualified teacher through to Cambridge 'O'-levels and International Baccalaureate (Post-Matric)
Appointment to commence in January 1992

Apply in writing, enclosing CV, to: The Headmaster Waterford Kamhlaba UWCSA, Box 52, Mbabane, Swaziland or phone 42966 (office hours) 46758 (evenings)

Die politieke *winde het* gaan lê

PROF N CHABANI MANGANYI
(FOTO: GISELE WOLFSOM)

Die kampus van die *Universiteit van die Noorde* was verlede jaar in die kollig nadat studente die kafeteria verwoes en duisende rande se skade aangerig het. Die ongekende stilte wat vanjaar op dié kampus heers, word toegeskryf aan die teenwoordigheid van die nuwe rektor, *prof N Chabani Manganyi.* **INA VAN DER LINDE** het die kampus besoek en met die rektor gesels

Op die kampus van die Universiteit van die Noorde (UN) is die duisende rande se skade wat studente verlede Oktober aan die kombuis- en kafeteria-kompleks in die "Pienk Paleis" op die kampus aangerig het, bykans weer herstel.

Ontevrede studente het in 'n kosorgie wat 'n hele nag lank geduur het, bykans alles in die kompleks vernietig of weggedra. Die stryd gaan om 'n "people's university" hier te vestig, is gesê.

Vanjaar heers daar egter 'n ongekende politieke windstilte by die universiteit. Waar UN die laaste dekade gekenmerk is deur politieke onrus, boikotte en betogings, speel studente vanjaar tot skemeraand tennis, oefen naellope, en word selfs kulturele aktiwiteite beplan - iets wat verlede jaar nog groot agterdog by studente sou wek.

"In die verlede sou niks wat nie met die politieke agenda verband hou enigsins die aandag getrek het nie. Ons is nou 'n bietjie moeg vir politiek," merk een student op.

En almal hou asem op, want met tye wil dit voorkom asof UN, die universiteit wat in 1960 tot stand gekom het as deel van die Verwoerdiaanse droom van 'n eksklusiewe swart universiteit in die noorde, besig is om 'n doodgewone universiteit te word.

Party meen dit hang saam met die verandering in die politieke klimaat in die land. Ander sê dit het baie te make met die aanstelling van die nuwe rektor, prof N Chabani Manganyi, voorheen hoogleraar in die sielkunde aan Wits, wat in Januarie by prof PC Mokgokong oorgeneem het.

Manganyi het 'n indrukwekkende akademiese rekord en is die skrywer van 'n hele aantal boeke, waarvan 'n paar die Swart Bewussyn-stempel dra.

Dat Manganyi hom in 'n mynveld bevind, besef hy maar alte goed. Dit is uit gesprekke duidelik dat Manganyi met arendsoë dopgehou word - deur studente, dosente en administratiewe personeel.

Hy weier om absolute antwoorde op vrae te verskaf oor die rigting waarin UN moet beweeg.

"Ek ontwikkel my gedagtes oor konsepte soos 'n people's university nie teoreties nie, maar vanuit my ervaring hier. Anders word dit bloot teoreties en nie prakties nie. Die prentjie hier is nog nie volledig nie. Universiteite word nie deur individuele ghoeroes bestuur nie, maar op 'n demokratiese wyse, by wyse van strukture waarmee oorleg gepleeg word, en komitees wat nog antwoorde sal moet uitwerk op die verskillende vrae. 'n Kollegialiteit moet groei en ek moet my visie met dié van ander temper."

Juis om dié rede het hy moontlik tot op hede daarin geslaag om verskeie slaggate te vermy. Soos die kwessie van toelatingsvereistes vir studente, waaroor daar in die verlede gereeld relletjies was.

Laasjaar is aanvanklik net studente wat 'n D-gemiddeld in matriek behaal het, toegelaat. Op aandrang van die studente is studente met 'n E-gemiddeld later ook toegelaat, terwyl ook gepleit is dat alle toelatingsvereistes laat vaar word.

Manganyi sê: "Ek weet nie presies waarvoor die verskillende matrieksimbole staan nie, maar ons werk binne die statutêre vereiste wat op alle universiteite betrekking het, naamlik matriekvrystelling vir toelating."

Teen die agtergrond van die agterstand in swart onderwys-opleiding kan UN moreel en polities nie bekostig om die toelatingsvereistes hoër te stel nie, sê Manganyi.

Die universiteit het vanjaar meer as 9 000 studente ingeskryf, waarvan bykans 8 000 in koshuise woon.

Sonder groot probleme in die jaar dat die SA National Students Congress (Sansco) en Nusas besluit het dat alle studente wat by universiteite se hekke opdaag, aanvaar móét word. Onderhandelinge tussen die Komitee vir Universiteitshoofde met dié organisasies het vrugte afgewerp.

"Dis is net nie prakties moontlik om almal toe te laat wat by die hekke opdaag nie, hoewel ek nie met die morele uitgangspunt probleme het nie."

Op die vraag wat onder die begrip "people's university" verstaan word, sê Manganyi: "Dit is te vroeg om te weet hoe studente of ander mense daaroor dink. Daar word hieroor gepraat, maar daar is nog nie 'n dokument wat dit presies omskryf nie. Dit is 'n term wat in debatte en op konferensies gebruik word.

"In sekere sin is dit 'n doel wat nagestreef word. Ek kan my voorstel dat die definisie sou insluit dat dit nie beteken dat ons 'n etniese instelling is nie, hoewel dit die doel was waarvoor ons tot stand gekom het.

"Ons lei mense op vir diens aan 'n breër gemeenskap. Terwyl toelatingsvereistes 'n belangrike besprekingspunt bly, beteken dit nie dat ons 'n Mickey Mouse-instelling is nie. Ons studente moet betekenisvol kan meeding met studente wat by enige ander instelling opgelei is."

Hy dink dat die debat rondom standaarde 'n soort spel is. Kwessies soos matriekuitslae word as 'n skuifmeul gebruik om te verseker dat tradisionele wit universiteite hul karakter behou.

En hy blameer hulle nie daarvoor dat daar by sekere universiteite 'n nostalgiese verlange na 'n Oxford of 'n Cambridge is nie. Solank die argument van standaarde net nie gebruik word om die aandag af te lei van veel moeiliker kwessies nie. Kwessies wat 'n landwye impak het en waaraan nog lank getimmer sal moet word om 'n oplossing te vind.

"Daar word gesê dat die rektore van die oorwegend swart instellings soos ons en Wes-Kaap, nie omgee vir standaarde nie. Dit is eenvoudig nie waar nie. Ons benader net die kwessie vanuit 'n ander oogpunt. Ons sê ons moet almal besorg wees oor die gehalte van opvoeding, omdat dit gevolge het vir die land se oorlewing.

"Maar die vraag is hoe kan ons uit dié werklikheid waarin ons ons almal bevind, uitkom by die ideaal waarna ons almal streef? Dit is nodig dat almal saam na alle moontlike metodes kyk oor hóé om die transformasie teweeg te bring."

Hy sien akademiese oorbruggingsprogramme vir studente as deel van 'n oplossing om die agterstand in die onderwys in te haal. Ongelukkig sien die regering nie kans om akademiese oorbruggingsprogramme vir swart studente te befonds nie.

"Dit is onverantwoordelik, want die regering het die katastrofe op onderwysgebied oor 'n lang tydperk veroorsaak. Nou sê hulle ons het nie die geld om dit reg te stel nie."

Hoe dink hy en die universiteit oor die eise van die voorstanders van 'n people's university dat die universiteit gedemokratiseer moet word, eksamens afgeskaf moet word en dat almal outomaties moet slaag?

Demokratisering beteken bloot dat wanneer besluite oor akademiese of administratiewe sake geneem word, dit binne konteks gesien moet word. En die konteks is dié van 'n universiteit wat hoofsaaklik bestaan uit studente uit 'n landelike agtergrond en met minderwaardige onderwysopleiding.

'n Klimaat moet geskep word waar die individu weet hy tel en dat hy sekere regte het. Of dit nou studente, professore, personeel of werkers is. Almal behoort verteenwoordiging te hê in al die strukture van die universiteit, van grondvlak tot by die senaat.

Studente moet seggenskap in die inhoud van leerplanne hê, want hulle staan aan die onvangkant daarvan. Studente weet nie alles nie, maar hulle weet wanneer 'n konsep werk en wanneer nie. Die laaste sê kan egter nie by studente berus nie, maar by die komitees wat saam met die studente die sake uitwerk.

Sommige van die vereistes wat gestel word, sê Manganyi, soos dat daar nie eksamens of toetse geskryf moet word nie, moet as deel van die politieke woelinge van die tyd gesien word. "Dit is gevaarlik om die buitengewone gebeure te sien as deel van die denksisteem of kosmologie van swartmense."

En, sê hy, die wêreld bestaan nie uit die opinies van studente nie.

"Daar is sekere werklikhede daar buite. Ons moet studente oplei om binne 'n sekere sosiale orde te leef en dit vereis sekere vermoëns. Dit sal altyd die geval wees. Daar kan sekere buitensporige gedagtes wees oor wat egalistiese waardes beteken, maar ons moet binne 'n sekere werklikheid werk."

Bestaan die persepsie dat die UN 'n soort boskollege is nog?

"Dit is interessant dat joernaliste so daarop aandring om die etiket van bos-kolleges om ons nekke te hang. Al ons universiteite is 'n geruime aantal jare reeds oop.

"En oor die kwessie van die status van die grade wat hier toegeken word, het ek nie twyfel nie. Oudstudente word orals in vakbond- en politieke organisasies hier en oorsee aangetref waar hulle verder studeer."

"Die druk op die owerheid om universiteitsopleiding te verskaf gaan nie afneem nie. Mense verstaan dat universiteitsopleiding die weg na politieke en ekonomiese mag is. As ek 'n LLB het, kan ek 'n regter word, as advokaat praktiseer, ensovoorts. Dan kan ek 'n deelnemer word aan die magstryd op verskeie gebiede.

"Daar is nie genoeg universiteite om in dié behoefte te voorsien nie. Ons is hier en ons gaan altyd hier wees. Ons sal aanhou om druk op die regering te plaas. Hulle het ons hier geplaas en hier gaan ons bly."

* En net toe almal wil begin glo UN se probleme is verby, kom plak 'n regstudent in die kantoor van die vise-rektor. Dié student, wat ontevrede is met sy eksamenuitslae, het sy bed 'n week gelede in die kantoor van John Malatji ingedra en is sedertdien op 'n eetstaking.

As die Japanners eers begin snuif..

CARTAGENA, COLOMBIA. - Europa ontwikkel nou vinnig in die grootste mark vir dwelms ter wêreld - terwyl dwelmmisbruik in Japan ook in 'n versnelde tempo toeneem, sê pres Cesar Gaviria van Colombia.
"Ek sidder om te dink wat met die stryd teen dwelms gaan gebeur as 'n ryk land soos Japan 'n bedrywige dwelmmark word," het Gaviria vandeesweek hier op 'n internasionale spitsberaad oor dwelmbestryding gesê. Hoewel die dwelmmisbruik in Japan nog betreklik klein is, neem dit nou met sowat 10 tot 20 persent per jaar toe.
Europeërs het tot 'n paar jaar gelede net sowat 10 persent van die kokaïne verbruik wat uit Suid-Amerika gesmokkel is - maar nou word 40 persent na Europa "uitgevoer".
Gaviria het 'n beroep op ontwikkelde lande gedoen om die regerings van kokaïne-produserende lande soos syne by te staan in die ekonomiese ontberings wat hul stryd teen dwelms oplewer. Dwelmsmokkelary kan net bekamp word as alle lande saamwerk, het hy gesê.
Om die inkomste te vervang wat deur dwelms opgelewer word, het die Europese Gemeenskap en die VSA reeds handelsvoorregte toegestaan aan die betreklik arm Andes-lande - Colombia, Peru, Bolivia, Ecuador en Venezuela.
"Ons hoop Japan sal dié voorbeeld navolg," het Gaviria gesê. "Dit sal die stryd teen dwelms geweldig baie help as die ryk lande hul markte oopmaak vir Suid-Amerikaanse produkte."
'n Twispunt op die beraad was Colombia se besluit om einde Julie vanjaar op te hou om dwelmhandelaars uit te lewer - meestal aan die VSA, waar hulle gewoonlik verhoor word. Hoewel Colombia al sedert 1979 dwelmhandelaars aan die VSA uitlewer, het die toename in uitleweringsbevele onder die bewind van Gaviria se voorganger, Virgilio Barco, 'n bloedige dwelmoorlog in die land ontketen.
Die toenemende geweld het Gaviria - ondanks hewige besware deur die VSA - laat besluit om die uitleweringsbeleid te wysig. Hy het belowe dat geen groot dwelmsmokkelaar wat homself vrywillig oorgee en minstens een misdaad beken, uitgelewer sal word nie.
"Uitlewering is 'n nuttig wapen teen dwelmsmokkelary, maar dit kan nie die enigste wapen of selfs die belangrikste een wees nie," het Gaviria gesê.
Die nuwe beleid het daartoe gelei dat vyf groot dwelmhandelaars van die berugte Medellin-kartel hulle oorgegee het - maar nie die kartel se leier, Pablo Escobar, nie.
Die beleid het ook geen einde gebring aan die stroom kokaïne wat uit Colombia na die internasioale dwelmmarkte vloei nie.
Sedert begin vanjaar het die Colombiaanse polisie al op 33 ton kokaïne beslag gelê - sowat driekwart van verlede jaar se produksie. Die Colombiaanse regering beskou dit as 'n deurbraak - maar sommige kenners meen die kokaïne-vervaardigers vergoed vir dié verlies deur eenvoudig hul produksie te verhoog. - AFP

Moet Saddam as *oorlogsmisdadiger* verhoor word?

WASHINGTON - Om Saddam Hoesein in sy afwesigheid vir sy oorlogsmisdade te verhoor, sal hom net langer aan bewind hou, sê 'n amptenaar van die Amerikaanse staatsdepartement.
John Bolton, die assistent staatsekretaris vir internasionale aangeleenthede, het aan 'n sitting van die kongres gesê dat Washington daarom nie van mag gebruik sal maak om Saddam voor 'n hof te bring nie.
"Ons het tans geen planne om Saddam aan te keer en voor 'n hof te daag nie," het hy bygevoeg.
Hy sê indien Hoesein onder die Geneefse Konvensie van 1949 veroordeel word, so te sê elke land in die wêreld verplig sal wees om hom uit te lewer. Dit sal enige ooreenkoms met hom, waar hy sy bewind oorgee in ruil vir sy veiligheid, onmoontlik maak. Pres George Bush het verlede week gesê hy oorweeg so 'n ooreenkoms.
"Die oogmerk behoort te wees dat Saddam so vinnig as moontlik 'n ander werk moet kry. Ons sal sekerlik pogings van die Irakese om Saddam aan internasionale aanhouding oor te lewer, verwelkom," sê Bolton.
Verlede week het die Amerikaanse senaat 'n resolusie aanvaar wat pres Bush vra om toe te sien dat Hoesein verhoor word - òf deur die VVO òf deur die geallieerdes wat aan die oorlog deelgeneem het.
Intussen het vyf lede van die Amerikaanse Huis van Verteenwoordigers pas teruggekeer van 'n toer van die vlugtelinggebiede in die noorde van Irak. Volgens hulle is die kanse skraal dat die Amerikaanse troepe wat moet toesien dat die Koerde teen Saddam se magte beveilig word, teen vroeg Junie uit die gebied sal onttrek.
"Baie hang af van die vermoë om die verlore tyd in te haal. Niemand weet wanneer dié militêre operasie voltooi gaan word nie," sê die demokratiese verteenwoordiger Matthew Mchugh.
Irak het intussen by die VVO aansoek gedoen om die ontvangssentra in die noorde, wat tans deur Amerikaanse soldate beman word, oor te neem.
In 'n brief aan die sekretaris-generaal van die VVO, Javier Perez de Cuellar, vra Irak se minister van buitelandse sake, Ahmed Hoesein, dat die VVO beheer van dié kampe vir Koerdiese vlugteling oorneem wat in die noorde van Irak deur Amerika, Engeland en Frankryk opgerig is.
Hy het verwys na verlede week se verdrag tussen sy regering en die VVO in Bagdad wat voorsiening maak vir die grootskaalse ontplooiing van VV-magte om die Koerde te help en toe te sien dat hulle veilig terugkeer na hulle dorpe.
Pete Williams, 'n segspersoon van die Pentagon, sê daar is 10 000 Amerikaanse troepe betrokke in dié groot operasie om die Koerde te help. Daar is tans 1 300 Amerikaanse troepe in die noorde van Irak.
Vroeër is berig dat daar 2 000 troepe in die noorde van Irak is, maar dié getal wissel namate troepe in en uit die gebied beweeg, sê Williams.
Volgens Williams is daar 'n verdere 4 000 Amerikaanse troepe in die suide van Irak, die gebied wat deur die geallieerdes beheer word.
Williams sê die geallieerdes het tot dusver 4 731 ton voorrade tydens 875 lugsendings afgelewer, insluitende 3 550 ton wat in 622 Amerikaanse lugsendings afgelewer is.
Volgens die Wit Huis het Amerika reeds 632 miljoen dollar se hulp aan die Koerde verleen.
- AFP

Nazi-kunsskatte in Sowjet-kluise onthul

Duisende kunswerke wat in die Tweede Wêreldoorlog in Nazi-Duitsland gekonfiskeer en byna 'n halfeeu lank in geheime kluise in die Sowjet-Unie versteek is, gaan nou moontlik aan Duitsland terugbesorg word.
Dekades lank is in die Weste gemeen dat dié kunsskatte deur bomaanvalle in die oorlog vernietig is, berig die Amerikaanse kunstydskrif *Art News*.
Net 'n paar amptenare in die Sowjet-Unie weet hoeveel kunswerke verskuil word en waar hulle is.
Die kunswerke - wat skilderye deur die meesters Velasquez, Monet, Manet, Daumier, Cezanne, Degas, Renoir en El Greco insluit, asook argeologiese vondste wat die vroeë geskiedenis van Duitsland weerspieël - word blykbaar in kluise in Moskou, Leningrad, Kiëf, Zagorask en ander stede in die Sowjet-Unie geberg.
In die laat veertiger- en vroeë vyftigerjare is miljoene kunswerke uit Nazi-Duitsland deur die Sowjet-Unie aan Oos-Duitsland terugbesorg. Die Sowjet-Unie het egter die kunswerke gehou wat afkomstig is uit Wes-Duitsland en ander Wes-Europese lande wat deur die Nazi's beset is.
Op Stalin se bevel is dié werke op verskeie geheime plekke geberg, maar in die Koue Oorlog het die Sowjet-Unie hul bestaan volslae ontken.
"Hoë amptenare van die Sowjet-Unie oorweeg dit nou om die geheime kluise vir die eerste keer sedert die Tweede Wêreldoorlog oop te maak," berig *Art News*.
'n Woordvoerder van die Duitse departement van buitelandse sake sê geen geheime samesprekings word oor die kunswerke gevoer nie, maar dat 'n vriendskapsverdrag wat maande gelede met die Sowjet-Unie gesluit is, bepaal dat alle gekonfiskeerde kunswerke aan Duitsland terugbesorg sal word. Diplomatieke bronne in Bonn sê egter dat kunskenners al verskeie kere oor die kwessie vergader het in sowel die Sowjet-Unie as Duitsland. - AFP

televisie*program*

VRYDAG 26

TV1
5.15 Larry King
6.00 Goeie Môre SA
8.25 Health Week
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.00 Programroosters
2.03 Telerama
3.30 Chip 'n' Dale Rescue Rangers - No.1
4.00 Bible Story
4.05 Santa Barbara
4.30 Another Life
5.00 Fast Forward
5.45 News
6.00 Sounds Country: No.1
6.30 Sport
7.05 MacGyver V1
8.00 Nuus
8.35 Orkney Snork Nie: Nr2
9.00 Vendetta: Slot
9.55 Moordspel
11.45 Oordenking
11.50 Uitsending Eindig.

TV2/3/4
1.00 Diaduma Ka niknaks (TV3)
526 (TV2)
Sekunjalo (TV2)
Thakaneng (TVT3)
3.15 Ezabantwana
Tsa Bana
3.45 Telerama
4.15 Edutaining: The English Way
5.00 Capitol
5.30 The Bold and The Beautiful
5.57 Aandgebed
6.00 Intokoza Maitemogelo (TV2)
6.30 Shell Road to Fame
7.00 Nuus
7.30 Imalini\ Ke Bokae
8.10 Festival Mondial - sirkus
8.30 TopSport Sokker
8.55 Nuus
9.04 Gulag (MCTV)
10.53 Married People
11.23 Muzik a la Carte
11.53 Transmission Ends

M-NET
INTEKENARE
10.30 Real Genius
2.58 Station Opens
3.00 Dumbo's Circus
3.30 The Smurfs
4.00 Wowser
4.15 Eko-Boffins
4.40 Syklvanian Families
5.00 Hot Hits
5.55 Jake's Fitness Minute
OOPTYD
6.00 Loving
6.29 Hyperama Price-Busters
6.30 The World of National Panasonic
INTEKENARE
7.00 American Ninja 3:Blood Hunt
9.00 Grammy Living Legend awards 1990
10.40 John Hiatt
11.00 Cop A.K.a Blood On the Moon
01.00 Something Wild
03.00 An African dream
04.00 The Hanoi Hilton
06.40 Box Office America

SATERDAG 27

TV1
5.57 Oggendboodskap
6.00 Baby and Company
6.30 Agriforum
7.00 Goeie Môre SA
9.00 Swerwerkos
9.20 What If
9.30 Made By Man
9.45 Onderste Bodem
9.50 Featherfoot Farm
10.05 Walt Disney
10.30 Allermans
10.57 Programme Rooster
11.00 Gerhardus en Petronella: Nr.3
11.05 Snuffels Smith En Bennie Grootoog
11.10 Kode IFB17
12.00 Topsport
6.00 Die Nuus
6.15 Kompas
6.20 Debuut Nr4
7.05 E.N.G.
8.00 News
8.35 L. A. Law
9.30 Saturday Feature Film: The Jazz Singer
11.25 Late Night Feature Film: Miles To Go
00.55 Epilogue
01.00 Transmission Ends

TV2\3\4
09.00 University Of The Air
09.50 Breaking The Barrier
10.05 The Story Of The Grape
10.10 Cedric The Crow
10.20 Featherfoot Farm
10.30 Manufacturing Game
10.35 Super Sam Swots Safety
10.40 Insurance - The Inside Story
10.50 Telerama
11.40 The Nightingale
11.55 Alexandra Has A Good Bay
12.05 Map Skills
12.24 Harmonic Motions
12.45 The Plasma Membrane
1.00 Agriforum
1.25 Road To Health
1.35 Cross Over
2.00 Topsport
6.00 Family Matters
6.30 Evening Prayer
6.33 Ngomgqibelo
7.00 News
7.30 Ngomgqibelo \ Ka Mokibelo
8.00 OKTV Awards
10.00 Video Juke Box
10.30 In The Heat Of the night
11.30 Topsport
01.00 Transmission ends

M-NET
INTEKENARE:
06.58 Stasie Open
07.00 Postman Pat
Charlie Chalk
The Adventures Of Eric
07.30 The smurfs
07.55 The Gummi Bears
08.20 Little rosie
8.45 Alf Animated
9.15 Casper And Friends
9.40 Widget
10.05 Tell Me why
10.10 Garfield And Friends
10.30 The Kisongs TV Show
11.00 K-9000
1.00 QED:
A Reinforced Remedy
2.00 M-Net Supersport
2.30 M-Net supersport:
3.30 M-Net Supersport
5.00 M-Net Supersport
5.45 Sporsfire
6.30 Too close for Comfort
7.00 Road To Avonlea
8.00 Prime Time Pets
8.30 Runaway
10.10 Hot Hits Special
11.10 Romanic Comedy
00.00 The Man with the Golden Gun
03.00 The Long shot
04.30 The Defiant Ones
06.00 Beyond 2000: Supercars

SUNDAY 28

TV1
12.27 Programme Rooster
12.30 Remi nr.7
: Remi Raak Weg.
12.55 Zet
1.05 Story Break
1.45 Topsport
4.00 Collage
4.40 Beyond 2000
5.30 Streetwise
5.50 Face To Face
6.00 Life style
6.30 Thy kingdom Come
7.00 50\50
8.00 News
8.35 Agenda
9.00 Mozart: Klavierkonsert Nr. 21
9.35 Laat vrugte
11.00 Lig Vir Die wêreld
11.10 Topsport

TV2\3\4
10.00 Impressions
12.00 Magnificat
1.00 Topsport
6.00 Ocean dreams (TV2)
Ho Lla Nota (TV3)
6.30 Unqambothi (TV2)
Archives Of Time- Episode 8\13 (TV3)
7.00 News
7.30 Perspective (TV2)
Mahlasedi A Tumelo (TV3)
8.00 Masakhane \ Masidumise (TV2)
8.30 Perspective (TV3)
9.00 Programme Line Up
9.04 The Ann Jillian Story
11.20 The collector
00.20 The Young Riders
00.20 Transmission Ends

M-NET
INTEKENARE:
06.59 Stasie Open
07.00 East-Net Opens
07.01 Hathyaar
09.00 Noorpur (ep. 4)
09.30 Uttar Ramayan (ep.25)
10.00 Essence
10.29 East-Net Sluit
10.30 Canal Português Open
1.28 Canal Português Sluit
INTEKENARE:
1.28 Stasie Open
1.30 The flying House
2.00 The World Of National Panasonic
3.00 The black Hole
5.00 Stolen River
OOPTYD:
6.00 China Beach
INTEKENARE:
7.00 Carte Blanche
8.00 Elvis Good Rockin: Bel Air Breakdown
8.30 Punchline
10.35 M-Net Supersport: Golf
00.00 Night Music
00.00 Stasie Sluit

MAANDAG 29

TV1
05.15 Larry King
06.00 Good Morning South Africa\Goeie Môre suid Afrika
08.25 Showbiz
12.57 Programme Schedules\Programme Roosters
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.00 Telerama
3.00 Business Of Management
3.30 Hattytown Tales
3.45 Pumpkin Patch
4.00 Bible Story
4.05 Santa Barbara
4.30 Degrassi Junior High
5.00 Innovations
5.15 Robotech 111
5.45 News
6.00 Antenna
7.00 Major Dad
7.30 Who's The boss V1
8.00 Die Nuus
8.35 Mediforum: Nr 13
9.00 Topsport
10.00 Agenda
11.00 Die Dorpsdokter
11.55 Oordenking
00.00 Uitsending Eindig

TV2/3/4
1.00 Toyota Top 20
Perspective (TV2)
Imalini
Perspective (TV3)
3.15 Ezabantwana (TV2)
Tsa Bana (TV3)
3.45 Telerama
4.15 Walt disney
4.45 Searching For Values
5.00 Capitol
5.30 The Bold And The beautiful
5.57 Evening Prayer
6.00 Adventure Of The Little Prince
6.30 Police File
7.00 Nuus
7.30 Ziyaduma Nge Niknaks In-Depth Programme (TV3)
8.00 "321" - local Drama
After 8 (TV3)
8.30 Jazz, Jazz Jazz
8.55 Nuus
9.00 Programme line up
9.04 Family Ties
9.30 Dynasty
10.30 Island Son
11.30 Big world Cafe
12.00 Transmission ends

M-NET
INTEKENARE
10.28 Station opens
10.30 No Mercy
12.30 Transmission Ends
PREMIUM TIME:
2.58 Station opens
3.00 Dumbo's circus
3.30 The Smurfs
4.00 Wowser
4.15 Rambo
4.40 Casper & Friends
5.05 Teenage Mutant Hero Turtles
5.30 Tell Me Why
5.35 The Scheme Of Things
5.55 Jake's Fitness Minute
OOPTYD
6.00 Loving
6.30 Going Places
INTEKENARE
7.00 Used cars
9.00 Crimes Of the Heart
11.00 Cobra
00.35 Transmission Ends

DINSDAG 30

TV1
5.15 Larry King
6.00 Goeie Môre SA
8.25 Science and Technology
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.03 Telerama
3.00 Vergaderings: Die Stoel Is Joune
3.15 Hallo, Blikbrein
3.30 Tip En Tap: Nr 17
3.35 Amigo En Vriende II: Nr 17
3.45 Wielie Walie
4.00 Dis Waar
4.10 Rustelose Jare: Nr. 18
5.00 Teater, Teater.
5.15 Die Ander ek
5.45 Die Nuus
6.00 Kompas
6.05 Agter elke man I
6.30 Alf: Nr.16
7.05 Die Swartwoudkliniek: Nr.11
8.00 News
8.35 Rescue 911
9.30 Three's A Crowd
10.00 Donna Looks Out
10.30 News
10.35 Diagonal Street
11.00 University of The Air
11.50 Epilogue
00.00 Transmission Ends

TV2/3/4
1.00 Ziyaduma Ka Niknaks
After 8
Ngomgqibelo Tumisang
3.15 Ezabantwana
Tsa Bana
3.45 Telerama
4.15 What If
4.25 Lehae La Bana
4.35 Cross Over
5.00 Capitol
5.30 The Bold and The Beautiful
5.57 Oordenking
6.00 Waldo Kitty
6.30 Horizons Thakaneng
7.00 Nuus
7.30 In-Dept Programme (TV 2)
Diaduma Ka Niknaks (TV 3)
8.00 Siyatyelela (TV 2)
Ditlabonyane Ke Ditlaboima (TV 3)
8.30 Mmino Wa Setso
8.55 Nuus
9.03 Luther
10.27 Entertainment international
11.27 Lenny
11.57 Transmission ends

M-NET
INTEKENARE
10.28 Station Opens
10.30 The Man with The golden gun
12.30 Transmission Ends
PREMIUM TIME:
2.58 Station Opens
3.00 Dumbo's circus
3.30 The Smurfs
4.00 Wowser
4.15 Rambo
4.40 Casper & Friends
5.05 Teenage Mutant Hero Turtles
5.30 Tell Me Why
5.35 Pugwall
5.55 Jake's Fitness Minute
OOPTYD
6.00 Loving
6.30 Bagdad Cafe
INTEKENARE
7.00 Full Exposure: The Sex Tapes Scandel
9.00 Supersport: Gholf
10.00 Supersport: The Best of English Soccer
11.00 Extreme Prejudice
00.45 Transmission Ends

WOENSDAG 1

TV1
5.15 Larry King
6.00 Goeie Môre SA
9.25 Style
9.30 Eduspectrum
3.30 The Adventures of Teddy Ruxpin
4.00 Bible Story
4.05 Santa Barbara
4.30 Growing Pains
5.00 Innovations
5.15 Zapmag
5.45 News
6.00 Carol Burnett And Friends
6.30 The Famous Teddy Z
7.00 The Big Time
8.00 Nuus
8.35 Legkaartbonanza
9.00 'n Stukkie Hemel
10.00 Dossier
10.15 Nuus
10.20 Drome Met vlerke
11.20 Oordenking
11.25 Uitsending Eindig

TV2/3/4
8.30 Eduspectrum
5.00 Capitol
5.30 The Bold and The Beautiful
5.57 Oordenking
6.00 Wonderful Wizard Of Oz
6.30 Sekunjalo (TV 2)
Picture Games (TV 3)
7.00 Nuus
7.30 Thenga Isipho (TV 2)
In-Dept Programme (TV 3)
8.00 Mr Mamba (TV 2)
Ntome Tsebe (TV 3)
8.30 Ezodumo
8.55 Nuus
9.04 Woman Of Substance
10.00 Cheers
10.30 'n Seder Val In Waterkloof
12.00 Transmission Ends

M-NET
8.28 Stasie open
8.30 The Muppets Take Manhattan
10.05 The Makin Of Lambada
10.30 American Ninja 3: Blood Hunt
12.05 In The Footsteps Of George Adamson
12.30 Seaworld's Miracle Babies
1.30 Action 1
2.30 Blind Love
3.00 Runaway
4.45 60 Minutes: Beyond Malpractise
5.00 Hot Air Affair
5.55 Jake's Fitness Minute Ooptyd
6.00 Loving
6.30 Wings: All For One And Two For Helen
Intekenare:
7.00 George burns Birthday Party special
8.00 Dave Thomas: Stand-Up At Forty
9.00 DA
10.45 60 Minutes: Nazdrove
11.00 Something Wild
00.55 Transmission Ends

DONDERDAG 2

TV1
5.15 Larry King
6.00 Goeie Môre SA
8.25 Future Watch
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.03 Telerama
3.00 Abakus
3.15 As Die Eeu Draai
3.30 Die Kabooters
4.00 Dis Waar
4.10 Rustelose Jare
5.00 Tegnologie vir voorspoed
5.15 Tekkies
5.45 Nuus
6.00 Kompas
6.05 Antenne
7.05 'n stukkie Paradys
8.00 News
8.35 Hill Street Blues VI
9.30 Evening Shade
10.00 Agenda
11.00 No Jacket Required
11.30 The Arabians
11.55 Epilogue
00.00 Transmission Ends

TV2/3/4
1.00 Ezodumo
Ntome Tsebe
Isipho
Jazz Jazz Jazz
3.15 Ezabantwana
Tsa Bana
3.45 Telerama
4.15 Lets Be Creative
4.30 Masidlale
4.40 Ikhaya Labantwana
4.50 Road to Health
5.00 Capitol
5.30 The Bold and The Beautiful
5.57 Evening Prayer
6.00 Toyota top 20
7.00 Nuus
7.30 Ondersoekprogram (TV 2)
Pick A Box
8.00 526 - (TV2)
Mohlolohadi (TV3)
8.30 Tumisang \ Dumisani
8.55 Nuus
9.03 Woman Of Substance
10.00 Movie Focus
10.30 It's A Living
11.00 Die Laaste Uitweg
12.10 Austin Encore
00.26 Transmission Ends

M-NET
INTEKENARE
10.30 Used Cars
3.00 Dumbo's circus
3.30 The Smurfs
4.00 Wowser
4.15 Alvin And the Chipmunks
4.40 Casper & Friends
5.05 Teenage Mutant Hero Turtles
5.30 Tell Me Why
5.35 Betty's Bunch
5.55 Jake's Fitness Minute
OOPTYD
6.00 Loving
6.30 Empty Nest
INTEKENARE
7.00 Revue Plus
8.00 The John Burks show
9.00 Oceans Of Fire
10.35 Box-Office america
11.00 K-9000
00.40 Transmission ends

ELMARI RAUTENBACH SKRYF OOR DIE WEEK SE TV

Gordimer *laat kykers* hul ware kleure wys

Vreemde wêreld waarin ons leef. Vreemde mense, ons, die Suid-Afrikaners.
Sondagmiddag is 'n profiel vertoon oor die Booker-pryswenner en internasionaal bekende Suid-Afrikaanse skrywer Nadine Gordimer. Die program was die kunsteprogram *Collage*. Die tyd kwart voor vier in die middag. In die program is onder meer gebruik gemaak van uittreksels uit die sewe Britse rolprente wat op kortverhale van Gordimer gegrond is en in 1982 op Britse TV vertoon is. In een uittreksel word 'n blanke, middeljarige man van agter sonder klere gewys. Hy en sy bruin meisie is by 'n polisiekantoor waar hulle ondersoek moet word vir tekens van seksuele omgang. Op grond daarvan kan hulle in hegtenis geneem word. (Die jare van Apartheid met 'n hoofletter...) Dié uittreksel het omtrent 2 sekondes van die 50 minute-lange program in beslag geneem.
Ná die uitsending van die profiel het die SAUK meer as vyftig oproepe ontvang van ontstoke kykers wat wou weet hoe durf 'n kaal man daardie tyd van 'n naweeksmiddag op TV gewys word. Net een, sover bekend, het gebel om te sê hy vind dit vreemd dat dit in dié tyd steeds nodig is om kykers vóór die uitsending van 'n program oor die kunste te waarsku dat die inhoud "sensitiewe kykers kan ontstel". Wanneer gaan ons soos volwassenes behandel word, wou hy verontwaardig weet...
Maar terug na Gordimer. Tereg sê die aanbieder en vraesteller, die joernalis en skrywer Jenny Hobbs, in die begin van die program Gordimer is vir die meeste Suid-Afrikaners 'n geslote boek; dat die meeste mense haar eerder met die "struggle" vereenselwig as met haar werk - waarvan drie romans in elk geval jare lank hier verban was; en dat veral Afrikaners haar kwalik neem vir die uiters onsimpatieke manier waarop sy hulle dikwels in haar werk beskryf. Daarom was dit goed om nader kennis te maak met dié skrywer. Om uit haar eie mond te hoor waarom sy in al dié jare nooit op SATV wou verskyn nie; wat haar politieke oortuigings is en hoekom dit vir haar so belangrik is. Om te hoor wat sy antwoord op vrae soos hoekom beeld sy die Afrikaner so negatief uit, en wat sien sy as die doel van 'n skrywer binne sy gemeenskap. Ook om te kon sien hoe leef sy haar politieke oortuiginge in die werklike lewe uit.
'n Mens het nie noodwendig saamgestem met alles wat sy gesê het nie. Gordimer is en sal altyd omstrede wees weens haar uitlatings oor die politiek en haar verbintenis met veral Umkhonto weSizwe. Maar sy is een van ons land se belangrikste skrywers, veral om haar dokumentasie van die land se politieke geskiedenis in haar werk. En uiteindelik het die program daarin geslaag om die Gordimer-leser beter toe te rus om haar werk na behore te kan waardeer.
Wat die formaat van die program betref, het die gebruik van die boek, wat elke af en toe oopgemaak en deurgeblaai word met rolprentsnitte wat hulle op die blaaie afspeel, ietwat geforseer aangedoen. Die tema van die "geslote boek" is hiermee net té ver gevoer. Andersins was dié program 'n belangrike mylpaal in *Collage*se reeks oor bekende vroulike kunstenaars in Suid-Afrika. Wees op die uitkyk na die program oor die regisseur Lucille Gillwald, wat voorlopig op Sondag 4 Mei vertoon sal word.

DIE ARTES SE OSCAR-POGING

Ons wil tog so bitter graag soos die Amerikaners wees. Jare lank al begin die Oscar-uitsending op TV met die aankoms van al die blink gaste, mense soos Clint Eastwood, Tom Cruise en Shirley MacLaine. Toe besluit die Artes-manne vanjaar dis nou óns kans en hulle laat waai met Mariëtta Kruger in silwer en swart wat so tussen die telkense "I must admit" onse sterre inwag. Maar wie kies hulle? Nie die Gray Hofmeyrs, Sean Taylors of Trudie Taljaards nie. Quentin Greene van die SAUK kry minute lank kans om te vertel hoekom hy dink die Artes is spesiaal, en 'n papegaai word gegroet. Maar buiten Joe Mafela het dit in elk geval later geblyk die helfte van die benoemdes het òf nie opgedaag nie, òf was vir die SAUK ietwat van 'n verleentheid nadat die jurie "eenparig" besluit het om in 'n bepaalde kategorie geen prys toe te ken nie...
Ook die vermaakdeel van die Artes-aand het 'n Amerikaanse inspuiting gehad. Die danse op maat van bekende Amerikaanse TV-reekse se kenwysies was heel vermaaklik. Maar dink net hoe lekker sou dit gewees het as die aand afgesluit was met 'n paar plaaslike kenwysies pleks van *LA Law*se musiek. Iets soos die aansteeklike "Nou, nou, nou!" van *The Game*, die meesleurende sage-musiek van *Barney Barnato*, die op-en-wakker liedjie van deesdae se *The Big Time*, of die onheilspellende instrumentale klankbaan van *Simon en Sandra*. Ons het verlede jaar toevallig 'n uitstekende plaaslike drama-oes gehad en elkeen het musiek van net so 'n hoë gehalte gehad.

WAT IS DIE REGTE VERTALING?

Daar hoor ons dit Saterdagaand toe weer: die weergalose vertaling van Afrikaanse draaiboekvertalers vir die Engelse woord "cops". "Ore". In die oorgeklankte *E.N.G.* op TV1. Of dit 'n stap beter is as die jarelange gebruik van "pote" weet ons nie. Maar wat is die regte vertaling? Iemand wat gereeld met manne werk wat hulle aan die verkeerde kant van die gereg bevind, sê dié klomp gebruik deurgaans die woord "cops". Kort en kragtig. Nou hoekom skryf ons nie maar soos ons praat nie? En die volgende woord wat gerus aandag kan geniet, is "blare". Vir geld...

MUSIEKKUNSTENAARS VEREER

Twee programme bring dié week hulde aan ons musiekkunstenaars. Op M-Net word *Grammy Living Legends* vanaand om 9nm vertoon. Hierin word kunstenaars vereer wat 'n buitengewone bydrae tot die internasionale musiekbedryf gelewer het. By ons word die oorhandiging van die OKTV-musiekpryse môreaand om 8nm regstreeks op TV4 uitgesaai.
Die regisseur is weer eens Anne Williams en die program word vanuit die weelderige Sandton Sun-hotel in Johannesburg aangebied. Die OKTV-musiekpryse word jaarliks toegeken. Vanjaar word in 21 kategorieë meegeding, van boeremusiek tot klassieke musiek en pop tot jazz. Die twee aanbieders is Alex Jay, wat nou weer *Fast Forward* op 'n Vrydag op TV1 aanbied en Lawrence Dube. Vir die Treffer van die Jaar-prys kan TV-kykers tuis ook stem.
Van die kunstenaars wat vir die vermaak gaan sorg, is Prophets of the City, Rebecca, Taps, Laurika Rauch, Big Sky en Little Sister. Alex Jay het ook 'n spesiale rap-liedjie vir die geleentheid gekomponeer wat deur Prophets, Taps en T.D. uitgevoer sal word.

JESSICA LANGE IS TE SIEN IN CRIMES OF THE HEART, 'N MAL KOMEDIE OOR DRIE SUSTERS IN DIE SUIDE VAN AMERIKA... MAANDAGAAND OM 9NM OP M-NET.

HOOGTEPUNTE

VANDAG:
* Die slot van Vendetta, of Crime Story met sy Engelse klankbaan oor Radio 2000, om 9nm op TV1. (Luister tog na die oorspronklike klankbaan. Dit maak 'n groot verskil.)
* Gulag om 9:04nm op TV4, met David Keith in die hoofrol as 'n landsverraaier.

MÔRE:
* LA Law om 8:35nm op TV1, die begin van 'n nuwe aflewering.
* The Jazz Singer om 9:30nm op TV1, 'n heerlik sentimentele musiekprent met Neil Diamond en Lucie Arnaz.
* Joan Baez in Concert om 10:10nm op M-Net.

SONDAG:
* Punchline om 8:30nm op M-Net. Met Tom Hanks en Sally Field.
* The Collector om 11:46nm op TV4 is 'n moderne, futuristiese opera in drie dele, wat die moderne en klassieke kombineer. Dit is in 1988 in Parys opgeneem en deur Marc Cerrone gekomponeer en uitgevoer.

MAANDAG:
* The Scheme of Things om 5:35nm op M-Net is 'n reeks oor natuurwetenskappe en die ekologie vir hoërskoolkinders.
* Crimes of the Heart, 'n mal komedie oor drie susters in die Suide van Amerika soos gespeel deur Sissy Spacek, Jessica Lange en Diane Keaton. Om 9nm op M-Net.
* Die slot van Major Dad om 7nm op TV1.

DINSDAG:
* Donna Looks Out ondersoek kindermolestering. Om 10nm op TV1.

WOENSDAG:
* Die tweede episode van Barbara Taylor Bradford se lekker, soetsappige sage A Woman of Substance om 9:04nm. Met Jenny Seagrove as die jong Emma en Deborah Kerr as die oue.
* 'n Seder val in Waterkloof, 'n her-uitsending van dié komedie deur PG du Plessis. Om 10:25nm op TV4.
* George Burns Birthday Party Special om 7nm op M-Net. Burns word 95.

DONDERDAG:
* Willie Nelson om 11:46nm op TV4.
* Die slot van die laaste reeks van Hill Street Blues om 8:35nm op TV1.



SPORTRUBRIEK
TINUS HORN

Dis die *waarheid* wat Craven *so* ontstel



Danie Craven het meer vir rugby in Suid-Afrika gedoen as enigiemand anders in die geskiedenis. Maar daar was deur die jare ook niemand wat meer twak kon kwytraak as hy nie.
Vandeesweek was dit weer so.
Tydens 'n geselligheid waar hy 'n klompie toekomstige diplomate moes toespreek, wys hy hulle toe presies hoe 'n diplomaat nooit moet optree nie.
Eers trap hy hulle uit omdat hulle 'n beroep wil volg waarvoor hy g'n respek het nie. Hy sal nooit sy voet in 'n diplomaat se huis sit nie, sê hy.
Toe is dit ouder gewoonte die pers wat deurloop. Sien, dis die pers se skuld dat hy en Ebrahim Patel van die Suid-Afrikaanse Rugbyunie (Saru) nog nie hul onderskeie beheerliggame in 'n nuwe liggaam kon saamsnoer nie.
Net soos wat dit die pers se skuld was toe die All Black-toer van 1985 gekelder is en toe ons voorste spelers twee jaar later van die Suid-Afikaanse Rugbyraad (SARR) wou wegbreek weens dié liggaam se algemene onbevoegdheid.
Daar dreig Dok glo nou die aand sommer ook uit die bloute 'n koerantverslaggewer dat hy hom gaan "donner".
"Koerantmanne," sê hy, "verdraai feitlik altyd die waarheid en verkondig soms blatante leuens."
Dis tog vreemd dat dit deur die jare juis die waarheid was wat Craven omgekrap het.
So was hy briesend toe Howard Salkow, destyds van Sapa, in 1986 ná die toer van die Nieu-Seelandse Kavaliers geskryf het dis onsin dat Transvaal dié toer sonder Craven se medewete gereël het.
(Dis die storie wat Craven aan die Internasionale Rugbyraad opgedis het, om te verhinder dat dié raad stappe teen Suid-Afrika doen).
'n Jaar vroeër het Craven weer 'n Pretoriase rugbyskrywer verkwalik omdat hy geskryf het die All Blacks sou hier kom toer.
Volgens Craven het dié berig daartoe gelei dat anti-apartheidsgroepe in Nieu-Seeland druk op hul regering toegepas het om die toer te verhinder.
Miskien was dit so. Maar selfs dan was dit Craven se eie skuld.
Die storie het uitgelek juis omdat Craven so geheimsinnig daaroor was. As hy die pers in sy vertroue geneem en gevra het dat hulle die storie van die toer verswyg, sou geen rugbyskrywer dit gewaag het om sy wens te veronagsaam nie. Maar as 'n storie aan jou "gelek" word, skryf jy hom.
Ons voorste spelers het nog altyd baie deernis met Craven gehad, maar ook dit het die afgelope paar jaar verander. So het Burger Geldenhuys 'n jaar of wat gelede Craven se kop geëis en hom as 'n outokraat bestempel.
(Geldenhuys, wie se insluiting in die 1986-Springbokspan deur Craven geveto is nadat hy vir Andy Dalton van agter af met die vuis geslaan het, was darem slim genoeg om eers uit te tree).
Ongelukkig is daar nie 'n enkele man op die uitvoerende komitee van die SARR wat lyk asof hy veel beter sal vaar as Craven nie.
Ons het deur die jare 'n hele paar spelers van wêreldgehalte opgelewer. Dieselfde kan ongelukking nie van ons beamptes gesê word nie.

VW

DIE WEEK SE TV SPORT

Die eerste ronde van Bankfin se rugbyreeks om die Currriebeker is die hoogtepunt van die week. Twee wedstryde word môre regstreeks uitgesaai: Transvaal teen OP op Boet Erasmus (Topsport) en Natal teen WP op Nuweland (M-NET SUPERSPORT).
Hoogtepunte van die ander wedstryd, Noord-Transvaal teen Vrystaat, word Saterdagaand op TV4 uitgesaai.
Die naweek se ander hoogtepunte is die Nedbank Prestige atletiekbyeenkoms by RAU, wat deel sal uitmaak van Saterdagmiddag se sportuitsending op TV1, en die San Marino Grand Prix wat Sondag regstreeks vanaf Imola in Italië uitgesaai word.
Maandagaand word die tweede Prestige-atletiekbyeenkoms regstreeks op Topsport uitgesaai (21:00) en Woensdagmiddag saai TV1 die rugbywedstryd tussen Noord-Transvaal en die SA Barbarians uit.

DIE WEEK SE VOLLEDIGE SPORTPROGRAMME IS:

SAUK:
Vrydag, 26 April: TV1, 18:30 - Gillette World Sports Special.
Saterdag, 27 April: TV1, 12:00 - Junior Sport; Perdewedrenne vanaf Turffontein; Bruce Fordyce se wenke aan hardlopers; Gholf: Sharp se winterreeks; Rugby: Transvaal teen OP op Boet Erasmus; Atletiek: Nedbank Prestige op RAU.
Sondag, 28 April: TSS, 13:45 - Motorsport: San Marino Grand Prix vanaf Imola.
Maandag, 29 April: TV1, 21:00 - Atletiek: Nedbank Prestige vanaf Durban. Dinsdag, 30 April: TSS, 21:00 - Atletiek: SA toernooi vir gestremdes. Gholf: Sharp se winter-reeks.
Woensdag, 1 Mei: TV1, 15:30 - Rugby: SA Barbarians teen Noord-Transvaal op Loftus. 21:00: ysskaats.
Donderdag, 2 Mei: Atletiek: Binnenshuise byeenkoms by Voortrekkerhoogte

M-NET:
Vrydag, 26 April: 18:30 - The World of National Panasonic.
Saterdag, 27 April: (volgorde mag verskil) 13:30 - Gholf: Amerikaanse PGA-reeks; 14:30 - Rugby: Natal teen WP op Nuweland; Engelse sokker; Motorsport News.
Sondag, 28 April: 14:45 - The World of National Panasonic. 22:15 - Tennis: Monte Carlo-Ope.
Dinsdag, 16 April: 21:00 Nashua se "Best of English Soccer"

Wat van affirmative action *vir die oues* van dae?

As vanjaar en verlede jaar 'n goeie maatstaf is, gaan negentig die dekade van die comeback wees.
Mark Spitz begin 19 jaar ná sy welslae by die Olimpiese Spele weer mededingend swem; George Foreman boks op 42 weer om 'n wêreldtitel en Larry Holmes will ook weer probeer; Bjorn Borg wil Wimbledon wen en Tom Watson verras amper in die Amerikaanse Ope gholftoernooi...
Die lys groei fluks aan.
Daar is egter 'n klein probleempie: die oues van dae loop hulle van teen 'n wet wat meer onwrikbaar is as enigiets wat PW tydens die noodtoestand kon opdroom: die natuurwet wat bepaal dat 'n sportman van 42 stadiger en lomper as een van 24 sal wees.
Gelukkig kan die probleem opgelos word. Wat van 'n voorgee-stelsel wat almal 'n gelyke kans gun?
Foreman het verlede week nie te sleg teen Evander Holyfield gevaar nie. As een van Holyfield se arms agter sy rug vasgemaak was, sou die wêreld dalk nou met die vetste kampioen in die geskiedenis kon spog.
As Boks hier die voortou neem, sal dit net 'n kwessie van tyd wees voordat die ou manne in ander sportsoorte ook weer na die kalklig terug verlang.
Die Springbok-rugbyspan het juis twee jaar gelede onverwags teen 'n internasionale toerspan in die skrums en lynstane gesukkel.
Die goeie nuus is dat Mof en Frik onlangs weer ernstig begin oefen het.

Kan 'Ice Borg' *se tweede* loopbaan dié terugslag oorleef?

Dit maak nie saak wie vanjaar die bekers wen nie. *Bjorn Borg* se terugkeer tot groot toernooie gaan beslis een van die belangrikste gebeure op die tennisfront wees - sy terugslag in die eerste ronde van die Monte Carlo-Ope ten spyt. **CHRISTIAN COLLIN** meen dié tennislegende kan van sy vroeëre glorie herwin - mits hy hom kan aanpas by die veranderinge wat dié sportsoort sedert sy uittrede agt jaar gelede ondergaan het

Bjorn Borg was een van die merkwaardigste spelers van sy tydvak en dalk in die geskiedenis van tennis. Om dié rede sou dit dwaas wees om sy kanse om weer 'n plek in die toptien oop te speel, te onderskat.

Of hy weer 'n aanspraakmaker op die nommer een-posisie op die wêreldranglys kan word, sal net die tyd leer.

Sy nederlaag vandeesweek teen die Spanjaard Jordi Arrese in die eerste ronde van die Monte Carlo-Ope het egter duidelik gewys dat hy nog lank nie gereed is om manne soos Boris Becker of Stefan Edberg met vertroue te pak nie.

Een van sy grootste probleme is die feit dat hy nog nie die moderne metaal/grafietrakette kon baasraak nie.

Raket-tegnologie het die afgelope agt jaar ver gevorder en hedendaagse rakette, met hul groter speeloppervlakke, bied sowat 25 persent meer krag as die klein houtraket waarmee Borg destyds gespeel het en waarmee hy vandeesweek sy terugkeer tot mededingende tennis gemaak het.

'n Beampte van die Internasionale Tennisfederasie (ITF) het vandeesweek grappenderwys gesê 'n houtraket in 'n groot toernooi is soos 'n Ford Model T op die wegspringrooster van 'n Formule 1 Grand Prix.

Só erg is dit nie, maar dat dit Borg se kanse op welslae gaan kortwiek, is gewis.

"Ek het die nuwe rakette beproef, maar ek was nie tevrede met my balbeheer nie. Aan die ander kant voel ek baie gemaklik met die houtraket," verduidelik hy.

Goed en wel. Maar gemak wen nie toernooie nie. Wat Borg se probleem vererger, is die feit dat hy op 34 baie van sy ou krag ingeboet het. Hy het al die hulp nodig wat hy kan kry en sal stellig noodgedwonge na die hedendaagse toerusting moet oorskakel.

Dis te verstane dat hy vandag nog net soveel media-belangstelling gaande maak soos in sy dae as die wêreld se speler nommer een.

Op sy beste het hy alles gehad: vaart, vaardigheid en krag. Maar wat van hom 'n wenner gemaak het, was sy temperament.

Meer as enige ander speler die afgelope twee dekades, het Borg die kuns verstaan om sy beste spel vir die groot oomblikke te bêre.

En sy senuwees het hom nooit gepla nie. Hy kon in 'n eindstryd van die Franse Ope of Wimbledon koel en kalm 'n wedstrydpunt met 'n kishou op sy tweede afslaan afweer.

Hy meen dit is wat wéér van hom 'n wenner kan maak. "Ek kyk na vandag se voorste spelers en ek sien nie die regte soort temperament by hulle nie. Hoe verklaar jy die feit dat Edberg verlede jaar twee keer in die eerste ronde van groot toernooie uitgeskakel is?"

Borg het agt jaar gelede sy raket opgehang nadat hy die dekade sewentig te midde van helde soos Jimmy Connors en John McEnroe oorheers het. Hy het tussen 1974 en 1981 die Franse Ope ses keer gewen en Wimbledon vyf keer.

In sommige kringe word sy besluit om weer te speel as waansin beskryf. 'n Paar swak vertonings - soos sy nederlaag in skoon stelle teen Arrese - kan die herinneringe aan sy dae as die wêreld se beste speler groot skade aanrig.

Ander kenners is egter oortuig dat hy sy gloriejare kan herleef. Dit is stellig geen toeval dat hy juis dié toernooi vir sy hertoetrede tot die baan gekies het nie. Dit was in Monaco, waar hy lank gewoon het om belasting te ontduik, waar hy in 1983 sy uittrede aangekondig het.

Anders as in die laat jare sewentig, toe 'n mens week ná week op 'n skittervertoning van hom kon reken, moes sy ondersteuners verdwaas toekyk hoe die 26-jarige Arrese, wat maar 53e op die wêreldranglys is, hom van die eerste pot af heeltemal oorskadu het..

'n Mens kon seker nie veel meer van Borg verwag nie. Toe McEnroe laat in die dekade tagtig ná 'n onderbreking van slegs twee jaar tot die baan teruggekeer het, het dit hom 'n volle jaar gekos om sy plek onder die wêreld se twintig bestes oop te speel. Borg moet van agt jaar se roes ontslae raak. Volgens Borg sal dit net 'n paar maande tussen die wêreld se bestes kos om hom sy ou vorm te laat herwin.

"Ek het nooit werklik opgehou speel nie; ek het net destyds die lus om te wen heeltemal verloor. Dis terug. Ek wil wen, en nie een van die ander spelers bekommer my veel nie."

Borg het in 1983 gesê sy uittrede sou finaal wees, maar terwyl hy verlede jaar 'n groot toernooi op televisie gevolg het, het hy weer lus gevoel om self te speel.

"Ek het besef dat ek tennis baie mis. Ek het fisiek goed gevoel en kort daarna ernstig begin oefen. Ek wil weer een van die sportsoort se grotes word."

Daar is natuurlik mense wat sinies is oor die werklike beweegrede agter Borg se terugkeer tot die baan. Hulle meen finansiële probleme, eerder as 'n groot liefde vir tennis, sit agter sy besluit.

Dit ontken hy heftig, hoewel hy erken dat hy onlangs sy woonstel in Swede en een aan die Cote d'Azur in Frankryk moes verkoop om hom uit die knyp te kry.

Hy sê hy wil ook graag sy verhouding met die Sweedse pers probeer opknap.

"Ek wil weer hul held wees. Ek weet nie wat verkeerd geloop het nie, maar hulle beskou my deesdae as vyand nommer een. My persoonlike lewe - wat niks met enigeen uit te waai het nie - het hulle van my prestasies op die baan laat vergeet. Dít wil ek verander." - AFP

The quest for Satan

IS HE-MAN POSSESSED BY THE DEVIL? DOES LUCIFER RULE THE THEATRE? IS A PERSIAN PRAYER RUG AN OPEN INVITATION TO EVIL? ARE CHILDREN BEING BRAIN-WASHED BY TV CARTOONS? IS SATAN BECOMING MORE POPULAR THAN SOSATIES? SHOULD WATER-DIVINING BE RENOUNCED? **RYK HATTINGH** SELECTS SOME PERSPECTIVES ON MAN'S FASCINATION WITH SIN

SATANISM
The Seduction of South Africa's Youth
By John & Helen Gardiner
Struikhof (R29,95)

"A couple of years ago, an Eastern Cape minister was called in to counsel a family. The youngest child of the family, a boy of 10, was experiencing terrible nightmares. The minister discovered that this boy had about 20 He-Man and the Masters of the Universe toys. He advised the family to destroy the toys, after discussing it with the boy.
"They took one of the toys, called Grizzly, and proceeded to burn the woolly fur. This toy, which only had vertical arm movement by means of a button on its back, moved its arm right across to shield its face, and this was before the flame had even been put to the body. This convinced the family to burn all the toys.
"The remaining toys were thrown in a braai drum and covered with spirits. When a match was thrown onto the pile a large blue flame lept out and headed straight for the boy who owned the toys. He was pulled away just in time by his older brother. Flames then engulfed the toys, and for the next 20 minutes or so there was a loud screeching noise coming from the drum.
"As the family put it, they said it was a loud, screeching noise which was frightening to say the least, especially as burning plastic usually makes a popping, bubbling sound.
"After burning the toys and praying with the boy, the nightmares ceased from that night on." (pp 118 - 119)

"Whatever God creates good, the Devil seeks to pervert, thus distorting God's beautiful creation. As the lie is the worst of sins, so the Devil is the incarnation of the Lie itself, the mocking ape of God. The lie creeps into ordinary life every day and everywhere, Tertullian warned. Satan rules astrology, magic, horseraces, bath houses, taverns, and theaters." - *Jeffrey B Russell,* The Prince of Darkness: Radical Evil and the Power of Good *(Thames & Hudson, p 70)*

"Do you have any items in your home which are from other religions? If you have a little smiling Buddha sitting on your mantlepiece or an African witchcraft mask on the wall or a Persian prayer rug sitting on your floor, you are giving Satan an open invitation to come in and make himself at home." (p 115)
"Many boreholes in South Africa have been sunk on places pointed out by water diviners. The ability to detect underground water is not a scientific one, and neither is it a gift from God. Renounce water divining if you have practised it, or if you have made use of a water diviner." (p 116)

"One might say that the problem of evil offers at the same time the most considerable challenge to think and the most deceptive invitation to talk nonsense, as if evil were an always premature problem where the ends of reason always exceed its means." - *Paul Ricoeur,* The Symbolism of Evil *(Beacon Press, p 165)*

"Personality's special issue on Van Rooyen's links to satanism was a sell-out, and in some areas was unobtainable after only two days on sale. A petition calling for satanism to be banned in South Africa and for a special police squad to be established to investigate occult crimes was included in that issue. Just one page in one issue of the magazine, but the people of South Africa responded overwhelmingly. Close on 150 000 signed their names, and said: 'Satanism must be stopped!'
"It had been an interesting two years for the two of us, and it was gratifying to see that people had finally come to the realisation that satanism is alive and well and thriving in the Republic of South Africa." (pp 34-34)

"The witch craze was one of the most important episodes in the history of the Devil, reviving belief in his immediate and terrible powers to an extent unsurpassed since the time of the desert fathers. It also revealed the most terrible danger of belief in the Devil: the willingness to assume that those whom one distrusts or fears are servants of Satan and fitting targets of destructive hatred. Though the projection of absolute evil upon one's enemies is not the exclusive property of those who believe in the Devil - atheist commissars practice it with as much zeal as inquisitors - belief in Satan did lend itself handily to the particularly grotesque form of demonization that was witchcraft." - The Prince of Darkness *(p 166)*

"Controlled and run by adults who are totally sold out to Satan, the members of the organised satanist churches include many professional people of high standing in their local communities. Doctors, lawyers, teachers, policemen, family men, next-door neighbours and the kind old 'Oom' down the road. Many of them are even pillars of the church. After all, what better cover is there for a satanist than to be an elder or deacon in his local fellowship?" (p 31)

"Devil worship eventually reached the upper classes of France, and many of the wealthy landowners indulged in obscene behaviour in the isolation of their castles. Their rituals usally involved children, combining the most gross aspects of child molestation and necrophilia. ... The exact numbers of children put to death in these rituals is unknown, but during one eight-year period enough records were kept to verify that at least 800 children were ritualistically put to death. There were said to be 100 000 witches in France alone during the reign of Charles IX." (p 47)

"Flade was a secular judge at Trier, a man of prominent family and connections who became rector of the University of Trier. For a while he was himself in charge of the prosecution of witches. In that capacity he was judicious and restrained, demanding careful presentation of evidence. His moderation was fiercely opposed by the suffragan bishop Peter Binsfield and the governor, Johann Zandt, who had had experience as a witch-hunter in the countryside around Trier. The efforts of Binsfield and Zandt to obtain fiercer prosecution of witches gathered popular support after 1580 when bad climactic conditions, plagues of mice and locusts, and ravaging freebooters of both religious persuasions rendered people faithful and anxious. Times were bad, the witches must be responsible. Flade's continued efforts to keep the mania under control led his enemies to devise a plan to remove him. They caused a boy to accuse Flade of plotting to poison the archbishop; they persuaded an old woman who was about to be executed to name Flade as a witch in order to obtain the mercy of strangulation before burning; other accusations followed, until on 15 April 1588 a woman swore that she had seen Flade at a sabat, that he had caused the destruction of crops by hail, slugs, and snails, and that he had persuaded the other witches present to eat a child's heart. Flade was arrested and tortured. His pain was intense, and he finally confessed that he had attended sabats, had intercourse with the Devil, and magically formed mud into living slugs to destroy the crops. Flade was strangled and burnt, but not before he had been forced under torture to name accomplices, thus widening the circle of accusations, assuring Binsfeld and Zandt of more victims, and providing the peasants more scapegoats for their troubles." - *Jeffrey B Russell,* A History of Witchcraft. Sorcerers, Heretics and Pagans *(Thames & Hudson, p 84)*

"...Charlotte, a Pietermaritzburg teenager: 'I began acting insanely, cutting myself until I bled and then drinking the blood. I had a mad lust for blood. Well, not I but the demons inside me. I would get people to cut my back until the blood flowed freely. Psychologists call it sadomasochism instead of by its true name: possession. (...) I do not want to elaborate on the gory details, but my life was characterized by demonic control. I prostituted myself, began to take drugs, began to sleep with other women - and in all these areas I invited more demons in. (...) At the worst stage of my possession I was commanded by the voices to kill my parents. (...) I have always loved my parents very dearly, so it was not I, myself, who wanted to kill them. (...) Fortunately for me, I had a father who never stopped praying for me through all that I did." (p 24)
"Petrus Fourie... met up with the devil in his early teens. 'My earliest recollections of home are my mother calling me a duiwelskind..." (p 24)

"The standardization of witch accusations produced a dramatic change in the powers assigned to the Devil. Hitherto, the witch making a pact with Satan enjoyed almost a contractual equality with the dark lord; further, she was frequently rescued from the effects of her folly by the intervention of the Virgin or another saint. Now, the Devil's power over her once she had made the pact was complete, and her soul was damned. Her only hope of salvation was to be arrested and to recant before her execution. By such reasoning the torment and killing of witches was for their own good as well as that of God and society." - (A History of Witchcraft, *p 78)*

"Independent sources confirmed that one of the first human sacrifices to take place in South Africa was in Bloemfontein in 1980. A coven member conceived and gave birth to a baby specifically for the purpose of being sacrificed to the devil. Who knows how many South Africans have been slaughtered in the name of Satan since?" (p 32)
"While Christianity is a religion of self-denial, satanism is a religion of absolute self-gratification. If one were to sum up satanism in one word, it would be Lust. Not only lust of the flesh, often satisfied with sexual perversion and other excesses, but also a lust for power." (p 85)

"The Inquisition was not only supremely powerful (...); it proved durable, largely because it was self-financing from the confiscated property of the condemned. The fact that it needed the money for its operations meant that it had to secure convictions. Hence the use of torture." - *Paul Johnson,* A History of Christianity *(Penguin, p 308)*
"The hunters constantly alarmed the authorities by stories of vast and growing conspiracies of witches; once they were allowed to torture they produced not only scores of victims, but hundreds of accusations - thus justifying their forecasts. Some hunters were paid by results: Balthasar Ross, minister to the Prince Abbot of Fulda, made 5 393 guilden out of 250 victims." (ibid, p 309)
Friedrich Spee in Cautio Criminalis: 'If all of us have not confessed ourselves witches, that is only because we have not been tortured.'"(ibid)

"The past half-century has witnessed the Holocaust, the Gulag Archipelago, the Cambodian genocide, and secret tortures and executions beyond number. The real question is why periods of relative sanity, such as those from 700 to 1000 and from 1700 to 1900, occur." (ibid p 84)

"When speaking to groups, we are frequently asked about children's TV programmes and the toys that go with them.
"Many of the children's programmes on our TV screens today are laden with occultic symbolism. The satanic pentagram, the upside-down cross, the number 666, the satanic 'S' and the goat's head are frequently seen. Before he goes into battle, the rat in charge of the Teenage Mutant Ninja Turtles sits and meditates in the lotus position and chants 'Om'; in 'He-Man', the power that both the goodies and baddies use comes from the same place, Castle Greyskull...
"In almost all of the children's cartoon series, the heroes are either a mixture of half-man, half-beast or the utilise super-natural power. (Gone are the days when John Wayne relied on his fists and his six-gun to sort out his differences.)" (p 117-118)

"The John Wayne figure, like God the Father, embodies the fantasy of a man who makes himself out of nothing and who is therefore purely masculine, a hard man all through. (...) Behind the figure of Dunson (John Wayne in 'Red River') stands the law, not just its present embodiment as the capitalist law over private property, but the law of all human society which forbids the child to possess the mother if he or she wants to grow up." - *Antony Easthope,* What a Man's Gotta Do *(Paladin, p 23)*

Joseph Cambell, in his introduction to Primitive Mythology: The Masks of God (Penguin, 1984, p8) quotes Thomas Mann: "... while in the life of the human race the mythical is an early and primitive way of thought, in the life of the individual it is a late and mature one."

Waar *was* die trane?

Miriam Makeba se terugkeer-konsert in Johannesburg moes 'n mens laat huil het, skryf **AUDREY BROWN**. Waarom het dit nie?



Ek wens tog só dat Miriam Makeba Vrydagaand kon gehuil het. Want ek self was baie lus om te huil. Ek wou huil omdat die wreedheid van jare se ballingskap vir begaafde mense soos sy uiteindelik tot my deurgedring het. Ek kon net daar staan en dink hoe swaar dit moes wees - hoe swaar dit is - om in die skemerjare van jou loopbaan terug te keer na jou land. Nadat jy jou beste vir vreemdelinge gegee het, in vreemde tale op vreemde grond.

Maar Makeba het nie gehuil nie - en hoewel ek baie lus was, kon ek ook nie. En dit was juis die probleem. Ek het gevoel soos 'n vreemdeling wat deur 'n vreemdeling vermaak word. Vir my was daar baie min gevoel in die konsert Vrydagaand by die Standard Bank-Arena - niks behalwe die gewone uitlatings oor ballingskap en die probleme in ons land nie - en boonop was die klank baie swak. Mens kon dus amper niks hoor wat Makeba sê nie, en sy praat juis so sag.

Maar dié ou lady is classy. Sy het waardigheid, sy het aansien, sy het styl. En hoewel ek die gevoel gekry het dat sy baie van haarself terughou, het sy nietemin as verhoogkunstenaar die gehoor met eerbied en waardigheid behandel.

Dit bring my by die ander probleem. Abigail Khubeka en Miriam Makeba hoort nie op dieselfde verhoog nie. Verbeel jou: African baroque meets space-age kitsch - en jy sal verstaan wat ek bedoel. Sien: Khubeka is gewoond aan die Sun City nagklub-toneel, en sy was geklee vir dié rol. Sy het op die verhoog getrippel gekom in 'n wulps nousluitende, foelieblink silwer nommertjie - met 'n spleet tot byna bo. Makeba is die Mother of African Song, en sy was geklee vir dié rol. And never the twain shall meet, sê ek nou vir julle. Dit het net nie gewerk nie. Om nie eens te praat van die drie songbirds, Tsidi Leloka, Thembi Mtshali en Cleo, nie. Dáár was die hand van die SAUK, wat die konsert verfilm het, baie duidelik. Pure *Muzik à la Carte*-klere. Pure kitsch.

Maar om terug te kom na die huilery. Dit is nie dat ek op soek was na goedkoop sensasie nie, maar ek sou dink dat as mens ná 31 jaar terugkeer na jou mense, jy ten minste iets sou hê om oor te huil, sommer van hartseer en blydskap. Veral as jy weet dat jy die beste jare van jou lewe in die buiteland rondgeswerf het, en jou trane in 'n vreemde taal moes stort.

Die mense wat om my gestaan het, was net so lus vir huil. Dit was 'n gulde geleentheid vir enige musikant om sy gehoor se hartsnare te roer. Maar Makeba het dit misgeloop, en ek weet nie hoekom nie.

Sy het ook baie van die liedjies wat ons almal kan onthou nie gesing nie. Dit was nogal jammer, want tot dusver moes ons maar tevrede wees met òf 'n Miriam Makeba special deur iemand soos Tembi Mtshali òf die gekrapte ou plate wat ons ouers soos die spesiale koppies in die sideboard bewaar het.

En toe haar stem so wegraak onder die hoë note, wou ek nog meer huil. Haar beste jare as sangeres is duidelik verby. My hartseer oor alles wat ons misgeloop het, net omdat sy swart was en haar lewe in die buiteland moes deurbring, sal nie weggaan nie. Die trane sit nog dik in my keel. Ek sal hulle maar op 'n ander plek moet stort. VM

The queen of song

Miriam Makeba's first concert in her home country after 31 years in exile marks the dawn of a new era in South African music, writes **PHINEUS TSHUKUDU**

On Friday South Africans witnessed the dawn of a new era on the cultural front with the first public performance of Miriam Makeba on her home soil after being in exile for three decades.

A multitude of fans, black and white alike, crammed the Standard Bank Arena to pay homage to this beloved artist. They hopped, swayed and danced to the bittersweet melodies of the continent's most famed and talented cross-over singer.

When Makeba rendered golden oldies such as "Meet me at the river" and "Gauteng", a tribute to the women who lost their men in the mines, many people - seated cheek by jowl in the tiny Arena - were taken back to the swinging, bittersweet 50's, the Sophiatown and Kofifi era. She vividly reminded them of the infamous Pass Laws which confined married men to mine compounds.

Among the personalities in the audience were Walter Sisulu and his wife Albertina, Leon Wessels, Hugh Masekela, Caiphus Semenya, his wife Letta, and Sipho Mabuse to name only a few. All rose as one to acclaim a talent that has been denied to South African for so long.

Garbed in colourful African regalia, Makeba had the boisterous crowd begging for more when she sang the popular melody "West Wind", a powerful and passionate plea to the West to flex its economic and political muscle to force change in South Africa. The song is also a sharp rebuke of the iniquities of European colonisation. By then the revellers couldn't help but sing along.

Makeba opened her heart and poured out soulful songs from her many albums. She also sang *Aluta Continua*, a song written by her deceased daughter, Bongi, which was dedicated to the Mozambicans shortly after they celebrated independence.

To many people's disappointment Makeba sang few old favourites. I later learned that the concert was aimed at promoting her new album, *Eyes of Tommorow*, which was released at the weekend.

The vibrant singer's impeccable stage performance made it almost impossible to believe that she is a 59-year-old grandmother. She confirmed herself as the country's undisputed queen of song.

With the determination of a freedom fighter, Makeba vowed in an interview last week never to quit singing. "I will sing until the day I die - hopefully on the stage; the battlefield."

The backing combo was composed of top local and foreign talents ... bassist Victor Masondo, saxophonist Kelly Petlane, percussionist Papa Kuyati, keyboard player Lothar Perrieu, trumpeter Prince Lengoase, guitarist Ntokozo Zungu and pianist Pual Hammer. Others who gave five-star performances include ebullient guest artist Abigail Khubeka and backing vocalist Tsidi Leloka, Thembi Mtshali, and Cleo Dorcas Kapa.

Makeba's concert preceeds Hugh Masekela's two-month national tour which starts next Wednesday. VM

A Harvest of Discontent

'n Belangrike nuwe boek oor die hervorming van die grondbeleid.

Uitgegee deur Idasa

R25,00
(posgeld ingesluit)

Bestellings:
Die Media Departement,
Penzanceweg 1,
Mowbray 7700.
Telefoonbestellings:
(021) 473 127

Hierdie is 'n baanbrekerswerk wat al die sleutel kwessies en opsies t.o.v. die hervorming van 'n grondbeleid in Suid-Afrika identifiseer.

Medewerkers sluit in Anninka Claassens, Sean Archer, Richard Cowling, Nick Vink en Tessa Marcus.

Dié Duitsers wys *jou wat* jy mis

Baden-Baden Simfonie-orkes
Dirigent: Michael Gielen
Bassetklarinet: Wolfhard Penz
Staatsteater/Stadsaal Johannesburg

HENNING VILJOEN

Die besoek van 'n orkes van die formaat van die Baden-Baden Simfonie-orkes - met 'n uitvoering van twee grootse simfonieë wat selde of nooit uitgevoer word - is voorwaar 'n musikale inspuiting waarop nog lank geteer kan word. Dit het ook die middelmatigheid van die plaaslike orkeste onderstreep en gewys in watter mate die kultuurboikot daarin geslaag het om ons na 'n kulturele woestyn te verban.
Wat veral in die konserte getref het, is die afronding waarmee die strykers gemusiseer het en die besonder warm, ryk klank van die houtblasers. Wat 'n vreugde was dit ook nie om heeltemal ontspanne na die Franse horings te kon luister nie - sonder om met elke inval die ergste te vrees. Sou dit nie wonderlik wees indien 'n paar van dié horingspelers hulle hier wou vestig nie!
In die twee konserte het die keuse geval op Gustav Mahler se formidabele *Negende Simfonie* en Bruckner se *Sewende Simfonie* - albei monumentale werke in die simfoniese repertorium. Die beroemde Duitse dirigent Michael Gielen het daarin geslaag om op albei werke 'n eiesoortige stempel af te druk, wat in die Mahler meer oortuig het as in die Bruckner.
Hoewel Mahler se simfonieë volgens dirigente soos Leonard Bernstein, Bernhard Haitink, James Levine en Herbert von Karajan musikaal-tegnies baie makliker is om te dirigeer as dié van Mozart, is die emosionaliteit van Mahler se simfonieë problematies. Dit kan so maklik verval in 'n sentimentele kakofonie. In dié slaggat het Gielen nie getrap nie.
In sy benadering van die *Negende Simfonie*, waar dit gaan om die voortdurende worsteling met singewing aan die lewe ten aanskyn van die dood, het Gielen uitmuntend daarin geslaag om die uiterste emosionele wisseling in die partituur bloot te lê. Gielen se oorwegend kliniese vertolking wys minder terug na die hoogromantiek en plaas die werk eerder binne die kader van die postromantiek in aansluiting by die simfonieë van Sjostakowitsj. Dit was 'n woderlik openbarende vertolking wat 'n mens lank sal bybly.
Ek was minder gelukkig met Gielen se aardse vertolking van Bruckner. Hy het nie daarin geslaag om die emosionele hart van Bruckner se metafisiese wêreld te tref nie. Die emosionele kantigheid wat Bruckner se simfonieë kenmerk en veral in die "scherzo" van die Sewende baie prominent figureer, is deur Gielen afgeplat. Die laaste crescendo, wat 'n mens in 'n ander hemelsfeer moes plaas, het te aardsgebonde gebly.
Een van die musikale hoogtepunte was Wolfhard Pencz se briljante vertolking van Mozart se Klarinetkonsert. Met sy uitstekende tegniese beheer en ongelooflike piano frasering het hy veral in die bekende stadige deel die eteriese skoonheid van die werk ten volle ontbloot.

* Nawoord: Die betoging teen die orkes se besoek buite Johannesburg se Stadsaal was nie net ongevraag nie, maar ook smaakloos met 'n sterk klank van inverse rassisme. Wat is rassisties ten opsigte van die besoek soos een plakkaat te kenne probeer gee het met die slagspreuk "We do not need rassict culture. Baden-Baden go home"? Ek dag in 'n nuwe demokratiese bedeling in Suid-Afrika sou mens die reg hê om kulturele voorliefdes te kan uitleef. VM

Die *Mozart wat jy* andersins nie hoor nie

Die Mozartfees in Roodepoort is 'n goeie troos vir dié wat nie deel kan hê in die feesvieringe in Salzburg en Wenene nie, skryf **HENNING VILJOEN**

Die musikale opwinding en genot wat tot dusver in die Mozartjaar in Roodepoort se Stadsteater beleef is, dien beslis as goeie troos vir dié van ons wat nie kan deel hê in die feesviering in Mozart se geboortestad, Salzburg, of Wenen, waar hy geleef het nie.
Die trefkrag van die Roodepoortfees lê in die kans wat mens kry om werke van Mozart te hoor wat nooit hier uitgevoer word nie. Getrou aan die Roodepoort-tradisie is die soliste vir die onderskeie konserte uit befaamde beroepsmusici gekies, maar 'n magdom nuwe musikale talent is ook ontgin.
Opvallend onder die soliste wat al opgetree het, was die aantal uitstekende musici wat musiek as 'n liefhebbery bedryf. So was daar die baie goeie uitvoering van Mozart se *Horingkonsert No 1* deur Frahcois Malherbe, die hoofspeler van die Pro Musica orkes. In sy beroepslewe is hy 'n akoestiese ingenieur by die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde.
André Hough, die orkesleier van Pro Musica, het saam met Jeanne-Louise Moolman 'n baie verdienstelike uitvoering gelewer van Mozart se *Simfonia Concertante* vir viool en altviool. Van beroep is André 'n meganiese ingenieur in die lugvaartkunde.
Een van die musikale hoogtepunte is gelewer deur Charl de Wet, 'n dokter, wat saam met Erika Botha 'n briljante uitvoering van Mozart se *Konsert vir twee klaviere* gelewer het. 'n Mens beleef selde só 'n musikaal deurleefde rapport tussen twee musici - selfs in opnames kan dit moeilik geëwenaar word. 'n Onvergeetlike musikale ervaring wat ek graag wéér sou wou hoor.
Die room van Suid-Afrika se blaasinstrumentaliste het ook uitmuntende uitvoerings gelewer en mens die kans gegee om Mozart se *Divertimenti vir Blaasinstrumente* te kan hoor. Gerrit Bon het ook 'n fyn geskakeerde vertolking gelewer in Mozart se *Hobokwartet in F maj* saam met 'n Pro- Musica strykensemble, terwyl Jimmy Reinders 'n meesleurende uitvoering van die *Klarinetkwintet in A maj* gelewer het. Die musikale genot wat geput is uit die uitvoering van Mozart se *Serenade No 10 (Grand Partita)* vir twee hobo's, twee klarinette, twee basset-horings, vier Franse horings en snaarbas, het my laat wonder waarom dié werk net vir rare feesgeleenthede gereserveer word.
Waar opera-produksies in die verlede in Roodepoort soms aan die regie- en dekorkant nie die mas kon opkom nie, maar 'n sangbelewenis verseker het, is dit juis die sang wat in die aanbieding van *Die Entführung aus dem Serail* die opera ietwat gekelder het.
Die uiters treffende en funksionele dekor- en kostuum-ontwerpe van Carel van der Westhuizen het 'n aanskoulike ruimte geskep vir Michael Williams se sinryke, hoewel tradisionele regie.
Die Pro Musica orkes met Weiss Doubell as dirigent het ook 'n stewige musikale fondament gelê met sprankelende, stylvolle spel. Ongelukkig kon die sangers nie die wa deur die drif trek nie.
Die veteraan Hans van Heerden het as Osmin die opera van volslae middelmatigheid gered met sy uitstekende aanvoeling vir die komiese en sy resonante sang. Sy vertolking, in teenstelling met die res van die rolbesetting, het gewys dat Mozart liefs in die hande van gesoute sangers gelaat moet word om te kan slaag.
Hanlie Stapela beskik oor 'n ongelooflike mooi stem met 'n unieke timbre, maar die rol van Konstanze lê glad nie gemaklik in haar stem nie. Sy het ook nie die koloratuurvernuf wat die rol vereis nie. Die Blondchen van Hanlee Louw het momente gehad, maar die yl, skril toon in die hoë register val glad nie aangenaam op die oor nie.
Die twee jong tenore van Potchefstroom Wilhelm Theunissen en Kobie van Rensburg hou albei enorme belofte in as sangers, maar is sangtegnies nog nie gereed om met so 'n moeilike rol soos Belmonte op die beroepsverhoog te debuteer nie. Albei het buitegewoon mooi stemme, maar hulle sang gaan nog te veel mank aan intonasieprobleme omdat die musiek nog tegnies bo hulle vuurmaakplek is.
Hoewel Craig Downes in sy spel met 'n sjarmante verhoogspersoonlikheid beïndruk het, was hy vokaal 'n groot verleentheid. Afgesien dat hy die meeste hoë note nie kon kry nie, pas hy stilisties ook meer by Mango Groove as Mozart aan.
Ondanks die vokale insinking van *Die Entführung aus dem Serail* regverdig die gebeure in Roodepoort ten volle die beskrywing van "'n ware musiekfees". VM

dié week by die
MARK-TEATER

UPSTAIRS BY DIE MARK
Jeremy Taylor se
BROEDERSTROOM DIARIES
"Vintage Taylor at best"
Ma - Vr 8.15nm, Sa 6.15nm & 9.15nm

DIE LAAGER
SKITS are FREE in here
Regie deur Greg Melville Smith
Met Sean Higgs, Liam Cundill, Zane Meas en Lindsay Orbach.
Ma - Vr 8.15nm, Sa 6.15nm & 9.15nm

MARK-GALERYE
Kinderkuns: multimedia kompetisie.
Vanaf 21 April tot 19 Mei.
SA stedelike ontploffing deur David Lurie
Skilderye deur Loren Hodes en Sophia Soseilos

TELEFOON 832-1641
Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040
Johannesburgse Vlooimark: Elke Saterdag van 9vm tot 4nm
Nuwe mark in Pimstraat van 9vm tot 4nm. Sondae by die Mary Fitzgeraldplein van 9 vm tot 4nm.

SHADOWLANDS
deur William Nicholson
"Memorable evening's entertainment" - Pta News
Directed by Janice Honeyman
Met Brian Murray, Helen Bourne, Michael McCabe, Ron Smerczak, Kenneth Baker, Norman Coombes
Ma - Vr 8nm, Sa 5.45nm & 9nm

KIPPIES BY DIE MARK
UMBONGO
Huldeblyk aan Victor Ndlazilwana
Di - So

VLOOIMARK
Oop van 9vm tot 4nm

'Weg *met die* kunsterade'

Die regering moet ontslae raak van die verskeie kunsterade en ander amptelike kuns-organisasies wat op ras gegrond is, het die ANC se Departement van Kuns en Kultuur (DAC) en verskeie progressiewe kuns-organisasies op 'n onlangse vergadering besluit.
Die beraadslagende vergadering is bygewoon deur die Federation of South African Cultural Organisations (Fosaco), Congress of South African Writers (Cosaw), SA Musicians' Alliance, Performing Arts Workers Equity, Film and Allied Workers Organisation, Cape Cultural Workers Congress, Thupelo Arts Project en Azapo (as waarnemers).
Op die vergadering is ook besluit dat die afgevaardigdes van elke groep ná die Verenigde Volke se boikotvergadering op 10 Mei in Los Angeles sou vergader om ooreenstemming te bereik oor die handhawing al dan nie van die kulturele boikot.
Daar is besluit dat politieke organisasies betrokke by die proses van onderhandeling, in oorleg met die kulturele beweging, dié eise aan die regering moet stel:
Dat die regering die streekrade afskaf sodat 'n nasionale kuns- en kultuurliggaam gegrond op demokratiese, nierassige beginsels gestig kan word en dat dié liggaam die kulturele werklikheid van die verskeidenheid van ons kultuur erken en ook werk om 'n nasionale identiteit daar te stel.
Die vergadering het die DAC gemagtig om 'n ad hoc-komitee uit lede van die kulturele vleuels van die ANC, die PAC, Azapo en Fosaco saam te stel. Dié komitee sal verantwoordelik wees vir die ontwikkeling van 'n nie-sektariese, nie-rassige, nie-seksistiese en werklik verteenwoordigende kulturele organisasie. Hulle sal ook navorsing doen oor die moontlikheid van 'n nasionale kuns- en kultuurstigting en die kulturele boikot handhaaf.
Die rede vir die handhawing van die boikot is "om apartheidgesinde kultuur-strukture te isoleer en om demokratiese kulturele strukture te versterk en te verbeter."
Daar is ook besluit om "die stryd vir die omskepping van apartheidgesinde kulturele organisasies" te versterk.

'SABC *is still* biased'

THE SABC AND THE FILM AND ALLIED WORKERS' ORGANISATION RECENTLY PARTICIPATED IN A CONFERENCE ON THE FUTURE OF BROADCASTING IN SA. HERE IS AN EDITED VERSION OF FAWO BROADCASTING COMMISSION MEMBER WILLIE CURRIE'S PAPER, "CURRENT AFFAIRS BROADCASTING IN THE TRANSITION PERIOD".

The period of transition from authoritarian rule in which South Africa is now engaged has also had its impact on the broadcasting sector. Since February 2 1990, there has been a slight liberalisation in Auckland Park. The people of South Africa have been able to see previously banned and demonised leaders of the ANC, PAC and SACP on their TV screens. We have even recently seen former "terrorist" Carl Niehaus being asked by Harald Pakendorf what it feels like to be speaking on the same SABC that a few years ago he was allegedly planning to blow up.
However, what we are not seeing at the SABC is any sign of the next step in the transition process, namely, democratisation.
To quote prof André du Toit, "democratisation is concerned with equal political rights, with equality of treatment, participation and representation as citizens in political processes and collective choices". It is fair to say that the negotiation process is designed to bring about precisely this democratisation in all spheres of South African society. In the case of the broadcasting sector, we are seeing the opposite. The transparent plans to privatise the SABC by dividing it into easily marketable "business units" is the flipside of a government strategy to deregulate the broadcast sector unilaterally before or even during the negotiation process.
Once the broadcast sector is deregulated, the private sector can then buy up the business units of the SABC. No future government will then have access to a national propaganda broadcaster on the scale of the monopoly that the government enjoyed during its period of authoritarian rule.

To turn to the question of current affairs broadcasting during the transition period. There have been changes - most notably, the removal from radio of the notoriously propagandistic *Comment* and the introduction of *Agenda* on TV1 and *Perspective* on TV2/3.
The key issue regarding news and current affairs broadcasting is bias. I want to distinguish between two levels of bias: bias at the level of content and bias at the level of the broadcast institution. Content bias happens at the level of programming - the ways in which the selection and combination of images, viewpoints and spokespeople can promote one view of a story and denigrate another without codes of fairness, balance and impartiality coming into play. Institutional bias happens at the level of the structures of control. Here issues such as the process of selection of the SABC Board and the corporate culture of the institution come into play as well as the process by which decisions are made regarding the structure of the channels, funding, programmes and schedules.
There are attempts at a balance of viewpoints across the political spectrum and the selectivity of news reporting is not as glaringly biased as it was under PW Botha. However, there are moments of bias and I want to argue that this is not unrelated to the institutional bias of the SABC as a whole.
The first is at the level of political representation. On December 6 1990, the ANC planned a "Peace and Freedom March". The night before we had ministers Gerrit Viljoen and Stoffel van der Merwe and Themba Khosa from Inkatha on TV news condemning the marches and asserting they would lead to violence. There was no ANC perspective and no statement by the news presenter saying they had tried to get the ANC view.
At the level of current affairs broadcasting, institutional bias is present as noted by journalist Ameen Akhalwaya in for instance the fact that the anchor-persons of *Agenda* are all white. In a new South Africa, surely SABC could have allowed a non-racial programme? Early in 1991, *Agenda* claimed a coup in getting spokespeople from the liberation movements and Inkatha on the same show. The topic was violence - but where were the police, the SADF or the government? What was created structurally by doing this was to say that the violence is only black-on-black violence and therefore apartheid or the government have nothing to do with it.
In die lig hiervan kan 'n mens dus skaars beweer dat wit Suid-Afrika onskuldig is aan wat nou nog onder hul swart landgenote voorkom. Trouens, selfs in die "nuwe Suid-Afrika" sal ons lank ly as gevolg van die trauma wat ons mense aangedoen is, onder meer omdat baie van die vroeëre strukture nog voortbestaan. Is dit byvoorbeeld toevallig dat die geweld gewoonlik in enkelkwartier-hostelle uitbreek, waar mans in onnatuurlike omstandighede saamgehok is?
Dit alles is egter net een kant van die saak. Die ander kant is naamlik dat swartmense in geen omstandighede agter die "verskoning" mag skuil dat hulle nie vir die aanhoudende vlaag van geweld verantwoordelik is nie. Om agteroor te sit, die "stelsel" te kritiseer en alle blaam op wittes (of op die ander swart "party"!) te plaas, is 'n futiele oefening. Dit verlam diegene wat dié standpunt huldig en kanaliseer hul skeppende vermoëns in steriele selfbejammering en 'n krampagtige gryp na verskonings.
Mens-wees beteken ook verantwoordelik-wees en verantwoordelikheid aanvaar. Selfbejammering en die weiering om self blaam te aanvaar beteken in werklikheid om jou daarby neer te lê dat ander vir jou besluit en jou lewe vir jou reël. Swartmense kan daarop aanspraak maak dat hulle die "reg" het om alle skuld voor die deur van ander te lê. Maar op die lang duur lei dié pad na self-vernietiging.
Dit behoort tot die hart van die Christelike mensbeskouing dat ons nie agter ander kan skuil of die skuld altyd by die ander mag soek nie. Ons moet eerder die balk in ons eie oog raaksien - ook waar ons inderdaad onomstootlik kan bewys dat die hoofskuld by ander lê. In die Christelike idioom is ons nie slagoffers van 'n blinde noodlot of van die manipulasies van ons medemense nie. Selfs in die haglikste situasies van onderdrukking neem ons verantwoordelikheid vir wie ons is.
Ek besef dat wat ek hier skryf, goedkoop kan klink. Ek skryf dit ook nie omdat ek meen dat ek self volgens dié hoë ideale leef of kan leef nie, maar omdat ek daarvan oortuig is dat dit die regte weg is en ook omdat ons daagliks rondom ons mense sien van wie dit waar is dat hulle enduit verantwoordelikheid aanvaar vir wie hulle is en wat hulle doen.
En ek meen dat dit seer sekerlik op die weg van die kerk lê om dié soort self-beeld by mense in te skerp.
Ons kerke - oor die hele spektrum - was tot dusver nie altyd ondubbelsinnig oor die totale onaanvaarbaarheid van geweld nie. Ons het gewoonlik net dié geweld waarvan ons nie hou nie veroordeel en ander geweld implisiet goedgepraat. Dit sal moet verander. 'n Slagspreuk uit die tagtigerjare was: "Geen vrede sonder geregtigheid nie!" Dit het tyd geword vir 'n ander slagspreuk: "Geen geregtigheid sonder vrede nie!" VW

(PROF BOSCH IS HOOF VAN DIE DEPARTEMENT VAN SENDINGWETENSKAP AAN UNISA)

REGSPRAATJIES

Dié soort verhore ondergrawe die regstelsel

JURIE DE WET

My kliënt (ek noem hom Mbekeni), was sedert 1976 'n lid van Umkhonto weSizwe (MK). Van die paar duisend Soweto-jeugdiges wat Suid-Afrika in daardie jaar verlaat het, het ongeveer 30 MK-veterane oorgebly. Die res van die mense is òf gevang òf dood in skermutselings met Unita in Angola, die Smith-regering in die destydse Rhodesië of met die Veiligheidsmagte in Suid-Afrika.
Mbekeni was al die jare 'n aktiewe MK-soldaat. Hy het letterlik honderde operasies as 'n MK-lid in Suid-Afrika uitgevoer.
In September 1990 is hy gevang toe hy Suid-Afrika oor die Swaziland-grens binnegekom het. By hom het hy sy persoonlike beskermingswapen, 'n Makarof-pistool, gedra.
As Mbekeni 'n paar jaar gelede gevange geneem is, sou hy weens terrorisme, sabotasie, dalk hoogverraad aangekla gewees het omdat hy militêre opleiding ondergaan het en omdat hy die land onwettig binnegekom het. 'n Paar jaar gelede sou hy onder al dié "oortredings" aangekla gewees het. En vir al die oortredings wat hy moontlik in al die jare sedert 1976 begaan het.
Maar danksy die De Klerk-hervorminge is Mbekeni net weens die besit van 'n vuurwapen sonder 'n lisensie aangekla.
Ek het aansoek gedoen vir die vrywaring van Mbekeni na aanleiding van dié aanklag teen hom. Mbekeni het vrywaring ontvang vir die feit dat hy militêre opleiding ondergaan het en omdat hy die land onwettig binnegekom het. Die owerhede het ook besluit om Mbekeni se ander aktiwiteite te geïgnoreer wat hy as MK-lid gepleeg het en sou kon gepleeg het.
Volgens die Pretoria-Minuut berus die diskresie om voort te gaan met vervolgings teen Mbekeni al dan nie by die Prokureur-Generaal (PG). Die PG het, ondanks dié magte, besluit om voort te gaan met die saak teen Mbekeni.
As 'n prokureur vind ek dié besluit ontstellend. Die polisie hou vol met die belaglike houding dat Mbekeni se oortreding - om sonder 'n lisensie in besit van 'n vuurwapen te wees - nié 'n politieke oortreding is nie maar 'n suiwer kriminele oortreding.
Vir enige intelligente, denkende mens is dit duidelik dat Mbekeni, wat 'n wapen as 'n MK-lid gedra het in die uitvoering van 'n daad as 'n MK-lid, 'n politieke oortreding en nié bloot 'n kriminele oortreding begaan het nie. Waarvoor hy aangekla is, ís 'n politieke oortreding.
Mbekeni weet dit is 'n politieke oortreding. Sy vriende en familie weet dit is 'n politieke oortreding. Die landdros weet dit is 'n politieke oortreding en so ook die aanklaer, wat opdrag ontvang het om Mbekeni aan te kla. Ons almal weet. Soos ons almal ook weet dat Mbekeni vrywaring, nie tronkstraf nie, sal kry vir die onwettige besit van 'n vuurwapen of enige ander oortreding wat hy begaan het.
Die PG se aandrang om voort te gaan met die vervolging bring ons hele regstelsel in diskrediet.
Die hofsaak gaan baie geld kos - vir sowel die staat as die verdediging. Dit neem waardevolle tyd in beslag van die byna twee dosyn mense wat betrokke is by die aankla, verdediging, afneem en bywoning van die saak. En dit terwyl almal weet die uitslag van die saak is irrelevant.
Vir Mbekeni en sy vriende is die hofsaak 'n grap. Hy gee nie om of die landdros hom skuldig bevind of nie. Die landdros weet dit ook en ek kan my nie voorstel dat dit hom nie pla nie. Geen landdros hou daarvan om voor gelag te word nie. Selfs die staatsaanklaer en ek kan nouliks ons lagbuie vir dié saak onderdruk, veral vir die erns en eerlikheid waarmee sommige van die staatsgetuies getuig. Hoekom mors hy soveel tyd en geld?
Die PG skuil agter riglyne wat opgestel is na aanleiding van die Pretoria-Minuut wat verwys na die begenadiging of vrywaring van individue of organisasies. (*Staatskoerant* No 4584, 7 November 1990).
Die riglyne lees as volg: "Die proses soos uiteengesit in hierdie riglyne moet nie vertolk word as synde dit 'n Prokureur-generaal verhoed in enige toepaslike saak om 'n vervolging voor te sit nie. Die Staatspresident kan na afloop van so 'n verhoor of in die loop van enige verrigtinge, of by die beëindiging daarvan, sy bevoegdhede ... uitoefen. Aangeleenthede soos die uitstel van sake en die verlening van borgtog bly steeds geheel en al binne die jurisdiksionele bevoegdhede van die Prokureurs-generaal en die geregshowe."
Op aandrang vir die uitstel van Mbekeni se saak het die PG se kantoor bloot gesê die saak is verwys na die Kantoor vir Vrywaring, Immuniteit en Vrylating, en dat die saak normaalweg voortgaan omdat die diskresie by die landdros berus om die saak uit te stel al dan nie.
Dit is nie waar nie. In der waarheid is die PG 'n staatsamptenaar. Hy het wye magte en diskresie wat hy kan uiteoefen wanneer hy besluit om voort te gaan met 'n saak al dan nie. Dié magte behoort hy dan ook uit te oefen met inagneming van die heersende politieke atmosfeer.
Die PG is dus by magte om die vervolging te staak of uit te stel in afwagting van die vrywaring al dan nie van die beskuldigde. En dit is hoog tyd dat hy dit doen, eerder as om voort te gaan met politieke verhore. Sodoende kan die PG dalk help om die bietjie respek wat ons regstelsel nog geniet, te red.
Dit is ook hoog tyd dat die PG ophou om voort te gaan met politieke verhore tot tyd en wyl daar oor die vrywaring van politieke oortreders besluit is of nie. As dit sou gebeur dat onderhandelinge nie vlot nie, kan die vervolgings voortgaan.
Wat dié voortgaan van Mbekeni se saak nog meer absurd maak, is die onlangse uitspraak van regter Spoelstra (7 Februarie vanjaar) in die saak tussen die staat versus Mpasa Jacob Rapholo (saaknommer CC37/91). In dié saak is die aansoek op uitstel toegestaan terwyl Rapholo veel ernstiger oortredings begaan het as Mbekeni. Spoelstra het in sy uitspraak ook gesê dat die voortsetting van die saak die regstelsel ernstige skade kan berokken aangesien 'n beskuldigde in 'n politieke verhoor skuldig bevind kan word en lank voordat hy/sy tronkstraf uitgedien het, kan hy/sy gevrywaar word.
Penuell Maduna van die ANC se regsafdeling het reeds 'n voorstel aan die Staatspresident gedoen vir die onvoorwaardelike vrywaring van Mbekeni. VW

(JURIE DE WET IS DIE SKUILNAAM VAN 'N PRAKTISERENDE PROKUREUR VAN JOHANNESBURG)

GREENTALK

'It *could never* happen here'

MIKE KANTEY

Last year, at a conference in South Africa, the president of the American Nuclear Society, Walter B Loewenstein stated: "Considering the past five years, which include Chernobyl, it is easy to show that nuclear power compares favourably with other forms of power generation, in terms of impact on health." (*Cape Times 21/6/90*)

Five years ago today in the early morning of 26 April 1986, the Chernobyl plant was rocked by two enormous explosions. The first explosion probably resulted when too much steam and pressure had raptured the reactor core and torn the reactor vault apart. The second explosion - of pent-up hydrogen - blew off the top of the reactor building. The resulting graphite fire spewed a deadly plume of radioactive particles into the atmosphere, where prevailing winds carried them for thousands of kilometres. After many days the fire was finally smothered under mountains of sand, lead, boron and concrete. The reactor itself will have to remain entombed for many centuries - a permanent monument to the nuclear dream gone sour.

Early last year the deputy chairman of the Supreme Soviet's sub-committee on environment and nuclear energy, Yuri Schterbak, revealed that about 300 people - 10 times more than the original report - had died at the time. (*Weekend Argus 7/4/90. The Argus 26/4/90*).

Immediately after the accident 116 000 people were moved from a 30km radius around the plant. In the last five years, 1,5 million people, including 160 000 children, have been devastated by radiation sickness: including fibrosis, thyroid cancers and leukemia. Schterbak admitted that a kind of immune deficiency disease, similar to Aids had also been discovered.

Again last year - four years after the event and to a public outcry in Byelorussia and the Ukraine - the Soviet parliament approved the evacuation of a further 200 000. R69 billion was set aside to help the victims, while Schterbak said the final cost could exceed R1 100 billion.

In February 1986 - just two months before the disaster - Vitaly Sklyarov, the Ukranian Mininster of Power and Electrification declared: "The odds of a melt-down are 1 in 10 000 years. The plants have safe and reliable controls that are protected from any breakdown..." (*Argus 3/4/86*).

At the same time Pyotr Bondarenko, shift superintendent in the plant's department of Labour Protection and Safety reviews: "Working at Chernobyl is safer than driving a car. Even if the incredible should happen, the automatic control and safety systems would shut down the reactor in a matter of seconds. The plant has emergency core cooling systems and many other technological safety designs and systems."

Had a catastrophe of this scale occured at Koeberg then:

* 300 people would be dead, over 500 would have been hospitalised (with only 7 beds in the radiotherapy ward at Tygerberg);
* also the entire Western Cape region in the 50km circle around Koeberg - including Yzerfontein, Malmesbury, Paarl, Stellenbosch, almost the entire Cape Flats, and Simonstown - would have been evacuated, involving 3,5 million people (compared to 135 000 in the vicinity of Chernobyl);
* children as far away as Swellendam and Robertson might have been evacuated;
* an area of 20km around Koeberg would have been declared a nuclear wasteland for decades;
* a huge plume of radioactive particles might have dispersed as far as Zaïre;
* Agricultural products and livestock within an area stretching as far as Bloemfontein and Port Elizabeth might have been destroyed;
* residents of George might have been advised to shelter indoors;
* between 10 000 and 200 000 deaths (including still-births) might have occurred over a subsequent period of 20 to 30 years.

Koeberg is not the same sort of reactor as Chernobyl. But what is common to all nuclear reactors is their content of large quantities of radioactive materials. What is also common is the absolute need of preventing the release of such materials to the environment. These common properties are far more significant than any technological differences in the design of the reactors.

So, even though the events that happened at Chernobyl are unlikely to repeat themselves exactly at Koeberg, a different series of events which also includes human error may well lead to a major accident at Koeberg. (Human error is a feature of most catastrophes, including Three Mile Island, the space shuttle, Bhopal, and rapid transport accidents.)

The "can't-happen-here" syndrome is implicit in Eskom's unworkable emergency plans for the Greater Cape Town Area. We do not believe, for example, that such a large population could be evacuated successfully through the two narrow mountain passes of Du Toit's Kloof and Sir Lowry's Pass.

Even if evacuation were unnecessary and the authorities considered sheltering sufficient, we do not believe that people would understand the dangers of airborne radioactive partides which could not be smelt, seen, heard or tasted. We do not believe that any protection would be afforded for the hundreds and thousands who live in tin, canvas and plastic shelters on the Cape Flats. We do not believe that potassium iodate tablets (which in any event, only offer protection against one of the many radioactive particles) could be distributed efficiently. We do not believe that enough information in English, Afrikaans and Xhosa (not to mention that for the deaf and the infirm) would be made available quickly enough. We finally do not believe that the public would remain calm in the event of such an emergency.

Chernobyl should be a warning to us all. The people of the Netherlands, the Phillipines, Austria and Sweden have all voted to end nuclear power programmes. At Long Island, New York, the citizens were able to shut down the Shoreham reactor on the grounds that it was dangerously close to a major population centre. It is time that we in South Africa listened, understood, and acted decisively to shut down all nuclear installations and declare southern Africa a nuclear free zone. VM

(This article draws on the notes of former Koeberg Alert colleagues Thomas Auf Der Heyde and David Fig)

EGBERTUS KLAAGVOORT

'n Koeksister aan die spit...

Vrinde, dank die hemel dat onse Zuid-Afrika, ons vir jou en dies meer, weer die eerste en die beste is, al is dit op die moral low ground. Dié keer gaan dit om liefdadigheid: Egbertus kan aankondig dat dit die eerste keer is dat 'n koeksister op die spit gebraai gaan word. A world first, I'll have you know, en dis nie sommer so 'n braai nie, is die koeksister dan nie 'n endangered species nie? Soos die Afrikanerklub, foei tog, wie kan nou nie 'n giraffie braai nie, en boonop is daar haas geen Afrikaanse van in die ganse Afrikanerklub nie. Egbertus kan nie wag om 'n koeël deur daardie koeksister te jaag nie, dis tog in die Afrikaner se bloed om so uit te sien na die stroop wat gaan spat.

(V)OORTREFLIK

Intussen gaan dit voor die wind met die voortreflike of is dit die oortreflike atletiek van onse voorste narcissiste. Nou word berig dat die nuwe Zuid-Afrika se atlete selfs Afrikarekords kan slaan. Haai? Wat sou dit nou kon beteken om vir Idi Amin oor die 100 meter te klop? Come down to earth, geliefdes, dis heerlik koel hier onder.

EMBARRASSING SPACTACLE

Die dierbare SAUK het toe 'n paar dae gelede weer eens die embarrassing spectacle deurgegaan om pryse aan hulself toe te ken. Liewe genade, vrinde, is dit dan 'n siekte van die nasionaliste dat hulle dit nie kan weerstaan nie? Dis klaarblyklik nie net die Generaals wat hulself so van de medaljes behang nie, en ook nie net die ministers wat so blink in die nag nie. Iedergeval, wanneer dit by die BSB kom, is die SAUK ietwat skugter. Die Britse dokumentêr *Apartheid Assassins* wat gaan oor julle weet wat, is blykbaar te na aan die been vir die ou spul daar op die bult. Seg Oswald maar dis mos hoe dit moet wees, wou ons dan nie die gedoente tot op die been oopkloof nie? Seg Moeder dankie, vir 'n groter bekentenis kon ons nie gevra het nie: dis outdated omdat die BSB intussen soveel ander afgryslikhede (prysenswaardig, natuurlik) gepleeg het.

SAPPIGE WET

Is die nuwe voorstelle om die Groepsgebiedewet aan die lewe te hou, nie te sappig nie? Nou moet daar toegesien word dat net die regte aantal mense in slaapkamers slaap, en niemand in die gang nie, selfs oor Krismis wanneer die ganse broederskap skielik van hul familie by die kus onthou en surprise surprise opdaag vir 'n vakansietjie. Seg Moeder en niemand mag in die kaste slaap nie, wat nou met Oswald gemaak? Seg Miesies Klaagvoort Oswald woon net in 'n kas, hy slaap nooit, hy sit net die witmense en afluister.

Iedergeval, Oswald die Tuinier het ook hieroor 'n teorie: dit gaan alles om die ekonomie. Om werkgeleenthede. Wat sou immers word van al die polieste van die vice squad wat spesialiste was in die ondersoek van warm lakens en allerhande vlekkies? En van die jongste spul Groepsgebiede-inspekteurs wie se taak dit is om mense aan te gee wat meng? Nou kan dié waardige siele nuwe werkies kry: Inspekteurs van Slaapkamers, Gange en Kaste, klas een en twee. Praat van Sprinkaanbeampte van Sluis, of was die Sluisbeampte van Sprinkaan?

Kom nou vrinde, ons wil almal alleen in 'n dubbelkamer slaap, met verkieslik 'n strandhuis in Plet wat leeg staan en wag, en miskien nog 'n eiendompie langs die Wildtuin, afterall 'n mens moet 'n dak oor sy kop hê. Maar dit raak effens kriewelrig wanneer die grootste deel van die bevolking in swartsakke slaap. Seg Oswald die oplossing lê in pampoene: laat die gepeupel onder pampoenblare slaap. Vir Oswald is die pampoen die antwoord vir elke probleem.

DEFENCE UNITS

Die ANC is uit die aard van die saak nie te ingenome met die voorstelle oor die slaapkamers en dinge nie, maar hulle klink heel tevrede met die gedagte van defence units. Dit moet nou nie verwar word met unit trusts nie, hoewel albei binnekort in duie kan stort. Die gedagte is dat mense hulself bewapen met moderne wapens om sodoende hul gemeenskappe te kan beskerm teen tradisionele wapens.

Seg Miesies Klaagvoort dis al te sappig, hoe meer nuwe tradisies geskep word, hoe beter vir die diverse kultuur van die Nuwe Zuid-Afrika. Wat? Seg sy in elk geval is dit tyd dat die ou tradisionele wapens neergelê word, wat gister kultureel aanvaarbaar was, is nie noodwendig vandag meer so nie. Hoe beskaafd is dit in 'n verstedelike gemeenskap vir mense om met byle en gedoentes deur die straat te storm? Seg Moeder nou praat jy mos, toe ons klein was, was dit deel van onse kultuur om in die bus te spoeg, daar was selfs 'n spoegbak op elke bus. Praat van 'n tradisionele wapen.

LEKE-MAGISTRATE

Oswald is in vervoering oor die gedagte dat leke-magistrate ingestel mag word om reg te pleeg tussen burgers. Seg hy kan jy jou die pret indink, regstudente kan dadelik ophou studeer en die land se mees uitwaanse burgers kan hul dag in die hof hê. Dierbare vrinde, kan julle jul 'n saak indink waar Moeder moet voorsit? Justice will never be the same. Seg Oswald justice will never be.

KING EN DIE BSB

'n Vrou wat sterk ooreenkomste met Moeder toon, is besig om die lewe van sort of skrywer Stephen King te verwoes. Seg sy hy breek gereeld by haar huis in en steel haar manuskripte wat hy dan onder sy eie naam publiseer, min of meer soos wat Egbertus maak, maar dis 'n geheim. Seg die stomme siel die man vlieg oor haar huis met vliegtuie toegerus met afluister-apparate. Net ingeval hy dalk 'n snapsie van 'n manuskrip te hore kan kry, natuurlik. Die Koeksistergilde het jare lank al dieselfde probleem met die BSB: helikopters hang oor die kombuis om die geheime resep af te kyk. Ek meen te sê, as die nasionale party se DP-beleid nie werk nie, moet hulle desnoods na die Koeksistergilde draai vir inspirasie.

MANDELA IN WAS

Vader Mandela word vandeesweek in was vasgevang in Madam Tussaud se museum. Sou dit simbolies wees? Lyk nie of hy daar vir Magnus PI sal raakloop nie. Seg Moeder dis dalk die beste manier om vir hom en Admiraal Buthelezi in een vertrek te kry. Mag die een met die gruwelikste tradisionele wapen wen. VM

(vryeke

FILM

KATHY BATES DIE OSCAR WENNER VIR DIE BESTE AKTRISE IN MISERY WAT VANDAG BEGIN DRAAI

******* VOORTREFLIK**
****** STERK AANBEVEEL**
***** SIEN GERUS**
**** SO-SO**
*** VERMY AS JY NUGTER IS**

4AD FILMVERENIGING
Moenie die 4AD Filmvereniging se vertonings van Peter Greenaway se *Drowning by Numbers* en David Lynch se *Eraserhead* misloop nie. Dit is nog vandag (26 April) en môre (27 April) on 8nm in die Cine Corlett, Louis Botha-laan, te sien. Navrae: Byron Griffin (Filmvereniging) by (011) 487-1458 of die teater by (011) 786-0324
LOUWRINS J POTGIETER

INTERNASIONALE ROLPRENTFEES
Met nog net een week oor voor die Internasionale Rolprentfees in die Nu Metro (Hyde Park) en die Seven Arts (Norwood) eindig, moet jy gou speel om die laaste paar van die wêreld se top-rolprente te sien te kry. Die groot aantal lande wat vanjaar deelneem, dui nie net op 'n herniende belangstelling in Suid-Afrika by die internasionale rolprentnywerheid nie, maar kan ook beteken dat ons voortaan rolprente van soortgelyke gehalte sal kan geniet. Hou die daaglikse pers dop vir die volledige program. Van die hoogtepunte is ('n herverwerkte) *L'Atalante, Ballad of the Sad Café, Henry and June* (binnekort op die kringloop), sowel as *Matador* en *Law of Desire* (albei deur die Spaanse regisseur Pedro ALmodovar). Enkele ander rolprente word hier onder geresenseer.
LJP

****** WARM SUMMER RAIN (ROLPRENTFEES)**
'n Snaakse soort psigotiese/erotiese verhouding ontwikkel tussen Kate (Kelly Lynch), wat ná 'n selfmoordpoging uit 'n hospitaal ontsnap, en 'n vreemdeling wat bieg dat hy die vrou wat hom by die kansel afgesê het, vermoor het. By hul ontmoeting in 'n kroeg buite Las Vegas slaan sy hom so uit soos 'n kers met 'n iguana, en later in 'n verlate pondokkie stort hulle hul harte (ó.a) aan mekaar uit. *Baghdad Café* met seks. Baie goed.
LJP

****** FRANCESCO (ROLPRENTFEES)**
In Lilliana Cavani se tweede rolprent oor Sint Franciscus van Assisi vertolk Mickey Rourke die titelrol met oorweldigende passie en energie. Eietydse temas soos die kerk en die politiek, armoede, burokrasie en oorlog word ook onder die loep gebring. 'n Insiggewende kykie na 'n man se hartstog in sy soeke na God.
LJP

****** RITUALS (ROLPRENTFEES)**
Herbert Curiel se drama oor 'n antiheld se swerftog deur die lewe gee 'n intense blik op skynbaar doodgewone onderwerpe, en lewer met humor en/of buitengewone deernis 'n reeks persoonlike wedervaringe vir vertolking. Derek De Lint blink uit as die aantreklike nieteling wat met die ritueel van die lewe worstel.
LJP

***** FRUITS OF PASSION (ROLPRENTFEES)**
Die storie van 'n bordeel tydens die opstand in die Frans-beheerde Japan in die jare twintig. Europese dekadensie word met Oosterse verfyning vermeng in 'n ongewone seksuele metafoor, waarin obsessie en afguns met voyeuristiese dubbelsinnigheid benader word. Klaus Kinsky en Arielle Dombsle vertolk hoofrolle.
LJP

***** THE LAW OF DESIRE (ROLPRENTFEES)**
The Law of Desire - een van twee rolprente deur die Spaanse regisseur Pedro Almodovar op die fees - handel oor 'n broer en suster (wat eers twee broers was) se onderskeie beheptheid met en weersin in mans, en die intrige en hartstog wat daarmee gepaard gaan. 'Sexy, sleazy en gesofistikeerd.'
LJP

******* GOODFELLAS**
Dié prent was my Oscar-keuse vir beste prent, beste regisseur en beste draaiboek. 'n Martin Scorsese-prent is altyd 'n event. Sy jongste, ook 'n sosiologiese traktaat soos Mean Streets, is gegrond op Nicholas Pileggi se biografie van 'n New Yorkse gangster. As Henry Hill stof Ray Liotta vir Robert de Niro uit. Lorraine Bracco skitter as 'n verdrukte mob-vrou. Vol briljante tegniese truuks, intense emosionele tonele en galgehumor. As jy *Goodfellas* al een keer gesien het, gaan kyk hom maar gerus wéér.
AV

****** AVALON**
Berry Levinson se outobiografiese familie-sage is soos medisyne: dis goed vir jou, maar jy wil dit nie eintlik sluk nie. Dié skitterende draaiboekskrywer en regisseur skryf oor die verbrokkeling van die familie in die middel van die 20e eeu, oor die koms van die televisie en die verbruikers-era. *Avalon* is tegelyk uiters persoonlik en universeel. Dit vermy soetsappigheid en wys jou hoe die wêreld rêrig lyk. Die prent is baie meer Europees (lank, donker, uitdagend, emosioneel uitmergelend) as wat dit Amerikaans is. Moet dit nie misloop nie.
AV

****** GREEN CARD**
Gérard Depardieu se eerste Engelstalige rolprent. Na verneem word, kan dié Franse ster nie Engels praat nie en moes hy alles foneties leer! Hy speel George Faure, 'n Franse musikant wat 'n werk in Amerika aangebied word. Hy moet 'n werkpermit (groen kaart) kry en besluit om met 'n Amerikaanse burger te trou. Brontë Parrish (Andie McDowell), 'n boorling van New York, wil 'n woonstel huur wat slegs aan egpare verhuur word. Die twee gaan 'n gerieflikheidshuwelik aan, maar word weens 'n regeringsondersoek gedwing om 'n naweek saam deur te bring. Hulle stry oor alles van politiek tot koffiemaak voor hulle mekaar vind. Dis 'n romantiese komedie wat die beste van die Franse, die Amerikaanse en die Australiese rolprentwêreld bied (die regisseur is Peter Weir).
AV

****** REVERSAL OF FORTUNE**
Jeremy Irons verdien sy Oscar vir beste akteur in dié kil ontleding van die appèlsaak van Claus von Bulow nadat hy skuldig bevind is aan poging tot moord op sy vrou, Sonny. Soos *A Cry in the Dark*, ondersoek dié prent die verhoor van beskuldigdes deur die media. Gegrond op die boek wat Von Bulow se advokaat, Alan Dershowitz (gespeel deur Ron Silver), oor die saak geskryf het.
AV

****** MILLER'S CROSSING**
Wat die vervaardigers van *Batman* en *Dick Tracy* vergeefs probeer doen het, het die broers Coen met dié stemmingsvolle, swartgallige rampokkerprent reggekry. Hulle noem dit hulle "dirty town movie". Dis een van die bes geskrewe prente wat ek vanjaar gesien het. Die dialoog is saamgeflans uit die romans van Dashiell Hammett en film noir-prente van die jare dertig. Nie almal se koppie tee nie.
AV

****** AWAKENINGS**
'n Onvergeetlike rolprent oor die ontembaarheid van die menslike gees. 'n Dokter laat pasiënte wat dekades lank reeds "slaap" met die toediening van 'n dwelmmiddel "ontwaak". 'n Ware verhaal, met briljante vertolkings deur Robert de Niro en Robin Williams.
LP

****** CYRANO DE BERGERAC**
Uitmuntende hoge kuns wat toeganklik is vir die res van ons plebs. Gérard Depardieu lewer 'n kragtoer.
AV

***** THE GODFATHER III**
Die derde (en finale) deel van Francis Ford Coppola se *Godfather*-reeks voltooi die metafoor van die geleidelike korrupsie van die Amerikaanse Droom. Die hoogdrawende opera-styl wat in 1972 met die eerste prent so aangrypend was, doen in 1991 maar ouderwets aan. Hoewel Coppola sy meesterskap herbevestig, voeg hy niks nuuts by sy voortbouing op 'n stokou konsep nie.
AV

****** THE NASTY GIRL**
'n Duitse dorpie se Nazi-verlede word op 'n heel oorspronklike manier oopgevlek. 'n Skoolmeisie se soektog na die waarheid haal haar net konflik op die hals. Michael Verhoeven se regie spreek van hartstog en integriteit. Dié prent is vir 'n Oscar benoem.
AV

****** DANCES WITH WOLVES**
Wat kan 'n mens nou sê oor 'n prent wat sewe Oscars gewen het, behalwe dat dit duidelik is dat sentiment en causes meer gewig dra as artistieke meriete.
AV

****** THE MUSIC TEACHER**
Dié asembenemende Franse periodestuk is Romanties in die ware sin van die woord. Die skeppingsgees en die dood, albei versier met kant. 'n Middeljarige (getroude) musiekonderwyser besef die nuttelosheid van sy liefde vir sy talentvolle jong sangstudent. Hy nooi 'n straatsanger en deeltydse misdadiger na sy huis, waar hy sy natuurlike sangtalent ontwikkel. Sy op die oog af wrede metodes is uiteindelik lonend wanneer die twee studente hulle by 'n sangwedstryd in vyandige geselskap bevind.
AV

***** SILENCE OF THE LAMBS**
'n Riller oor die donker kant van die menslike psige. Jodie Foster is 'n ambisieuse FBI-kwekeling wat op die spoor is van 'n reeksmoordenaar. Anthony Hopkins is die briljante psigoanalitikus en sosiopaat wat haar moet help om hom vas te trek. Dis 'n spannende rolprent met uitmuntende toneelspel.
LP

****** IMPROMPTU**
Die komiese dog teer uitbeelding van die aanloop tot die liefdesverhouding tussen die boheemse skrywer George Sand en die sieklike Chopin (en is hy nie van piep aan mekaar gesit nie). Judy Davis is 'n vurige George Sand en Hugh Grant is die bleeksiel Chopin. Die dialoog is vreeslik poëties en die klankbaan natuurlik mooi komende van Liszt en Chopin. Bernadette Peters is briljant as die veraderlike vriendin. 'n Pragtige film.
LP

TEATER

JOHANNESBURG
BROEDERSTROOM DIARIES
Jeremy Taylor was nog nooit 'n wafferse akteur nie, maar kan hy 'n storie vertel! Sy vreemdsoortige staaltjies oor sy bure in Broederstroom tower 'n vermaaklike aand op. Die stories oor die klomp "wit terroriste" wat in die distrik geboer het, die kêrels by die Broederstroom-polisiekantoor, die vrou by die telefoon-sentrale en die man wat toe uiteindelik daarin geslaag het om water op sy erf raak te boor is snaaks, pittig en nie sonder politieke kommentaar nie. Dis nog tot môre-aand in die Mark se Upstairs-teater te sien. (011-832-1641).
AV

SHADOWLANDS
'n Mens kan seker nie met honderde teatergangers stry nie. Dié gewilde Britse televisie-stuk, wat as volwaardige toneelstuk herskryf is, is gegrond op die liefdesverhouding tussen die skrywer en akademikus CS Lewis en die Amerikaanse digteres Joy Davidman. Soetsappige tranetrekker.
AV

SKITS ARE THREE IN HERE
Mal en doller as dol. Die revue spreek netelige kwessies soos X-tra groot kondome, magarien, AWB poësie (rym dit?), die seksuele

u s e)

persoonlikhede van hoeners ens. ens. Die rolverdeling: Sean Higgs, Zane Meas, Liam Cundill en Linsay Orbach. Die regisseur Greg Melvill - Smith probeer beheer.
Maandae tot Vrydae om 8nm. Saterdae om 5.45 en 9nm.
LP

KAAPSTAD
AT THE EDGE
'n Kleurvolle blik op die lief en leed van die kontrakwerkers van Cato Manor net voordat dit wit verklaar is. 'n Deernisvolle en onweerstaanbare stuk met die briljante Pat Pillai. Die stuk het veel lof ingepalm by die Sechaba fees in Glasgow. Die spelleiding is waargeneem deur Ronnie Govender. Maandae tot Saterdae om 8nm. Little Teater, Baxter - kompleks. (021) 685 7880.

DEAR MRS STEYN
Die toneelstuk oor die lewe van Emily Hobhouse, die Engelse vrou wat haar ontferm het oor die vroue en kinders in die konsentrasiekampe. Die stuk het pas 'n baie suksesvolle Transvaalse seisoen agter die rug. Wilna Snyman die doyenne van ons teater, speel die hoofrol. Dit open aanstaande week in die konsertsaal van die Baxter.

KUNS

JOHANNESBURG
JOHANNESBURGSE KUNSMUSEUM
'n Middag van poësie, musiek en stories ten bate van die Alexandra kunssentrum begin dié Sondag om 3nm. Wally Serote, Gcina Mhlope en die saxofoon-solis Nttemi Piliso gaan optree. Navrae (011) 887-4278.
LP

PRETORIA
KUNSMUSEUM
Kontemporêre kunstenaars soos William Kentridge, Norman Catherine, Deborah Bell en Phillipa Hobbs se werke is te sien. Daar's ook 'n uitstalling van keramiekstukke met buitegewone stukke van Dirk Meerkotter, Esias Bosch en Tim Morrissen. (012-344 1807).
LP

KAAPSTAD
SA NASIONALE KUNSMUSEUM
Dié Sondag vanaf 10vm sal William Kentridge 'n filmwerkgroep lei. Deelnemers sal films vervaardig deur animasie tegnieke toe te pas. Die eindprodukte sal die daaropvolgende Sondag vertoon word. Plekbesprekings is noodsaaklik. Navrae (021) 45 1628.
LP

NATALE LABIA-MUSEUM
'n Tentoonstelling van Suid-Afrikaanse pottebakkers wie se werke in die Cullinan-keramiekfabriek in Olifantsfontein die lig gesien het. Die ateljee is al in 1925 deur twee vrouens gestig.
LP

MUSIEK

In Kippies word 'n huldeblyk aangebied aan 'n groot legende van Suid-Afrikaanse jazz, Victor Ndlazilwana. Dinsdae tot Sondae tot láát.

Not the Midnight Mass is terug! 'n A capella-vertoning wat 'n breë musiekspektrum omvat - van Bach tot Rock. Regie deur Gina Benjamin. Met Graham Weir, Christine Weir, en Alan Glass. Ziggies, Grantlaan, Norwood, Johannesburg. Navrae: (011) 614-7096.

Allen Kwela, die legendariese jazzkitaarspeler, speel Sondagaand by die Yard of Ale (oorkant die Markteater, Wolhuterstraat, Johannesburg). Die restaurant maak sy deure 7.30nm oop en toegang kos R5.

BOEKE

THE PIANO TEACHER
DEUR ELFRIEDE JELINEK
SERPENT'S TAIL (PRYS NIE VERMELD)

Die versmorende liefde van 'n ma vir haar dogter en die dogter se onvermoë om daaraan te ontsnap is die tema van dié boek. Die passiewe dogter bereik 'n soort vryheid of onaantasbaarheid deur die spel van afhanklikheid en selfvernedering te speel. Wenen, die stad van musiek, ontaard hier in 'n grou stad van liefdelose kopulasies, uiterste eensaamheid en brandarm immigrante. Die boek gaan wreed met menslike verhoudings om en is neerdrukkend. Die beskrywing van die masochistiese tonele is ontstellend en sal menige leser van stryk bring. Nietemin blyk dit duidelik dat Jelinek 'n briljante stilis en skepper van karakters is.
LAETITIA POPLE

NOSTRADAMUS - GISTER, VANDAG EN MORÊ
DEUR EBEN MEIRING
JL VAN SCHAIK, R24,95

In die heel eerste boek oor Nostradamus in Afrikaans gee Meiring 'n interessante (dog nie vernuwende) kykie na Nostradamus - die medikus, skeptiese rasionalis, mistikus, astroloog en siener, en sy profetiese 'Centuries'. Baie aandag word gewy aan sy betrekkinge met die kerk (amper asof om hom uit 'n Christelike perspektief te regverdig), asook aan agtergrond en vertolkings van sy werk. Dit bestaan basies uit drie hoofstukke oor die geskiedenis van Frankryk, die 20e eeu, die Midde-Ooste en die hoofstuk 'Profesie en Potpourri' (oor Suid-Afrika en algemene/duister profesieë). Nostradamus is 'n naslaanteks (kompleet met alfabetiese indeks) wat 'n goeie inleiding bied tot die lewe en werk van die siener - en sal duidelik groot byval vind by die onkundige leser.
LOUWRINS J POTGIETER

TV

BERKS EN DIE 'LAW'-MANNE
Dit is nie net die personeellede van McKenzie, Brackman, Chaney, Kuzak en Becker wat dié naweek gaan vuurmaak onder TV-kykers nie. (*LA Law* begin weer môreaand om 8:35nm. op TV1.) John Berks se *The John Berks Show* Donderdagaand om 8nm op M-Net het glo TV-aanbieders se wel en wee as sy onderwerp en die vervaardigers het al wat 'n goeie en/of bekende TV-aanbieder is, genader - insluitende dié wat by die SAUK werksaam is!

HANKS EN FIELD SE BESTE
Moenie *Punchline* Sondagaand om 8:30nm op M-Net misloop nie. Tom Hanks en Sally Field wys hier die ander sy van komediantwees; die harde werk wat snaakswees vereis en die ware betekenis van die holrug-geryde The Show Must Go On.
Op TV1 word die Afrikaanse *Laat vrugte* Sondagaand om 9:35nm weer gewys. Dié drama is gegrond op die verhaal van CM van den Heever en vir televisie verwerk deur Leon van Nierop. Koos Roets was die regisseur. Die storie speel hom af in die jare dertig op twee buurplase en gaan oor 'n gesin wat uitmekaar geskeur word deur 'n pa se misplaaste trots.

fynproe

NETTIE PIKEUR

Sardientjies op 'n ry

Dit het alles begin met sardientjies op roosterbrood. Bliksardiens, growwe goewermentbrood, 'n paar skyfies rou uie, 'n spatsel of twee Tabasco en suurlemoensap - en daar is jou middemagfees.
Die middagtafel word stil van verbasing en 'n paar monde trek skeef. Wat meer is, voeg ek kordaat by, 'n glasie yskoue droë sjerrie smaak nie sleg hierby nie.
Dit help niks nie. Ek kan sien hoe dink die mense: In Filistia is sy gebore en daar sal sy doodgaan.
Gelukkig spring die ridder Anthony aus England op sy hings en snel my te hulp. Ja, beaam hy, daar in die Noorde waar ons grootgeword het, was sardiens-on-toast 'n volle aandmaal, met 'n glas melk vir die kinders en tee vir die grootmense.
Toe begin ek weer wonder: Vir wat raak mense so neusoptrekkerig wanneer hulle 'n blik vis moet oopmaak? Selfs al hou hulle nie katte aan nie. Bliksardiens is van die heerlikste kossies op aarde, behoorlik gegeur met sout en peper en natuurlik suurlemoen, en in baie dele van Europa bring kelners die blikkie half-oopgemaak net so tafel toe, om te wys jy kry die beste gehalte, soos kaviaar.
Vars sardiens oor die kole gebraai is natuurlik harders se gelyke - maar niemand glo dit hier nie. In die ou dae, toe Brian Bowman die Metropole-hotel in Langstraat bestuur het, het jy die heerlikste varsgebraaide sardiens vir middagete op die stoep gekry. (Brian is nou saliger, wreed van ons weggeruk - saluut, Kameraad, ons mis jou steeds.)
Ons Portugese mense maak natuurlik sardiens besonder lekker gaar, en jy kan eintlik die hele ding, kop, ruggraat en al opeet as hy nie te groot is nie.
Ek gaan nie vandag uitwei oor die verskil tussen sardiens en pilchards en sardyne en dies meer nie. Vir mense wat fiemies het oor bliksardiens, gaan ontdooi daardie skaapboud. Maar as jy die tyd en die lus het, maak vir happies tussen drankies:

VISSMEER
Gooi in Magimix: Twee blikkies sardiens sonder tamatie (die olie half gedreineer), 'n halwe potjie maaskaas, glad of krummel, nes jy verkies, geursel soos Worcestersous, suurlemoensap, Tabasco of sojasous na smaak, asook 'n paar fyn skyfies vars uie, proe vir sout, en 'n bietjie pietersielie.
Meng goed tot glad en laat dit vir 2 uur in die yskas koud word. Die mense skep hul eie op Provita of ander beskuitjies.
Hier is 'n wonderlike resep vir smaaklike botter. Mense wil altyd weet wat jy met die botter gaan maak - hoekom het jy 'n rede nodig? Smeer die botter mooi dik op beskuitjies, of roosterbrood-driehoekies of onder skyfies tamatie vir lunch-in-die-verbygaan, soos wanneer julle verhuis. (Watch this space as julle rêrig aan die einde van die maand trek. Mies Pikeur het 'n wêreld se ondervinding oor hoe om jouself en jou familie te voer terwyl Pickfords julle messe en borde inpak en die stoof wegsteek.)
Ansjovis, wat ons ken as daardie smaaklike sout mootjies wat jy ook in blikkies koop, is wonderlike geursels. Ansjovis kry jy nie sommer maklik vars nie, maar die blikkies is 'n uiters handige standby. Hulle is duur - die een in my kas kos R3,35 vir 50g - maar hulle is so sout en visserig dat 'n mootjie of twee 'n hele gereg kan geur.
Alan Davidson, wat soos ek al voorheen gesê het, alles van vis weet, skryf in sy boek Mediterranean Seafood oor die heerlikste Provencaalse geregte wat met ansjovis gemaak word. Een hiervan is 'n wonderlike mengsel van visserige smake:

SALADE ANTIBIOSE
Jy gebruik eintlik oorskiet-vis hiervoor, dié wat geposjeer is, nie gebak nie, dus koop 'n halwe kilo en maak self.
Meng blokkies gaar vis met 'n lepelvol kapers (nog 'n handige ingemaakte geursel), snytjies ingelegde agurkie, blokkies vars komkommer, klein heel aartappeltjies, en 'n blikkievol ansjovis-repies, grof gekap.
Giet 'n slaaisous oor van olyfolie, met suurlemoen, sout en peper.
Ek gaan nie hier oor Salad Nicoise tekere gaan nie, want niemand luister nie - maar nooit ooit bestel ek dié slaai weer in 'n restaurant nie. Hierdie slaai word korrek gemaak met uie, tamatie, soetrissie, seldery, olywe, hardgekookte eiers, geblikte tuna, groenbone en ansjovis en niks, glad geen groen blare nie.
Haal daardie groen blare uit die simpel bakkie wat jou restauranteur vir jou voorsit, en kyk hoe lyk sy slaai dan. VL

TAKHARE VIR VREDE SÊ

As die kat weg is, is die muis bitter

BLESKOPPE TEEN APARTHEID SÊ

'n Ryk is besig om te verkrummel



THE SIMPSONS. EVERY MONDAY NIGHT. 7.15 PM.

Who could be funnier than the Cosby bunch? The Simpsons, of course. Except that funny is not all they are.

Look at young Bart. Basically a good kid with a few bad ideas. Spike haircut, as cool as a kid can be while still in short pants. The original rebel without a clue.

Then there's Homer, devoted husband and dad. Works as a safety inspector at the local nuclear power plant. More like his son than either of them would care to admit.

Marge Simpson. Most distinctive feature: her enormous bouffant hairstyle, complete with blue rinse. Does her best to maintain peace in the house. Not always successful.

Young Lisa Simpson. Misunderstood and underrated, the soft-spoken family genius.

And the infant of the family, Maggie. Communicates through sign language and sucking on her ever-present dummy. (Fast means nervous, slow content.)

They're weird... wonderful... bickering... hysterically funny. They're the Simpsons. And they're for you. See them first. On Bop.

BOP TELEVISION

FOR THE PRIVILEGED FEW

50004